Salmonberries, 36. Jung 26/27

MOVIES **ART** BOEKE **OPERA** PEOPLE **FOOD** MUSIEK

# VWB

*Vrye* **Weekblad**

Nº 183

17 - 23 JULIE 1992

R3,00 (BTW INGESLUIT)



NORMAN CATHRINE'S RED RUBBER MAN, 1990 OIL ON CANVAS

## the state of our arts

## die stand van ons kunste

**Operation Thunderstorm:**
Top level destabilisation programme exposed

**Die ANC en die NP:**
so naby, en tog so ver

**Wit-op-wit-geweld:**
Steve Hofmeyr, Jeanne Goosen en die kritikus


# INHOUD N° 183

**5 & 6 Die regering en die ANC** is besig om voetjie vir voetjie terug te beweeg na 'n klimaat van onderhandeling, maar die dooiepunt is ver van opgelos



**9 - 11 Endangered - the united, non-racial SA:** In a frank interview SACP General Secretary Chris Hani admits that the ANC is in a weaker position than the Government and that mass action is a strategy of the powerless

**22 & 23 Alle paaie lei na Maclear en Elandshoogte** - Verder en verder van die teerpaaie, dorpe en mislukte Kodesas af, het Pearlie Joubert in die Drakensberge beland en 'n dag of wat in die son gesit



**29 - 32 KunsArtKunsArt** - Spesiale verslag/Special Report: Tussen die staat en die struggle val die skaduwee, but let's indulge in culture anyway. The first in a series on art and culture.

## VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR

Ons het dié week besluit om 'n slag van die alewige politiek weg te stuur en ons hooffokus die kunste te maak. Ons voel al lankal dat die kunste en kultuur en ander aspekte van die nasionale lewe soos die omgewing afgeskeep word met ons oorweldigende obsessie oor ras en kleur. Kunsredakteur Andrea Vinassa is een van die skerpste skrywers oor dié onderwerp, en medewerker Kathy Berman is pas terug van Grahamstad, een van die beste barometers sover dit die skeppende kunste aanbetref. Andrea en Kathy en ander medewerkers gaan in die weke wat kom die verskillende aspekte van kuns en kultuur van nader bekyk, soos byvoorbeeld die toekoms van opera, teater, buitelandse befondsing, die toekoms van die verskillende streeksrade, ens.

Ons is besig om aan twee temastories te werk waarvoor lesers gerus moet uitkyk. Na aanleiding van sendeling Attie van Niekerk se omstrede boek "Saam in Afrika" wil ons die vraag vra: Wat soek witmense in Afrika? Kan wit Suid-Afrikaners - en veral Afrikaanssprekendes - régtig ook Afrikane wees?

Die ander storie is 'n breë kyk - lig en swaar, snaaks en ernstig - na elke aspek van ons hoofstad, Pretoria. (Ons wil sommer ook die snorre, grys skoene en safaripakke tel.)

### AKTUEEL
7 Operation Thunder Storm: FW de Klerk's very own plot to destabilise the ANC?
13 Goldstone: die misverstaande regter

### INTERNASIONAAL
18 Religion in Japan
19 Arabiese vroue mik na die politiek

### MENSE
15 Die storie van argivaris Riek van Rensburg se reis
17 Tony Yengeni praat met Christelle Terreblanche
20 Down at the dumps: People are living there

### OMGEWING
24 Plutonium: die feite

### BOEKE
26 Ryk Hattingh bespreek 'n paar Jungiaanse tekste

### RUBRIEKE EN MENINGS
4 Briewe van ons lesers
12 Bittergal
25 Groenpraatjies: Take a walk on the LITE side
28 Christi speel POP
33 Elmari Rautenbach oor dié week se TV
34 Plant 'n boom & Nettie Pikeur
35 Fanie Olivier gesels & Tim Sandham se Sportrubriek

### KUNS EN VERMAAK
36 Salmonberries het Andrea Vinassa (rêrig) betower
37 Henning Viljoen sê dis maar 'n lammerige Lucia

### GIDSE
38 Watter movie wys waar
40 Vrye Keuse

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).

**WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:**
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
**POSADRES:** Posbus 177, Newtown 2113.
**TELEFOON:** (011) 836-2151
**FAKS:** 838- 5901.

**KAAPSTAD-KANTOOR** (021) 47 8819,
**PRETORIA-KANTOOR** (012) 83-4879.

**REDAKTEUR:** Max du Preez
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** Andrea Vinassa, Ina van der Linde, Ivor Powell
**SUB-REDAKTEUR:** Ryk Hattingh
**KOPIEREDAKTEUR:** Johannes Bruwer
**KULTURELE MEDEWERKER:** Kathy Berman
**ONTWERP:** Anton Sassenberg
**KAAPSE KANTOOR:** Christelle Terreblanche
**VERSLAGGEWERS:** Pearlie Joubert, Esma Anderson, Lucky Khuzwayo
**REDAKSIE-ASSISTENT:** Christi van der Westhuizen
**FOTOGRAAF:** Sarah Prall

**FINANSIËLE BESTUURDER:** Mark Beare
**BESTUURDER (BEMARKING EN ADVERTENSIES):** Lille van der Walt
**ASSISTENT FINANSIËLE BESTUURDER:** Louwrins Potgieter
**ONTVANGS:** Irene Zulu
**KANTOOR-ASSISTENTE:** Joseph Moetasi, Vernon Zulu

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.
Vrye Weekblad kos R3,00 (BTW ingesluit). Dit kos R110 (BTW en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R60 (BTW ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopsbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Lille van der Walt of Irene Zulu by (011) 836-2151.

# so sê hulle

"We wanted young blood, we wanted a woman on the board and we wanted an Indian too."
The Natal Administrator, **Con Botha**, *on the controversy surrounding the conservationist, Ian Player, who was kicked out of the Natal Parks Board allegedly because of his opposition to the St Lucia mining*

"Konflik is heeltemàl onnodig. Ons land kan alle redelike doelwitte deur vreedsame onderhandelinge bereik."
**President FW de Klerk**

"If someone calls me up and says their toaster is talking to them, I don't refer them to professional help; I say, 'Put the toaster on the phone'."
*The managing editor of the outlandish US Weekly World News, on the finer points of tabloid journalism*

"Dit is jammer dat ons as leiers in Suid-Afrika nie 'n oplossing vir ons probleme kan vind nie. Dit is 'n veroordeling van die volle leierskap in Suid-Afrika."
**Nelson Mandela**, *president van die ANC, oor sy organisasie se versoek aan die Veiligheidsraad van die VVO om 'n moniteringspan na Suid-Afrika te stuur*

"Dit lyk of dit Umkhonto we Sizwe se beleid is om op die agtergrond te bly. Die IVP het egter 'n openlik militante en aggressiewe houding.
**Deane Yates**, *'n lekeprediker van die Anglikaanse Kerk en 'n lid van die Tussentydse Krisiskomitee in Alexandra, aan die Goldstone-Kommissie*

"The word 'National' is attractive, but, Frene skat, how can I join the ANC now when I once promised dr Hendrik Verwoerd that I would one day be around in order to switch off the lights at the Voortrekker Monument."
**Pieter Dirk Uys** *in a letter to Frene Ginwala, deputy head of the Women's Emanicipation Commission of the ANC, about joining the ANC*




Derek Bauer in die *Saturday Star*

# het jy geweet

Suid-Afrika beslaan vier persent van Afrika, huisves net meer as vyf persent van die vasteland se bevolking, maar voorsien meer as die helfte van die elektrisiteit wat op die vasteland opgewek word. Steenkool is die vernaamste brandstof wat vir elektrisiteitsvoorsiening gebruik word - sowat 90 persent van Eskom se krag in 1990 het van 17 steenkool-kragstasies gekom. Eskom bedryf ook een kernkragstasie (Koeberg), 2 hidro-elektriese kragstasies, twee pompbergingstelsels en drie kragstasies wat met gasturbines werk. Eskom kan 35 673 Mega Watt opwek.



## VRYDAGOGGEND MET MAX DU PREEZ

# leer uit dié ou stories

**DIE** stories wat die ou Egiptenare en Grieke vertel het, was hulle manier om sonder wetenskap en formele godsdiens die wêreld om hulle te verklaar.

Duisende jare later is dié stories nog van groot waarde, en heelwat van die moderne filosofie en selfs godsdiens is daarop gebaseer.

In elkeen van die stories of "mythos", soos die Grieke dit genoem het, is daar ook iets vir ons in Suid-Afrika om te leer - ook in die politiek. Hier is 'n paar - en werk maar vir jouself uit wat dit vir ons kan beteken.

**LANK, LANK GELEDE** was daar twee gode, Prometheus en Epimetheus. Hulle was Titane, maar Prometheus was 'n man van groot insig (sy naam beteken "dink vooruit") en toe daar oorlog tussen die Titane en die Olimpiërs uitbreek en hy reken die Olimpiërs gaan wen, toe hol hy en sy broer oor na die ander kant toe en word gespaar.

Na die oorlog sê die god Zeus toe vir Prometheus om mense te maak - gewone sterflinge. Zeus en die Olimpiërs was nie beïndruk met die maaksels nie, maar Prometheus het sy bes gedoen om die sterflinge te help.

Op 'n dag is Zeus 'n bietjie beneuk en besluit om 'n vloed te stuur om die mense uit te wis. Maar Prometheus het die ding sien kom en een van sy skepsele, Deucalion, vooraf gewaarsku. Deucalion het gou 'n skip aanmekaar getimmer en saam met sy vrou, Pyrrha, ontkom.

Dit was 'n groot slag vir die mensdom, en die Olimpiërs het boonop belang verloor en die arme sterflinge in barbarisme en swaarkry laat verval. Net die goeie Prometheus het nog omgegee, en die mense 'n hele paar truuks geleer om beter te lewe. So het hy byvoorbeeld vuur van die son gesteel en die mense geleer hoe om dit te gebruik.

**TOE ZEUS DIÉ** dinge agterkom, was hy eers knorrig. Om wraak te neem, maak hy toe die mooiste vrou vir wie die gode geskenke gegee het soos intelligensie, grasie en 'n wonderlike stem. Haar naam was Pandora, en sy is aan Epimetheus as vrou aangebied. Prometheus het sy broer teen haar gewaarsku, maar sy was te mooi vir Epimetheus om nee te sê.

Saam met Pandora kry Epimetheus toe 'n besonderse houtkassie, met die waarskuwing dat Pandora dit nooit mag oopmaak nie.

Ook maar mens, maak sy natuurlik die mooie kassie by die eerste geleentheid oop.

En daar vlieg al die geeste van ouderdom, treurigheid, konflik, hongersnood en siekte uit die kassie en val die hele mensdom aan.

Maar onder-in die kassie het daar een ding oorgebly: hoop. En ondanks al die ellendes wat die mensdom weer oorval het, was dit dié hoop wat hulle aan die lewe gehou het.

Diesefde Zeus se gunsteling-seun se naam was Tantalus. Hy was ook gewild by die ander gode, en was selfs toegelaat om saam met die gode partytjie te hou en saam met hulle te eet en te drink.

Al dié voortrekkery het Tantalus windgat gemaak. Hy het gespog oor sy vriendskap met die gode en selfs van die gode se kos saam met hom aarde toe gevat.

Zeus was nie geïmponeer nie. Inteendeel. Hy het nie net vir Tantalus doodgeslaan nie, maar hom verdoem tot 'n spesiale soort marteling in die Onderwêreld.

Tantalus moes tot by sy nek in die heerlikste soet water staan met sappige, ryp vrugte wat voor sy neus hang. Maar elke keer as hy buk om van die water te drink, dan sak dit weg. Sodra hy opstaan, styg die water weer. Elke keer as hy na die vrugte reik, waai die wind dit buite sy bereik.

Tantalus het vir ewig daar gestaan en honger en dors ly met water en kos reg onder sy neus.

**DAN IS DAAR DIE** storie van Gordius en sy seun Midas. Gordius het op 'n dag met 'n ossewa deur Phrygië gery, en is onmiddellik tot koning verklaar omdat die burgers deur 'n orakel ingelig is dat die eerste man met só 'n voertuig in die dorp die nuwe koning sal wees.

Gordius het ewe tevrede van sy ossewa afgeklim, en die leisels van die ossewa met 'n baie ingewikkelde knoop aan die wa vasgemaak. Die man wat dié knoop kan losmaak, het hy verklaar, sal die hele Asië verower. Natuurlik het baie probeer, maar niemand het dit reggekry nie.

Tot Alexander die Grote daar aangekom het. Hy het die knoop net so gekyk en nie eens probeer om dit los te maak nie. Hy het doodeenvoudig sy swaard uitgetrek en kalmpies die knoop losgesny. En daarna natuurlik die hele Asië verower.

Koning Gordius se seun, Midas, het goed gelewe en gou self baie ryk geword. Maar dit was nooit genoeg vir hom nie. Hy het vroeër die god Dionysus 'n guns gedoen, en vra toe vir Dionysus om hom die gawe te gee dat alles waaraan hy raak, in goud verander. En toe is dit so.

Sjoe, en was die man ryk! Alles waaraan hy geraak het, het in goud verander. Sy paleis was goud, sy meubels was goud, sy bed was goud, sy klere was goud.

Maar nie lank nie, of Midas sê nee, magtag, alles lyk dan dieselfde. Dis mos vervelig!

Maar dit was nog niks. Toe hy aan sy kos vat om dit te eet, toe word dit goud. Toe hy sy wyn wou drink, toe word dit goud. En toe begin hy tussen al die weelde honger ly.

Sy dogter, appel van sy oog, kry hom to só jammer dat sy na hom hardloop en hom omhels om hom te troos. En toe verander sy in goud.

Uiteindelik moes Midas vir Dionysus gaan smeek om sy wonderlike gawe weer van hom weg te vat...

# BRIEWE

BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE GENIET VOORKEUR.
Rig briewe aan: Die Brieweredakteur VWB Posbus 177 Newtown 2113

## ONS DROOM NIE MEER NIE

**Matt David, sy vrou en hul toekomstige kinders skryf 'n ope brief aan FW de Klerk, Nelson Mandela en hoofman Mangosuthu Buthelezi:**

Ek is 'n jong blanke Suid-Afrikaner wat grootgeword het met geloof in God en die regering. Ek het nooit getwyfel aan my leiers nie, altyd ja of nasionaal gestem by verkiesings (daar was nie eintlik alternatiewe op die platteland nie) en die geloofsbelydenis, as dit van die gemeente verwag was, hardop saam gepraat. Kortom, nooit gewetensprobleme gehad nie. Intussen het ek 'n vrou en 'n kind gekry, en ons het reeds begin droom oor hoe gelukkig ons kinders ons gaan maak as ons eendag oud is. Ons gaan op 'n plot bly, ver van besoedeling en misdadigers af, 'n koei en 'n paar hoenders aanhou, en net gelukkig wees.

Soos dinge op die oomblik lyk, moet ons maar vergeet van die drome, en eerder 'n helse hoë muur om ons huis bou. Die president sê: "Kom ons praat". Mandela sê: "OK, maar..." En niemand steur hom eintlik aan Buthelezi nie. Vannag brand die huise en mense weer, en aan die einde van die dag is die hele ding maar net 'n speletjie, met ons gewone mense - die maklik vervangbare pionne - wat aan die kortste end trek.

Ek is banger vir die polisie en veiligheidsmagte as vir die comrades en impi's. As die comrades of impi's jou vat, het jou ma darem nog 'n lyk om oor te huil, maar as die Boere jou vat... Die polisie en veiligheismagte pas my en my gesin kamstig op, maar doen meer kwaad as goed - waar het jy gesien jy gee 'n kind van 20 'n geweer of pistool, en die keuse om dood te maak of nie? Nie eens 'n regter, wat jare se studie en ondervinding het, maak uit die vuis uit so 'n keuse nie, en hier kom die klein snotkop, en hy moet besluit... Dit is mos die formule vir chaos?

Julle is veronderstel om mense te laat voel dat die toekoms en hulle drome verwerklik gaan word. Ek dink nie julle weet wat julle doen nie. Ons droom al hoe minder oor die toekoms.

### en dié gevryery

**Martin J Venter van Verwoerdburg skryf:**

Dit is vir my werklik treffend hoe VWB na die ANC vry: Die berigte en omtrent alle inligting wat weergegee word, pas volmaak in die ANC se kraal. Alles wat verkeerd loop, is klaarblyklik pres FW de Klerk en die regering se skuld. 'n Mens hoef nie eens verder as die artikel oor Boipatong, "Is De Klerk dan blind", en die redaksionele kommentaar te kyk nie (VWB 26 Junie - 2 Julie).

Die volgende vrae kom nou by my op: Wat se munt sal die regering nou slaan uit opstande, massaslagtings, ens? Wat se goed kan dit hom in die sak bring? Die regering is immers meer verantwoordelik in veral die ekonomiese opsig. Hulle besef dat al die opstande en sogenaamde "massa aksies" 'n land se ekonomie moor.

Die ANC is egter só magsbehep dat hulle enigiets sal doen om mag te kry, al is dit om hul eie verdrukte mense nog swaarder te laat kry.

Dié is tog logiese feite. Skok die ANC se standpunte oor sport - deur dit as afdreigmiddel te gebruik om onskuldige sportmense geleenthede te ontneem - VWB dan nie? Ek hoop nie VWB se steun aan die ANC is 'n soort "goedpraat-aksie" (beloning) van ANC-optrede weens die sondes van apartheid (wat almal van ons erken 'n groot fout was) nie.

Dit sou dan slegs destruktief wees met absoluut geen opbouende, konkrete resultate nie.



### jay "lucifer" naidoo

**Engel van Roodepoort skryf:**

Na aanleiding van die hoofopskrif van *Beeld* (30 Junie), "Ons sal julle saam hel toe vat", wil ek graag my weergawe van 'n skets wat ek gemaak het van Jay Naidoo of liewers "Lucifer" Naidoo aan VWB stuur.

Ek hoop julle kan dit publiseer, sodat alle kleurgroepe in dié dierbare land van ons die "profeet uit die hel" kan identifiseer as deel van die antichris.

### verkeerde prekie

**Johann Potgieter van Robertson skryf:**

Na aanleiding van Elmari Rautenbach se soveelste geradbraakte uitspraak oor *The Game* ("Broer Matie preek 'n Prekie", VWB 10 - 16 Junie) die volgende:

Toe nou. Dit was g'n prekie oor "hoe wit en bruin en swart mekaar in dié land nodig het" nie. Dit was 'n prekie oor hoe 'n mens wit ongeskiktheid van jou kan afskud, of dit nou by die agterdeur is of op die rugbyveld. Luister beter.

(Die prekie, terloops, sou baie bekend geklink het vir Errol Tobias van Caledon. Dis 'n verbatim-herhaling van sy storie oor hoekom hy 'n Springbok geword het, eerder as ander met meer talent. Ek het net kommas en punte ingesit.)

En wat, ook terloops, het dit met die beoordeling van 'n TV-reeks in 1992 te doen dat 'n akteur wat daarin verskyn donkiejare gelede 'n rol gehad het in Jans Rautenbach-familie se rolprent *Broer Matie*? Miskien moet 'n mens dié klas van resensie liewers soggens skryf, as mens eers weer gerus het.

### clean sweep

**AM Scott of Parklands writes:**

May I congratulate Max du Preez on his excellent leader on FW.

In his closing paragraph, however, why the statement "ons het De Klerk nodig"? There are so many of greater stature who could serve as a draw card for unity. A clean sweep is what is needed.

We need an injection of fresh blood.

*(Letter shortened - Ed)*

### real insight

**Jenny Thompson of Wellington writes:**

When I read VWB for the first time I was assured that there is support for people who think differently: like those who don't accuse other countries of also being racialist and those who can't understand why the Africans burn down their schools.

There is so much I can relate to in VWB as a conditioned liberal South African (only foreigners can be classified as true liberal South Africans). I wish there were more South Africans who would be prepared to discover the other side of the coin, but then being politically aware can be dangerous living in South Africa, because we get hurt and frustrated.

There should be more South Africans reading VWB and understanding it. Referring to Hermien Basson's letter (VWB 26 June - 2 July): It seems like she has been a victim of 44 years of NP propaganda through the media she reads and prefers to turn a blind eye to the true colours revealed by VWB. I would also ask those appalled "dat daar geen Christelike maatstawwe van VWB verwag kan word nie", if they are also appalled that human rights is non-existent in South Africa. If they are not, we can classify them as being part of the most racist, hypocritical nation ever.

I want to thank VWB for being so ahead of time and exposing so many South Africans to real insight.

### paal in die speke

**Ans Brand, sameroepster van die Sonop-gebedskringetjie, van Sunnyside skryf:**

Ons het Sondagaand (21 Junie 1992) weer eens tot die diepe besef gekom van die Christelik-Nasionale karakter van ons politieke herders. Die oproep tot 'n intensifisering van ons nasionale gebedslewe het tot ons binneste dieptes gepenetreer. (Vroeër dieselfde week het ons met skok en leedwese verneem - by monde van 'n Afrikaanse weekblad wat 'n handperd is van die ANC-SAKP-Cosatu-alliansie - dat 'n sekere minister buite-egtelik ingegaan het by hoererende vroue in Johannesburg.) Klinies ontleed en geanaliseer is dit 'n deursigtige poging om 'n paal in die speke van die inisiatiewe van ons vrede-soekende, onderhandelende, verbruikersvriendelike regering te steek. Ons wil hiermee 'n beroep doen op alle Afrikaner-Nasionaal Christelike mede-gelowiges om op die knieë te bly en die aandag toe te spits op dié wat onderhandel.

Soos bevestig deur die betrokke minister, kan net 'n orale bestorming van die Goue Poort die Afrikaner nog red.

### vroue kan hul man staan

**DT Roux van Roodepoort skryf:**

Hoewel ek na bewering sowat 60 jaar meer lewenservaring behoort te hê as D Roux van Mowbray (VWB Briewe 12-18 Junie) kan ek nie bra fout vind met sy menings nie. Ek is egter gebore toe vroue nog nie hul enkels gewys het nie (maar wel busseltjies gedra het om die aandag op hulle boudjies te vestig.) Nie so baie lank tevore nie het vroue hoepelrokke gedra om die onderdeel van hul liggaam tot op die grond te bedek terwyl die benadrukte, byna kaal borste niks aan die verbeelding oorgelaat het nie.

In die jare twintig is die borste weer so platgedruk en die hare so kort geknip dat mens twee keer sou moes kyk waarmee jy eintlik te doen het, maar gelukkig het die lang bene wat onder die (destyds skandalige) kort rokkie uitgesteek het, geen twyfel gelaat nie.

Ek meen dis CJ Langenhoven wat sowat 60 jaar gelede gesê het: Klere maak die man en wys hoe die vrou gemaak is - en dit terwyl die bikini en die mini ons eers baie jare later kom treiter het.

Is dit nou mans wat die vroue tot daardie wisselende modegrille verplig het? Ek hét al die argument gehoor dat mans die skepper van nuwe vrouemodes is (wat die vroue dan dwing om hul skeppings te aanvaar?)


Daardie een glo ek nie. In my tagtig jaar het ek 'n hele paar vroue leer ken en nie baie van hulle het hulle teen hul sin deur mans aan neusringe laat lei nie. (In die praktiese lewe is dit bulle wat aan neusringe gelei word.)

Nee wat, D Roux van Mowbray, as jy dit nog nie agtergekom het nie, sal jy gou agterkom dat onse vroue nie bra voorvegters nodig het nie. Hulle doen hul dinge op hul eie, redelik doeltreffende manier - hetsy plus of minus.

Toe die Britse suffragettes verkies het om hulself te verongeluk ten einde stemreg te kry, het hulle hoog en laag gesweer dat as hulle stemreg kry, hul seuns nie weer oorlog toe sal gaan nie. Hulle het die stemreg gekry en toe breek die moorddadigste van alle oorloë uit. Het daardie vroue toe geprobeer om hul seuns tuis te hou? In Switserland, die enigste Europese land wat uit die Tweede Wêreldoorlog kon bly, het vroue toe nog nie stemreg gehad nie.

Dit is baie duidelik dat die voortplanting van die spesie die natuur se doel met die vrou is. Die man is slegs 'n bykomstigheid in die proses - en nie eens 'n baie noodsaaklike bykomstigheid nie, soos deur verskeie ander spesies bewys word. Ons mans hoef ons dus glad nie so hoog aan te slaan nie: as die natuur dit nodig ag, kan hy (of sy?) baie maklik sonder ons klaarkom.


Dus, D Roux, moenie ons vakante vrou met haar borste en bene onderskat nie. Sy het haar eie, doeltreffende manier van doen.




### is dit nou nodig?

**AA Truter van Welkom skryf:**

Ek vind u voorblad van 3-9 Julie weersinwekkend en vulgêr. Ek is 'n gereelde leser van u tydskrif, maar is dit nodig om tot sulke skoktaktieke oor te gaan?



DIE KAARTSPEL RAAK AL GEVAARLIKER... (KLEIBEELDE DEUR TINUS HORN)

# so naby, en tog so ver...

**Hou julle asems op, sê HENNIE SERFONTEIN, dit lyk of dinge nog kan regkom en ons politieke leiers voor die einde van die jaar dalk weer om 'n tafel gaan sit. Maar die pad is lank en swaar, want selfs die regering se daadwerklike stappe dié week het nie daarin geslaag om die dooiepunt met die ANC en sy mass action te ontlont en die beplande nasionale staking af te weer nie**

DIE internasionalisering van die Suid-Afrika-kwessie vandeesweek by die VVO - en die onpartydigheid wat daar deur die belangrikste moondhede en Afrika-state getoon is - kan 'n groot rol speel om die twee groot akteurs in die Suid-Afrikaanse drama nader aan mekaar te dwing.

Enersyds is die boodskap aan die regering klokhelder: nou moet julle die veiligheidsmagte hokslaan, iets daadwerkliks aan die geweld doen en 'n gebaar maak wat dit vir die ANC moontlik gaan maak om na die onderhandelingstafel terug te keer.

Andersyds is daar nuwe druk op die ANC wat sê: moenie te ver en te hard druk nie, hokaai nou met massa-aksie, en wees meer ontvanklik vir toenadering van die kant van die regering.

Daar is aanduidinge dat sowel die regering as die ANC nou besef dat die tyd vir kompromisse aangebreek het.

Die regering se stappe rakende die geweld soos die afskaffing van 32 Bataljon en Koevoet was wel deels gemik op die sitting van die

Veiligheidsraad, maar in wese was elkeen van dié stappe 'n regstreekse toegewing aan die ANC-eise.

Maar, en dit het die ANC ook gesê, dit was nie genoeg om die trein weer op die spoor te bring nie en betreffende die geweldsproblematiek was dit ook te min van 'n plan, te verbeeldingloos.

Die nasionale politieke klimaat gaan in die volgende weke sterk beïnvloed word deur wat buite die partypolitiek met die onderhandelinge tussen Cosatu en Saccola, die sambreel-organisasie van die werkgewers, bereik word.

Dié twee is tans in onderhandelings gewikkel om die krisis te probeer besweer en om veral die beplande nasionale staking af te skaal tot slegs 'n een dag wegbly-aksie.

Dié doelwit sal bereik kan word indien Saccola en die kerke, saam met die vakbonde, tot 'n gesamentlike aksie-plan om demokrasie en vrede te bevorder, kan ooreenkom. Jay Naidoo, die algemene sekretaris van Cosatu, het reeds te kenne gegee dat die vakbonde bereid sou wees om dié groot toegewing te maak indien veral die sakelui hulle tot só 'n gesamentlike program van aksie verbind.

Dit is ook 'n weerspieëling van diepe onsekerheid binne Cosatu-geledere of hulle wel in staat is om 'n suksesvolle staking van sewe dae deur te voer.

**OOK VALLI MOOSA, LID** van die nasionale werkskomitee (NWC) van die ANC wat ook in beheer van die onderhandelingdepartement van die ANC is, bevestig aan VWB dat indien die burgerlike samelewing só 'n historiese ooreenkoms bereik, die ANC beslis dan ook hul driedaagse nasionale staking sal heroorweeg. (Sien onderhoud langsaan).

Saccola en Cosatu ontmoet vandag (Vrydag) om 'n gesamentlike program van aksie te finaliseer. Daar bestaan 'n groot sensitiwiteit by sommige van die geaffilieerde organisasies van Saccola om nie as 'n rubber-stempel van die ANC beskou te word nie. Bobby Godsell van Saccola sê indien só 'n ooreenkoms ondersteuning vir die ANC se program van aksie sou beteken, Saccola beslis nie bereid is om 'n eensydige politieke rol te speel nie. Hy het bygevoeg dat hulle wel bereid sou wees om in die openbaar beginsels van vrede, demokrasie en die onderhandelingproses te ondersteun.

Mense wat nou gemoeid is by die poging om só 'n ooreenkoms tussen die kerke, sakelui en vakbonde te probeer bereik, sê dat daar in die volgende weke drie belangrike dae is wat kan bydra om die dooie punt in die onderhandeling-dispuut te ontlont:

- Op Donderdag 30 Julie hou die Nasionale Vredesberaad 'n byeenkoms van al die leiers wat die vredesooreenkoms onderteken het. Mangosuthu Buthelezi, FW de Klerk en Nelson Mandela sal beslis al drie teenwoordig wees.
- Op Saterdag 1 Augustus word 'n vredesbyeenkoms beplan waar die kerke, sake-organisasies en vakbonde op 'n bepaalde wyse hulle tot gesamentlike beginsels oor die onderhandelingproses sal verbind.
- Maandag 3 Augustus is die eerste dag van die beplande nasionale staking. Sou bogenoemde ooreenkomste bereik word, kan dit ingevolge 'n Cosatu-Saccola-ooreenkoms slegs tot 'n wegbly-aksie van een dag beperk word. Die moontlikheid bestaan dat sakelui hul werkgewers mag afgee om aan vredesoptogte te kan deelneem. Daar word ook gevra of De Klerk, soos tydens die Boipatong-begrafnis, tot versoening kan bydra deur 'n oproep ter ondersteuning van dié dag te doen.

**DIT IS DUIDELIK** dat die ANC-alliansie die feit dat die sake-gemeenskap vir die eerste maal in die geskiedenis bereid is - al is dit hoe teësinnig - om hul tot sodanige aksies te verbind en sodoende druk op die regering te plaas om 'n terugkeer na die onderhandelingstafel moontlik te maak, as 'n uiters belangrike politieke deurbraak beskou.

Kehla Shubane, akademikus van die Sentrum vir Beleidstudies aan die Universiteit van die Witwatersrand, sê dit is 'n belangrike ontwikkeling, veral as 'n mens in ag neem dat die sakegemeenskap tot dusver skerp krities was oor die ekonomiese beleid van die ANC. "Of hulle daarvan hou of nie, beteken dit in die praktyk dat hulle hul gewig agter die ANC-eise ingooi deurdat hulle sodoende druk op die regering sal uitoefen.

"Ook is dit van die ANC-kant belangrik omdat die blanke gemeenskap tot dusver as 'n hegte eenheid gesien is wat dit bitter opponeer. Nou is daar 'n kraak in die alliansie wat die NP tradisioneel ondersteun het."

Ron Steele, 'n predikant en segspersoon van die Rhema-kerk wat agter die skerms by die samesprekinge betrokke is, sê as Cosatu sou toestem tot 'n wegbly-aksie van slegs een dag, dit 'n groot morele oorwinning veral vir Jay Naidoo sou wees. "Hy het die beeld van 'n vuurvreter, maar daardeur sal hy hom en sy organisasie as verantwoordelike pragmatiste bewys."

Die skerp veroordeling deur Nelson Mandela dié week by die Veiligheidsraad waar hy na die regering se "kriminele bedoeling" en die koelbloedige strategie van staatsterreur verwys het, bevestig dat die breuk tussen die ANC en NP nog net so diep en groot as vantevore is.

Die NWC van die ANC beskuldig die regering daarvan dat die De Klerk-verklaring die ernstige krisis waarin die land verkeer, trivialiseer. In hul verklaring bevraagteken die NWC die praktiese implementering van De Klerk se onderneming om die omstrede 31 en 32-Bataljonne van die weermag en Koevoet te ontbind en om die geweld in die hostelle stop te sit. Daar is 'n gebrek aan dringendheid in sy aankondiging, sê die NWC.

Die hele doel daarvan was slegs om "ammunisie" aan Pik Botha, die minster van Buitelandse Sake, te verskaf voor die aanvang van die Veiligheidsraad-debat oor Suid-Afrika.

**'N SENIOR REGERINGBRON** bevestig dié week aan VWB dat die hoofdoel van die regeringstrategie was om enige skade en nadeel vir die regering by die VVO te verminder. "Daar het dit hoofsaaklik om geweld en nie oor onderhandelinge gegaan nie," sê hy.

Die regering is tevrede met die "ewewigtigheid" van die benadering van die permanente lede van die Veiligheidsraad. Die stuur van 'n spesiale verteenwoordiger van die sekretaris-generaal na Suid-Afrika om maatreëls om die geweld te bekamp te ondersoek, sodat onderhandelinge hervat kan word, is vir die regering aanvaarbaar.

Die regeringsbron sê die regering is tot dusver beslis nie van voorneme om verdere groot toegewinge te maak in 'n poging om die nasionale staking te voorkom sodat die ANC oorreed kan word om hulle massa-aksie veldtog af te skaal nie. "Die regering is daarvan oortuig dat niks die ANC sal oorreed om daarvan af te sien nie. Hulle is vasbeslote om daarmee voort te gaan, al doen ons wat."

Roelf Meyer, minister van Staatkundige Ontwikkeling, het dié week aan vier kerkleiers gesê dat daar 'n "stormagtige twee maande" voorlê. Hy het te kenne gegee dat onderhandelinge eers later weer op dreef sal kom.

Ron Steele, een van die kerkleiers wat teenwoordig was, sê: "Ons indruk is dat die regering op die sakewêreld staatmaak om 'n kompromie met die vakbonde aan te gaan sodat 'n nasionale staking beperk of afgelas sal word."



Valli Moosa...
"die sakemense kan dinge nou positief beïnvloed"

# dis nie genoeg nie, sê valli

**VALLI MOOSA,** lid van die Nasionale Werkskomitee (NWC) van die ANC en senior onderhandelaar, sê die regering se aankondiging dié week is nie naastenby genoeg om die ANC van sy veldtog van massa-aksie te laat afsien nie.

Hy sê: "Dit is baie belangrik om te besef dat dié veldtog nie net verbind is tot eise om die geweld te beëindig nie, want dié program van massas-aksie is by ons beleidmakende konferensie aan die einde van Mei, 'n week ná Kodesa 2, reeds aanvaar. Daar is besluit dat indien die regering nie bereid is om die spoedige verkiesing vir 'n grondwetmakende liggaam moontlik maak nie, ons dié veldtog en 'n nasionale staking sal loods."

Hy sê die situasie word tans hersien en dat die NWC dié week besluit het dat hul nasionale staking van drie dae tot twee dae verminder sal word.

Valli gee toe dat die gesprekke tussen Cosatu en Saccola 'n baie belangrike ontwikkeling is en dat die uitkoms daarvan hul finale besluit oor die staking sal beïnvloed. "Sou die sakemense 'n program van vrede en demokrasie ondersteun, sal dit beslis die vorm wat ons massa aksie aanneem, beïnvloed."

Moosa sê die sakemense was vir "té lank sag en akkommoderend" in hul verhouding met die NP. "Maar as hulle nou 'n ooreenkoms saam met die kerke en die vakbonde oor vrede en demokrasie aangaan, kan dit 'n uiters belangrike bydra lewer om die dooiepunt te ontlont."

Hy is van mening dat die regering hulself geïsoleer het en dat hulle nie die druk om die ANC-aansprake te aanvaar lank sal kan weerstaan nie.

- HENNIE SERFONTEIN

# Operation Thunderstorm: FW's script for chaos?

New evidence not only implicates State President FW de Klerk in fomenting the violence, it has him at the centre of a sinster web of ANC destabilisation.

According to German-based spookwatching magazine *Top Secret*, De Klerk and a select group of senior officials, including the Commissioner of the KwaZulu police, are pulling the strings of violent puppets like the IFP, reports IVOR POWELL



DIRK COETZEE IN LONDON

**STATE PRESIDENT FW DE KLERK** is personally co-ordinating an ultra-secret team of top intelligence operatives orchestrating the violence in South Africa.

And among his top aides in a monstrously cynical plot to destabilise the ANC and hold on to power, is the Commissioner of the KwaZulu Police, top SAP security policeman, General Jac Buchner.

These are among the devastating accusations made, again, by German-based spywatch magazine Top Secret in their July edition, which goes on to allege that the operation and the violence is cynically directed towards destabilising its major political opponent, the ANC alliance.

To substantiate its claims, *Top Secret* names the top-ranking security forces offfcers who form the inner core of the Operation Thunderstorm. Included in the list, along with the director and four unnamed members of the National Directorate of the National Intelligence Service are:

• General Jac Buchner, onetime head of the Security Police in Durban, now Commissioner of the KwaZulu Police on secondment from the SAP;

• Director of Military Intelligence, General Joffel van der Westhuizen, alleged to be implicated in a signal ordering the death of Eastern Cape activist, Matthew Goniwe. Van der Westhuizen's private secretary, Captain Pamela du Rand, was one of two security forces agents this week exposed as having been involved in the recently alleged assassination attempt on Captain Dirk Coetzee;

The magazine claims that, co-ordinated by NIS, the secret grouping reports to the State President on a regular basis - sometimes on a day to day basis. Similar claims have been made by the ANC magazine *Mayibuye* and by *New Nation* in recent weeks.

Apparently the report is sent to De Klerk's residence in the early morning, before he leaves for work and arrives by special courier. After being signed and/or amended by De Klerk, the briefing goes back by the same special courier to the Director General of NIS.

According to the magazine, quoting highly placed but unnamed intelligence sources, the reports include proposals for, among other things, terror operations and assassinations.

Central to the plot as a whole was the part played by Inkatha impis in fomenting the township violence in pursuit of destabilising the ANC and its allies, and this, the magazine claims, is a central part of the overall strategy of Operation Thunderstorm.

**THUNDERSTORM IS ALLEGEDLY** a highly secret network. At no stage is the State Security Council directly involved, nor are the official structures of the security forces.

*Top Secret* reveals that Operation Thunderstorm was designed as a low-intensity warfare strategy aimed at the long-range weakening of the ANC. In its first phase the plot - while also employing terror tactics - was largely based around a propaganda and hearts-and-minds strategy, which wanted to create a powerful political alliance around the National Party, the Inkatha Freedom Party and various homeland-based political parties linked to the government.

Thus, for example, the magazine discloses, one of the earliest operations undertaken on the propaganda front was an attempt to drive a wedge between radicals and moderates within the ANC alliance by means of a series of "disclosures" of putative communist conspiracies.

Recent "revelations" of insurrectionary tendencies within the ANC alliance and more particularly of the so-called "Leipzig option" being pursued within ANC Youth League and SACP structures - rolling mass actions aimed at leading to a total collapse of the government - would appear to testify to the continuity of these disinformation tactics to this day.

**HOWEVER, THE ACCOUNT** continues, after 1991, it became clear to its strategists that there was little point to taking the ANC on in the electoral arena. Correspondingly, strategy was amended into what emerged as the government's negotiating strategy: to try to force the ANC negotiating teams into positions of compromise at what became Codesa, and in this way to drive in wedges and to weaken the movement as a whole. During this phase, Thunderstorm was renamed Operation Springbok, *Top Secret* claims.

Vital to all this, and particularly foregrounded in recent times, was the deployment, the magazine goes on, of Inkatha to achieve a

destabilisation of ANC structures and to demoralise its leadership. This is where General Buchner allegedly fits into the overall picture in his role as seconded chief of police in KwaZulu.

"The regime has failed so far in weakening or compromising the ANC. Therefore they use and organise the escalation of the violence. The Inkatha gangs they are using, are just their instruments... they receive training, arms and logistical support from the regime's "security" organisations. Apart from Inkatha gangs, the regime uses their old mercenary forces composed of MNR, Unita or Koevoet members and - of course - Askaris..."

Elsewhere the magazine uses a pseudonymous member of the South African security forces to state that Operation Thunderstorm was largely based on South African experience during the Namibian war of independedence and the implementation of UN Resolution 435.


One element within the overall plan, *Top Secret* claims, was the training by CCB and special police units of Inkatha impis for military and terrorist activities. Weaponry was supplied by the South African secret service out of stocks brought in from Mozambique and Israel. Along with these, anti-ANC criminal gangs, like the notorious Amasinyora gang in KwaMashu near Durban, were armed and trained in preparation for the escalating low-intensity conflict.

Records of such training exercises were published in Natal-based Zulu language newspaper *UmAfrika* and in the *Weekly Mail* last year, particularly of a group of about 200 Inkatha members sent up to the Caprivi for training in such matters as torture techniques and abduction in 1990.

**SOURCES IN NATAL GAVE** prima facie support to *Top Secret's* claims when they told VWB that about a year ago, they were contacted by NIS operatives conducting research into the Natal violence, they said with a view to compiling a report for the eyes of State President FW de Klerk. The sources said that one of the major concerns evidenced by the NIS people was to discover in which areas the ANC was especially strongly represented and where its leadership was especially functional.

Since shortly after that time there has been a sustained campaign of apparently well-targeted assassinations against the ANC alliance's leadership in precisely those areas, where it was identified as being dominant.

Buchner is rumoured in Natal to have recently been recalled from Ulundi to Headquarters in Pretoria, but no official statement to this effect has yet been made.




PART OF A RECENT SACP POSTER

# The Secretary, the Death Squad Leader and the Very Tall Story

**According to the security forces the reason that two undercover agents were sent by military intelligence to the UK in April was to investigate links between the ANC and the IRA and not, as Scotland Yard and MI6 allege after interrogating the suspects, to organise the assassination of former death squad leader Dirk Coetzee. Their version stretches credulity, argues IVOR POWELL after intensive telphone interviews with Coetzee**

**THE** government is trying to convince us that the recent alleged assassination plot conducted by two agents of South African Military Intelligence on former SAP Captain Dirk Coetzee in London in Britain was something of an aberration.

The SADF has no interest whatsoever in Coetzee, representatives were quick to assert, and the "monitoring" of Coetzee's movements was undertaken without either official knowledge or official sanction.

And so on. The official reason the agents were in the UK, the official version continues, was to investigate links between the ANC and the IRA.

They should, as the saying goes, try pulling the other one; it has bells on.

But until they do that the implausibilities continue to mount.

**IN THE FIRST PLACE** one of the two agents, Captain Pamela du Rand, just happens to be personal assistant to the Director of Military Intelligence, General Christoffel van der Westhuizen.

Coetzee, in a telephone conversation with VWB in the aftermath of the attempt on his life, said he had been informed by senior investigating officers from Scotland Yard that the relationship between van der Westhuizen and Du Randt was even closer than Du Randt's job description would suggest. It is scarcely conceivable that she would have been operating in the freelance kind of way the military want us to accept.

Add to this the fact that the SADF's intelligence services have a long history of involvement with Ulster loyalist group, the Ulster Freedom Fighters, whom the agents allegedly hired to assassinate Coetzee. It was through dealings with this group and other Ulster loyalists that the South Africans attempted to obtain blueprints for secret British weaponry during the 1980s. They were planning to exchange the blueprints for money and weaponry to be used against the IRA.

There is also a list of earlier alleged attempts on Coetzee's life by agents of the South African security forces.

In October last year, Coetzee claims, Scotland Yard picked up former Vlakplaas colleague and the man who replaced him at the unit's head, Major Eugene de Kock, acting suspiciously in the British Isles. De Kock was apparently using his wife's British citizenship to ask questions about such things as refugee resettlement programmes and British secret forces banking accounts.

He was summarily repatriated to South Africa as a result of Scotland Yard's investigations and is no longer allowed inside the country. Also as a result Scotland Yard has taken over the job of maintaing security around Coetzee.

Acting on a tip off from MI6, they arrested the two South African agents, Du Randt and former security policeman Leon Flores on 15 April, after a four-day surveillance exercise in which they were observed in the company of members of the Ulster Freedom Fighters, whom Scotland Yard said had been engaged to kill Coetzee.

The two were sent back to South Africa along with dossiers concerning their actions - including, Coetzee says, confessions - and instructions for the South African security forces to investigate.

**COETZEE HIMSELF SAID** he believed this was the closest he had come to death in three successive plots. He said he knew something was up when the South African authorities told him he would not be prosecuted if he returned to give evidence in the inquest into the death of Griffiths Mxenge - in which he claims he was involved - and requested additional surveillance, refusing to accept the de facto indemnity offer made in late March.

He further told VWB he had information that the South African authorities had been using British operatives to locate his whereabouts over a period of time. Among these was the director of a private investigations firm who drives on a South African-issued licence, despite being British - because his UK licence has been suspended after drunken driving convictions. Also part of the network is a British operation called Knightsbridge Security, which has long been linked to the CCB and other secret forces networks in South Africa.

Finally, Coetzee pointed to a business operated in Belfast by a close relative of a top police general, which has been identified by his sources as a front company for the South African security forces.

VWB is in possession of all the relevant names in this regard.



# endangered:

## the united, non-racial SA

In an open-hearted interview with HENNIE SERFONTEIN, SACP General Secretary Chris Hani admits that the ANC is in a weaker position than the Government and that mass action is a strategy of the powerless

**Do you feel vindicated by events? You were known not to be enthusiastic about negotiations. (Hani laughs) And you raised warnings about problems you foresaw. The media, including myself, described you as a hawk.**

I do not feel myself vindicated. Because I feel that it is a tragedy that it happened, this deadlock. It is costing the country a lot in terms of the economy, an economy which is already ailing. It is driving us apart at a time we thought we were getting ready reaching out to one another. The climate which now exists as a result of the deadlock is a climate of growing mistrust, of pulling apart, of bitterness, of anger. What we thought we had achieved, this reaching out for a united non-racial South Africa, has now been endangered.

Yes, it is true that I have never trusted the NP government. I have always felt the NP government has had a secret agenda and that they were not seriously committed to democracy.

But I thought they were realists who have understood their policies have failed. I never thought that the government would actually go out of their way to try to build alliances and coalitions based on a common hatred of the ANC. Because that is the basis of the NP-IFP alliance.

This government is entoxicated with power, used to power, they cannot see themselves losing their positions. They are not used to it. Democracy is something where somebody who has been in power for a long time must be ready to become the opposition.

The NP government cannot accept that it has messed up this country, that it has mismanaged things and that it must give way to something else. That something else cannot be the NP.

**Don't the NP have the right to form alliances with whoever they wish?**

Correct, but those alliances must not be based on the NP using public funds, using the media, to strengthen the alliance and to disadvantage the other group which has no access to those means.

Between FW de Klerk, Gatsha Buthelezi, Lucas Mangope and Oupa Qozo they use the state power to make it very difficult for us to organize.

If De Klerk was a statesman, he would not have been actively involved in this sort of thing. His task is to be non-partisan. But he is behaving like the leader of the NP, he is no different from Vorster and PW Botha.

**There are two criticisms about the mass action campaign. It is said the ANC had planned it in advance and never wanted Codesa 2 to succeed. Then, in terms of the SACP decision of December last year on mass action as a strategy, it is said the party has actually highjacked the ANC alliance to promote its own interests.**

Well, we are very genuine about Codesa. We have participated as members of the ANC and as members of the Party in the alliance which has agreed to a peaceful resolution to the South African conflict.

The Party went to Codesa to make sure that the Codesa process would result in a victory for the democratic forces, including the working class in this country, but we are quite open about that. We never sabotaged negotiations. We will prefer negotiations to any other form of struggle. We feel negotiations is a healing process and they do not tear society apart. We do not want to destroy the fabric of society in this country.

The only weapon we have presently in terms of pushing for our demands, is the mobilization of our people - mass action. We have suspended the armed struggle, our international pillar is no longer strong and is not in our control, sanctions are crumbling and people in Europe, America and Africa have been so impressed by De Klerk.

The only weapon we have now to get things moving as quickly as possible is mass action. The people wanted change in SA, but the reality is that power is in the hands of the minority. They control the government, they control the administration, its organs and all the security forces. So they are calling the shots.

Thus the only thing we have is to mobilize to get attention. The government must know we mean business. Big business must also know we mean business. The international community must know that we mean business. They can only notice us if we are able to mobilize people in their millions.

**Is this mass action the correct strategy at this stage? Have you not achieved miracles the past six months at Codesa and the negotiations?**

We have achieved certain things at Codesa, like Phase One of the interim measures. We have achieved a lot. The majority of political prisoners were released. Exiles are coming back and we have space in which we start mobilizing.

But our bottom line is a democratic South Africa. We need elections for a constituent assembly to draft a new constitution, so that we can see democracy actually taking place in our country.

That is the reason for mass action. But we cannot accept the situation where we perceive the government actually waging a war against us. We see this violence as a form of war by the government and the security forces against us.

**Accepting all what you say, is mass action not a bad strategy at this time? Your own people are sick and**



"Vandat my pa sy diensbelofte geteken het, vind ek en Albert dit moeilik om hier rond vuil te word."
"Mooi skoon. Dis die woorde wat jy baie hoor van die dag af toe my pa daardie belofte geteken het om sy diens aan klante beter te maak.
Ek het al gedink dis selfs skoner as by ons huis. En as jy my ma ken, sal jy weet sy's gebore met 'n skropborsel in die hand.
Selfs die voorplein is mooi skoon. Miskien is dit waarom my ma nie omgee dat ek en Albert daar gesien word nie.
Albert is my vriend. Hy's mnr. Mabuse se seun. Mnr. Mabuse is die Ultra Service Koördineerder in beheer van die voorplein.
Hy het my eendag al sy skoonmaakgeheimpies gewys. Hier's so 'n klompie daarvan."
Uiteindelik kan jy iets doen om beter diens te kry.
By Shell, streef ons daarna om seker te maak alles gaan wel, waar jy ook al gaan. Een vir een ontvang ons handelaars en hul spanne op die voorplein dus 'n uitgebreide opleidingsprogram by ons Kleinhandel Diensakademie, en hulle onderneem om 'n nuwe maatstaf van puik diens aan klante te bring.
Oral waar jy hierdie nuwe Ultra Service-teken sien, kan jy seker wees dis 'n handelaar wat sy garage verbind het tot die hoë standaarde wat ons stel.
As jy om enige rede voel dat ons spesiale Ultra Service-handelaars en Shell nie hierdie belofte getrou nakom nie, kry jy by al ons Ultra Service-garages kaartjies wat jy met jou kommentaar aan Shell kan pos. En ons gee beslis aandag aan jou klagtes.
Waarom probeer jy Ultra Service nie sommer dadelik nie?
ULTRA SERVICE
Alles wel. Op pad met Shell.
OGILVY & MATHER, RIGHTFORD SEARLE-TRIPP & MAKIN 21792/1A

**tired of taking to the streets and to strike. It might get out of hand with the police taking excessive action and you not able to control your own supporters.**

Mass action is a strategy of the weak and the powerless. And we are weak and powerless. But we want to have our objections achieved. Generally we have always accepted that we are involved in the struggle and we know that there is a high price to be paid.

But we are pushing for mass action to actually tell the people of SA: This government is pushing the country to the precipice, it is not ourselves.

You know that big business co-existed with apartheid for a very, very long time. They were not concerned about human rights. They were concerned about profits. They never seriously pressurized the government. If they are serious about the precarious nature of the economy, they ought to be pushing De Klerk. We know they have the muscle. They have the muscle but at the same time they want to be neutral. You cannot be serious and neutral. We are the victims.

**What do you want the business community to do? What do you expect them to do to help preventing a national strike?**

They must speak out more openly with this government, telling them they are responsible. Let them indict the government in the same way that the SACC is doing from a spiritual, from a religious angle. From an economic angle let them say to the government: "You are responsible for the mess. You must do what other democratic governments do and say: call an election. Let us have a new government."

**Two questions: What must the government do to defuse the mass action campaign and to get back to the conference table? Even should they meet your demands is mass action not inherently part of your strategy which still continues?**

Our demands are eminently reasonable. Let the government begin to address those demands. And to seriously remove the obstacles they have set up. They must fence off the hostels, convert them into family units, disarm those displaying weapons in hostels and prosecute those responsible for the violence.

**Must they do all these things, or only some? Or is a commitment enough?**

All of these things which we demand must be done. The government must accept the presence of an International Monitoring Group. We do no longer trust the government and do not think they can behave in an evenhanded fashion.

**It is said the cart is being put before the horses with the negotiations. There first should have been a security pact between the major parties and the creation of a neutral peacekeeping force out of the existing forces in the country.**

It is something that has to be done, but simultaneously with other steps to diffuse the crisis. The fact is that the SADF and SAP are not trusted by the black community, in the townships and everywhere else.

Therefore I would have thought that the NP would actually be more than prepared to sit down with MK, with APLA, with the security forces of the Bantustans and homelands to say "Let us discuss the modalities of a multiparty security force". But the problem is that the NP still wants the use of the security forces to maintain the dominant position of the government.

**If the government meets most of your demands will mass action still continue as an ongoing process?**

It will, but it will be different. We will never concentrate them on the negotiations, because it will be back on track. But there are other areas where we cannot wait for a democratic government.

The present Nehawu health strike is an example where employees demand certain pensions and other benefits from their employers. Those kind of struggles will always continue. If a Mandela government does not address the question of a minimum wage, we will get some form of mass action from Cosatu and the Party.

Mass action is a part of a democratic culture of a society. It must be disciplined and it must be peaceful. It must not interfere with the activities of other people not involved in mass action.

**Do you see the national strike being called off if your demands are met? Or will it still be part of mass action?**

At the moment Cosatu and business are talking. But the government and business should not act as if the trade unions do not exist. There is a problem with the public sector because the employers are also political and do not want to sit down and negotiate in good faith. They want to bash and defeat the trade unions. They actually adopt the Thatcher method of dealing with workers, with the attitude that they will not give in. They create a situation of violence themselves.

The present Nehawu strike is an example. Both strikers and non-strikers have been killed - something which has not been condemned. The TPA has rejected Nehawu proposals for independent arbitration. If there was an agreement that tempers would have cooled down and Nehawu would have called off the strike. Because the strike is causing serious problems, both for workers and the patients.

But again in SA we do not see voices coming up and saying to the TPA "We are suffering, why don't you sit down and talk to Nehawu."

**You want that voice to be the business community?**

Yes, the business community, the churches, prominent personalities within the white community, prominent doctors in MASA, politicians in the Democratic Party and councillors in the municipalities.

They must say to the TPA "This is where the bucket ends. Talk to the people. Agree to an arbitration, if you don't want to talk to them directly, because lives are more important than scoring points." There must not be a winner-loser situation.

We know about problems in Nehawu, about its militancy and its intransigence. But there is no way that we will not be taking up cudgels on behalf of Nehawu. Cosatu will do the same. The ANC is going to do the same thing. Because they are members of the ANC, members of our party.

Because of this intransigence we are drawn into a fight we are not keen on entering into. But if this strike gets protracted, we are all going to lose.

**You talk of specific issues in terms of mass action. But what about the national strike if your demands are met?**

No, there will be no national strike. The national strike is a political strike, it is about negotiations. It is about democracy, it is about an interim government. So I am sure the ANC, the Party and Cosatu will sit down and call it off.

**But is the national strike not an integral part of your mass action programme?**

No, because the national strike is not about living wages, not about problems between employer and employees. It is about democracy in this country.

**Your central committee recently discussed a document by Jeremy Cronin about strategic options. It involved not rocking the boat in negotiations: alternatively to switch pressure on and off and the so-called Leipzig option.**

There is a healthy debate in our Party. We are critically looking at every option, and are saying "Will this option bring about genuine democracy? Or will it end up with the powers going into the hands of the elite? Or will it end up with the powers going into the hands of the elite? Is insurrection viable? Will you be defeated because the international community is no longer supporting us, and Communism in the Soviet Union has collapsed?"

The capacity of this Government is still too strong, the SADF is not paralysed. At the moment insurrection is not an option. We must ensure that whatever we finally opt for, it should be one that will succeed in bringing about democracy in this country, in reducing suffering and bloodshed. Any serious revolutionary must not just say "Any strategy is acceptable."

What is important is also the conduct and the behaviour of the other side. How the other side handles the situation.

I was very surprised last Friday when I went to Schweizer Reinecke to lead a march into town. The police were very reasonable, pointed out we had no permission and the consequences for us considering there is a Conservative Party council in power. We reached a compromise agreement and avioded a clash. The police were very reasonable and flexible and helped to avoid a situation where a different handling could have led to ugly incidences.

I therefore say, as minister Delport has admitted, that the onus is actually on the Government to do something about the present crisis. The Government is the authority in the country. It has more cards to play than we.

**You therefore admit you are in a weaker position because you have less options?**

Yes, we have less options.

**Is that why you approach the Cronin working paper, not from an ideological textbook Marxist approach, but pragmatically?**

It is not - it is not an ideological approach. It is a pragmatic, realistic analysis of each and every option. At the end of the day we will say "Is this a workable option?" We do not want to be overcome with emotions and passions.

**How long will it be before you are back at the conference table?**

That will depend on the actions of the Government. But we would hope that by the end of July we can move away from the final plunge.


## LAWYERS FOR HUMAN RIGHTS

**Lawyers for Human Rights, an organisation of human rights lawyers and activists, striving for the attainment of equal human rights for all in South Africa with links to the national and international human rights movement, is urgently seeking to appoint a**

**CURRICULUM/MATERIALS DEVELOPER**

**to be based at our head office in Pretoria.**

Reporting directly to the Director of the Para-Legal Training Project, the incumbent's duties will include:-

- Spear-heading the development of a curriculum and supporting course materials for the training of community based para-legals.
- Piloting materials in conjunction with staff based in our regional projects countrywide.
- Liaising with a board of consultants and other staff to achieve the above.
- Assisting with the development of human rights training material and publications.

The successful incumbent will require prior training in Curriculum Development. Experience in adult education and/or programme development will be an advantage.

Salary will be commensurate with qualifications and experience and the usual fringe benefits are offered. Applications should be forwarded to The Director, Para-Legal Training Project, 713 Van Erkom Building, 217 Pretorius Street, Pretoria, 0002

Tel: (012) 21-2135 Fax: (012) 325-6318




Al op 'n Vrydag of Saterdag na ***Vrye*Weekblad** gaan soek net om te hoor dit is uitverkoop?
**Hier is die oplossing:**
Laat dit elke Vrydagoggend op jou voorstoep aflewer.

**dis net jou skuld as jy iets mis**

**Ons doen huisaflewerings op die volgende plekke:**

Die PWV-gebied, wat insluit die hele Johannesburg en Pretoria, Verwoerdburg, Midrand, Sandton, Randburg, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Florida, Germiston, Alberton, Bedfordview, Kemptonpark, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan, Vereeniging en Vanderbijlpark. In die Transvaal lewer ons ook af in die sentrale dele van Witbank en Nelspruit, en in die Vrystaat in sekere dele van Bloemfontein. In die Kaapse Skiereiland lewer ons af in Woodstock, Rosebank, Observatory, Mowbray, Claremont, Newlands, Bishopscourt, Wynberg, Kenilworth, Constantia, Tuine, Oranjezicht, Vredehoek, Higgovale en Bellville (sekere dele). VWB word ook in Stellenbosch en Somerset-wes afgelewer.

*As jy nog steeds nie seker is of VWB in jou omgewing afgelewer word nie, moenie huiwer om vir Lille van der Walt by (011) 836 2151 te kontak nie.*

**En as jy buite een van dié streke val, stuur ons VWB teen dieselfde koste per pos aan. So moenie elke Vrydag skarrel om jou gunsteling nuustydskrif in die hande te kry nie, stuur liewer nou R150 en ontvang VWB vir 'n jaar of R80 vir ses maande (BTW en aflewering ingesluit).**

Vul die vorm in en stuur met 'n tjek of poswissel aan: VWB Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113.

Stuur VWB vir my per pos/huisaflewering aan vir

1 jaar
6 maande

Naam ..............................
Adres(aflewering) ..............................
..............................
Adres(korrespondensie) ..............................
.............................. Poskode ..............................
Telefoonnommer ..............................


# BITTERGAL

## WIT-OP-WIT GEWELD

En daar neuk Steve Hofmeyr toe vir *The Citizen* se Gordon Engelbrecht omdat dié glo allerhande dinge oor sy spel in die rolprent *No Hero* kwytgeraak het. Steve vra toe mooi om verskoning vir sy macho-gedrag oor die agtuur-nuus op TV en sê hy besef nou dit was nie die regte ding om te doen nie. Engelbrecht, kop vol knoppe, dreig egter steeds met die hof want 'n verskoning wil nie die knoppe laat weggaan nie.

Nou hoor Bittergal die saak het verder uitgekring.

Jeanne Goosen, wat self verlede week in *Beeld* se *Kalender* deur ene Bettie Lamprecht in die stof geloop is oor 'n verhaal wat sy op Grahamstad voorgedra het (nogal daardie een wat 'n week vantevore in *VWB* verskyn het), het glo aan Steve Hofmeyr 'n telegram gestuur met dié woorde: "You are my hero." Wat sy teen Engelbrecht het, weet Bittergal nie, maar hy vermoed dit het iets te make met haar toneelstuk *Kopstukke* waarvan Engelbrecht nie gehou het nie.

Nou wil 'n gerug dit hê dat tannie Bettie ook op haar hoede moet wees, want Jeanne is op die oorlogspad. Dié waarskuwing, volgens Bittergal se soms twyfelagtige bronne, lui dat sy wat tannie Bettie (mevrou Dominee?) is, beter 'n blikbroek moet begin dra want Jeanne loop glo rond met 'n geroeste hoedspeld...

'n Mens kan nou nie juis jou aanvaller kies nie, maar persoonlik sou Bittergal eerder deur Steve karnuffel wil word, want as Jeanne jou eers in haar hande het...

## AG NEE MAN (1)

Magtag, partykeer kan ons land darem maar heeltemal mal word.

Soos die SA National Civic Organisation (Sanco) wat nou dreig om te weier om verbandpaaiemente op huise te betaal om bougenootskappe te verplig om hul "commitment to democracy and to the genuine alleviation of suffering in our society" te bewys.

Die mense gaan mos nie die geld spaar wat hulle nie betaal het nie, en as die boikot opgehef word, gaan 'n klomp mense weer hul huise verloor.

Die ander voorbeeld is die die Pos- en Telekommunikasiewerkersvereniging (Potwa) wat nou weier om telefone by Baragwanath-hospitaal in te sit of te versien - in solidariteit met Nahawu.

Die enigste verloorders in dié soort aksies is juis die mense wat dié groepe wil probeer vrymaak: die township-inwoners.

## AG NEE MAN (2)

*Storie 1:* Jan gaan sien vir Piet en sê Koos het vir Gert 'n klomp lekkergoed gegee. Piet sê dit vir Koos, en Koos sê toemaar, ek sal die saak tot op die been ondersoek. En 'n rukkie later verklaar hy dat hy niks lekkers by Gert se huis kon kry nie, en dit beteken Jan is 'n liegbek.

*Storie 2:* Mathew Phosa van die ANC sê aan die media die polisie het 152 wapens - hy gee ook die name en nommers daarvan - aan Inkatha in Witbank gelewer. Die media sê dit vir die polisie, en die polisie sê toemaar, ons sal die saak tot op die been ondersoek. En 'n rukkie later verklaar die SAP se Groot Politieke Kommentator, Craig Kotze, dat hulle niks wapens by Inkatha se kantoor kon kry nie, en dit beteken Phosa is 'n liegbek.

Soos die seep-advertensie sê: I can't see the difference. Can you see the difference?




## DIS G'N MODDER NIE

Bittergal ken mis en hy ken modder. En hierdie is g'n modder nie.

Dis nou die storie in die *New Nation*, wat bitterlik na-aan die ANC staan, dat een van die ANC se topmanne, Jacob Zuma, die vryheid van al die oorblywende politieke gevangenes van die ANC weggeteken het in 'n ooreenkoms met die regering.

Die lang messe is uit.

## TRANVES-WAT?

Die Afrikaans vir transvestite? Kellerprinsie, hoor Bittergal: 'n doos met 'n kraantjie.

# die misverstaande regter



**Regter RJ Goldstone,** hoof van die Kommissie van Ondersoek insake die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie, is die laaste paar maande soos 'n speelbal deur politieke partye rondgegooi. MAX DU PREEZ het weer na al sy verslae en verklarings gekyk, en glo die regter en sy kommissie is die sterkste hoop wat Suid-Afrika op die oomblik het om uit die moeras van geweld te kom - veral as hy gaan eis dat daar buitelandse toesig moet wees oor alle polisie-optrede en ondersoeke

MISKIEN het die media 'n groot aandeel daarin; die regering en die verskillende politieke partye is beslis te blameer. Want op die oomblik is die Goldstone-kommissie een van die mees misverstaande entiteite in ons politiek.

Die laagtepunt was verlede week toe die regering en sy simpatieke media die regter se uitlating dat hy geen getuienis voor hom het van aktiewe regerings- of veiligheidsmagdeelname aan geweld nie, verdraai het om te beteken dat dié instansies van alle blaam vrygespreek is.

Maar beskou 'n mens die hele saak op die keper, word dit duidelik dat die sterkste vordering in die aanspreek van die geweldsindroom júis van die kommissie se kant geïnisieer is.

Staatspresident FW de Klerk se aankondiginge dié week oor 32 Bataljon, Koevoet en optrede teen polisiemanne, wat 'n groot stap was om gemoedere te laat bedaar, was juis in regstreekse reaksie op aanbevelinge en druk van regter Goldstone.

Goldstone het sy kommissie se primêre rol in sy Tweede Tussentydse Verslag raak opgesom: "Die Kommissie is sedert die begin van sy beraadslagings van oordeel dat een van sy belangrikste funksies is om op te tree as 'n katalisator in die proses van die omskakeling van die Polisiemag na 'n liggaam wat vertroue, respek en samewerking van die oorgrote meerderheid van die mense van Suid-Afrika beskik."

DIE VERSLAG SE IDENTIFISERING van die oorsake van geweld behoort deur alle Suid-Afrikaners gelees te word:

- Die ekonomiese, sosiale en politieke wanbalanse onder die mense van Suid-Afrika. "Dit is die gevolg van drie eeue van rasse-diskriminasie en meer as 40 jaar van 'n uiterste vorm van rasse- en ekonomiese ontwrigting as gevolg van die beleid van apartheid."
- "'n Polisiemag en weermag wat baie dekades lank die instrumente van onderdrukking deur opeenvolgende blanke regerings was in die handhawing van 'n samelewing wat op rassediskriminasie gebaseer is. Dit behels 'n polisiemag en weermag wat vir die meeste Suid-Afrikaners nooit gemeenskapsgebaseerd of -georiënteerd was nie."
- Die skielike wettiging van groot politieke organisasies. "Dit moet gesien word teen die agtergrond van 'n wettige en regeringsgesteunde Inkatha Vryheidsparty wat in oorlog verkeer het met 'n grootliks ondergrondse ANC en sy frontorganisasies. Deur vinnige verandering het die regering besluit om in die openbaar en privaat met organisasies te handel wat, om goeie of slegte redes, as die vyand van Inkatha, blanke Suid-Afrikaners en veral van die polisie en die weermag gesien is."
- Die klimaat van politieke onverdraagsaamheid in veral die swart gemeenskap. "Die skielike verskyning van magtige nasionale politieke partye het geen verbetering in die lewens van swart Suid-Afrikaners teweeg gebring nie."
- Dié faktore het 'n vrugbare teelaarde vir geweld geskep. "Die teenwoordigheid van manshostels en/of plakkernedersettings in 'n groot aantal sentra het politieke groepe in staat gestel om steunkonsentrasies en wapenopslagplekke vir gebruik in geweld in swart dorpe tot stand gebring."
- 'n Geskiedenis oor 'n aantal jare van medepligtigheid van die staat in geheime aktiwiteite, wat kriminele gedrag insluit. "Dié aktiwiteite het kritici van die regering en ander, ten regte of ten onregte, in staat gestel om die skuld vir baie van die huidige geweld op die veiligheidsmagte te pak. Dit en die goedgedokumenteerde kriminele gedrag deur individuele lede van die SAP en die KwaZulu-polisie verskerp die persepsie van talle Suid-Afrikaners dat die regering of sy agente aktiewe partye is wat vir die geweld verantwoordelik is."

DIE KOMMISSIE SPREEK sy besorgdheid uit oor die breë siening dat die KwaZulu-polisie 'n private leër van Inkatha is en oor die getuienis van onwettige bedrywighede van senior KZP-polsieimanne. Hy is egter ewe besorg oor getuienis dat Umkontho we Sizwe nie meer sy eie lede kan beheer nie.

Die regter sê: "Organisasies wie se lede vir geweld verantwoordelik is, het 'n swaar verantwoordelikheid om hul lede te beheer en te dissiplineer. Dit geld in gelyke mate vir die Suid-Afrikaanse weermag, die ANC en Inkatha."

> **"It will take more than an abolition of racial legislation and statements of good intention to achieve racial and ethnic harmony in South Africa."**

OOR HOSTELS SÊ DIE kommissie dat dit 'n "gemene deler (is) in die meeste van die ergste geweldgebiede", en beveel aan dat dit omhein en bewaak moet word.

Die kommissie is reguit oor die dra van "tradisionele wapens" en vra dat dit heeltemal verbied moet word. Dis hoofsaaklik Inkatha-lede wat daarop aandring, sê die kommissie-verslag, en voeg by: "Ander Zoeloemans ag dit nie niodig om dit te doen nie, hetsy om kulturele of enige ander redes." Die kommissie sien die dra van dié wapens as "uittartende en onaanvaarbare gedrag in enige ordentlike samelewing."

In sy verslag oor die gebeure in Pholapark in April vanjaar sê die kommissie dat die prokureur-generaal kriminele stappe teen lede van 32 Bataljon moet oorweeg en dat dié bataljon "nie weer op enige plek in Suid-Afrika vir vredesbewaringspligte gebruik moet word nie". In die kommissie se verslag oor die geweld in Mooirivier in Desember verlede jaar, sê die regter: "Die komitee het getuienis ontvang wat as betroubaar beskou word, wat sterk dui op partydigheid aan die kant van die SAP ten gunste van Inkatha."

Die "praktyk van gewelddadige klopjagte op huise sonder lasbriewe in die middel van die nag deur polisiemanne in burgerdrag" word ook veroordeel en daar word geëis dat die gebruik van voertuie met vals nommerplate gestaak word. Die "onoordeelkundige gebruik van hardhandige optrede van die kant van die polisie versterk 'n persepsie by sowel die publiek as lede van die polisie dat hulle bo die reg verhewe is."

Die verslag lewer skerp kritiek op die manier waarop die polisie die ondersoek van die geweld in Mooirivier gedoen het, omdat dit min of meer verseker het dat daar geen kriminele vervolgings kon wees nie.



"Die getuienis wat suggereer en die persepsies dat lede van die polisiemag Inkatha-ondersteuners begunstig, is kommerwekkend," sê die kommissie. "Dringende en doeltreffende stappe moet gedoen word om alle lede op te voed en die absolute noodsaaklikheid van onbevooroordeelde polisiëring by hulle tuis te bring."

> **"Die Kommissie is sedert die begin van sy beraadslagings van oordeel dat een van sy belangrikste funksies is om op te tree as 'n katalisator in die proses van die omskakeling van die Polisiemag na 'n liggaam wat vertroue, respek en samewerking van die oorgrote meerderheid van die mense van Suid-Afrika beskik."**

**EN TOE GEBEUR BOIPATONG** en regter Goldstone reik kort daarna 'n verklaring uit. Daarin sê die regter: "No evidence has been submitted to the Commission which in any way justifies allegations of any direct complicity in or planning of current violence by the State President, any member of the Cabinet or any highly placed officer in the SAP or Defence Force. But if such evidence is submitted to the commission, it will be thoroughly investigated."

En dan voeg hy die gewraakte woorde by wat heeltemal uit verband geruk is en wat hy waarskynlik anders sou gestel het as hy 'n goeie media-adviseur gehad het: "In the absence of such evidence the Commission considers that allegations to the effect that government and secutiry force leaders are themselves directly responsible for the commission of violence are unwise, unfair and dangerous." Want net in die volgende sin sê hy: "Evidence in support of the other kinds of allegations concerning government and security force involvement in the violence has been received by the Commission."

**HIEROPVOLG 'N BELANGRIKE** stelling deur regter Goldstone :"The Commission is of the view that in order for a government to gain the respect and support of its citizens whom they serve, it must be able to demonstrate that it has full control of its security forces. In turn the security forces must be able to secure the lives and homes of people.

"Such a state of affairs cannot be brought about without active co-operation between the security forces and the vast majority of the citizens and their political representatives."

Die regter spreek sy kommer uit oor die diepe wantroue in die polisie aan die kant van so baie Suid-Afrikaners. "If acts of violence were to be committed by or with the complicity or with the active support or connivance of members of the SAP, it could not be expected of the victims of violence to co-operate with the police in subsequent enquiries into the violence by the police. The government and the security forces should therefore understand and appreciate the anger and frustration of so many South Africans. It will take more than an abolition of racial legislation and statements of good intention to achieve racial and ethnic harmony in South Africa."

Die regter maak dan beswaar dat die regering sy vorige aanbevelinge geïgnoreer het. Dié beswaar het nie op dowe ore geval nie, want Woensdag het die staatspresident aangekondig dat die tersaaklike stappe geneem is, soos die ontbinding van 32 Bataljon en Koevoet.

Nie een van die groot partye gaan waarskynlik ooit baie tevrede wees met die bevindinge van regter Goldstone nie, want hulle almal dra skuld aan die geweldpleging. Niemand wil die vinger na hom gewys hê nie.

Maar in 'n tyd wat ons land bedek is met 'n dik kombers van leuens, is regter Goldstone en sy kommissie die enigste manier waarop die land se burgers na-aan die waarheid oor die geweld gaan kom.

Die Goldstone-kommssie is waarskynlik ook die enigste manier in die kort termyn dat ons genoeg druk op die veiligheidsmagte kan toepas om nader aan 'n neutrale vredesmag te beweeg.


# Will *New* Really be Different?

***"What's different in the New South Africa?"***

... An innovative **Public and Development Management Programme** at Wits University. This unique Postgraduate Diploma in Management: Public Policy and Development Administration starts in February 1993 and is offered full-time (one year) or part-time (two years). This course is based on the need to provide future public and development leadership with appropriate organisational and policy skills for effective management - within the transition and beyond.

Wits P&DM

Pursue a professional career in the public service, in development administration or in policy management and ensure that new is both different and better!

**Closing date for applications is 30th September 1992.**

For more information please contact: **The Faculty Office, Public & Development Management Programme. PO Box 98, Wits, 2050. 2 St. Davids Place. Parktown 2193. Tel: (011) 643-6641. Fax: (011) 643-2336.**

PUBLIC & DEVELOPMENT MANAGEMENT PROGRAMME
University of the Witwatersrand.
Johannesburg.


## PUBLIC & DEVELOPMENT MANAGEMENT PROGRAMME
## A NEW SCHOOL OF THOUGHT

Wits meets the need for skilled public service personnel to shape the policies for the future of our country.

MUNDELS 18158

# vryheid leef in die gees

## Riek van Rensburg, argivaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk, versamel en liasseer nie net geel-verbleikte dokumente oor die lewe van sy Kerk nie; hy dra ook twee wêrelde in hom rond: dié van die wye groen vlaktes van Kenia en dié van die warmbruin Suid-Afrika, skryf INA VAN DER LINDE



Riek van Rensburg... vermoed 'n donker, diep geheim (Foto: Sarah Prall)

Die storie van Riek se Reis begin soos alle stories, by 'n voorgeskiedenis. By "ma se mense" en by Stefaans Bothma, stigter van die Kompanjiestuin in Kaapstad, wie se rustelose saad uiteindelik te lande gekom het by Roossenekal in Oos-Transvaal. Maar die Bothmas van Oos-Transvaal, en verskeie ander, ontdek toe in die president TF Burgers van die ZAR - wat in die Kaap as predikant afgesit is vanweë sy "liberale teologie" - 'n nuwe rede om te trek. Burgers se onderwysbeleid en administrasie van swartmense was te liberaal na hul smaak.

Saam met die Dorstlandtrekkers val hulle in die pad na die Kalahari, raak betrokke in 'n twis op Rustenburg, val vas in die Eerste Vryheidsoorlog in Transvaal en in 1892 vat hulle die pad saam met 42 ander gesinne eers na wat vandag bekend staan as Zimbabwe, toe na Zambië, en uiteindelik kry hulle 'n skip in Beira om hulle in Duitsoos-Afrika te gaan aflaai. Hier ontdek hulle dat die Duitse owerheid met hulle diktatoriale ingesteldheid en rigiede reëls en regulasies, hulle ook nie aanstaan nie.

**WEER PAK DIE GROEPIE**, nou al goed uitgedun deur malaria en tsetse vlieë, die grootpad. Dié keer land hulle in die Belgiese Kongo, maar hier is dit te Rooms-Katoliek. Uganda, Ruanda en Burundi is weer te Duits. Uiteindelik, na die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika reeds verby is en die Eerste Wêreld-oorlog uitgebreek het, vestig die uitgerafelde Bothma-trek hulle in Kenia, deel van die sogenaamde Britsoos-Afrika, onder 'n Britse owerheid. Hulle kom hier af op 'n hele groep ander treklustige Afrikaners wat ook onder "Brittish rule" wou wegkom, maar klaarblyklik die Ingelse juk al ligter vind hoe verder noord hulle trek.

Dis hiér waar "pa se mense" by hulle aansluit, die Van Rensburg-trek, onder aanvoering van oupagrootjie kommandant Jan Janse van Rensburg, vergesel van sy Engelse sekretaris Gleeman.

Die Van Rensburg-trek was die enigste behoorlikgeorganiseerde trek sedert die Groot Trek. Vooraf, in 1906, het hulle 'n ondersoek-ekspedisie uitgestuur en besluit op die Uasin Gishu-distrik, later bekend as die Wit Hooglande. In 1908 vertrek die groot groep per trein vanaf Bronkhorstspruit na Delagoabaai. Daar klim hulle met waens en al op die Windhoek, 'n skip wat hulle in Mombassa gaan aflaai. Uiteindelik aangeland in die Uasin Gishu, stig hulle die dorp Eldoret, en die drie Afrikaanse susterkerke.

**VANDAG VRA RIEK** homself af: Hulle het weggetrek om sogenaamd na die Tweede Vryheidsoorlog onder die Britse juk uit te kom. Maar die Britse owerheid het hulle help trek, en boonop na 'n Britse Kroonkolonie. Hoekom?

En Riek vermoed 'n donker, diep geheim. Soos dat die grootste gros bestaan het uit hensoppers - Boere wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog met die Britte, die Rooinekke, saamgewerk het. Of wat nie wou veg nie en hulle vrywillig oorgegee het. Van hulle, soos die Cloete's, was sogenaamde National Scouts, ofte wel verkenners vir die Britse magte. Soos ook die legendariese Christiaan de Wet se broer. Meeste van hulle het gekom uit Oos-Transvaal, ander uit die Vrystaat en selfs uit die Kolonie.

**DIE LEWE IN SUID-AFRIKA** het doodgewoon vir hulle ondraaglik geword na die oorlog omdat hulle sosiale uitgeworpenes geword het, glo hy. Hy lei dit onder meer af uit kerkraadsnotules van gemeentes uit wie die Van Rensburg-trekkers gekom het.

En hier begin Riek se epiese reis op 'n plaas op die Wit Hooglande, as die oudste van vyf kinders. Hy word groot met stories van 'n dapper, romantiese volk, in die verre Suid-Afrika. Die Afrikaner vóór Dingaansdag amptelike vakansiedag word, vóór Uniewording, vóór die Nasionale Party, vóór Republiekwording, vóór apartheid.

Hulle is afgesny van ontwikkelinge binne die Afrikaner-gemeenskap na die Anglo-Boereoorlog. Die Afrikaans wat hulle praat, kom uit die Nederlandse Statebybel en later die 1933-vertaling. Hulle het veral die Boetepsalms uit hulle koppe geleer en die geslagsregister van Jesus, onthou hy. Soms Halleluja liedere as pa weg was, en net as pa weg was. Later sou hy agterkom hulle praat nie eintlik meer Afrikaans nie, maar 'n archaïese taal wat lankal verdwyn het.

Op 31 Mei 1953, leer hulle van David Livingston, en van die slegte Dutch/Boere.

Net toe stap daar 'n Swahili-ma, wat nie 'n woord Engels kan verstaan nie, die klaskamer binne. Die Afrikanertjie word nadergeroep om die tolkwerk te doen, want nie een van die ander kan dit praat nie. In Kenia het hulle Swahili leer praat voor Afrikaans.

Terug op die plaas vir die skoolvakansie na drie maande op kosskool. Dit is in die reënseisoen en hulle is heeltemal afgesny van die buitewêreld deur 'n rivier wat afgekom het. Dit was midde-in die Mau-Mau tydperk en sy pa is deur die Britse owerheid opgekommandeer. Dan kom vra 'n lid van die Nandistam - verwant aan die Masai - dat sy ma kom help met 'n geboorte. Sy los haar vyf kinders net so om hulp te gaan verleen. Dís hoe hy die Afrikaner in Kenia onthou, sê Riek. Goeie mense.

**"EK HET MET DIÉ** vreeslike ambivalensie gesit. Op skool leer ons van die aaklige Boere, maar by die huis sal my ma haar vyf kinders en 'n siek oupa, middein die reënseisoen, afgesny van die buitewêreld deur 'n rivier wat afkom, en tydens die Mau-Mau-tydperk, net so los om 'n Nandi-vrou wat kraam te gaan bystaan. My pa was weg, deur die owerheid opgeroep vir militêre diens. Ek sê vir myself, maar ma is mos goed, en sy is 'n Boer. Sy kon gesê het nee. Dit is my roots soos ek dit beleef het."

In 1960 word besluit dat hy Suid-Afrika toe moet kom om hier skool te gaan. Die besluit skryf hy toe aan "die dominees" wat uit Suid-Afrika Kenia toe begin kom het om nie net "die Woord" aan die verlore skape te kom bedien nie, maar ook 'n goeie stukkie Afrikaner-nasionalisme. Die vrees vir verengelsing word al meer beklemtoon, Republiekwording en die Verwoerdiaanse ideaal word voorgehou as die nuwe paradys.

Riek land by die Hoërskool Brits, dié keer as feitlik die enigste kind wat Engels kan praat. En 'n archaïes Bybelse Afrikaans. Met ontgroening, onthou hy, wou hulle hom dwing om te rook. Sy verweer, "Nee, mijn vader sal mij tugtig," het hulle so verstom, dat die rokery plek gemaak het vir 'n nuwe speletjie, om Riek te hoor praat.

**IN DIÉ TYD GEBEUR** twee dinge: Sy geromantiseerde beeld van die Afrikaner verdwyn, en die tweede Van Rensburg-trek vind plaas, dié keer terug na Suid-Afrika. Dis 1962 en die leier van die trek is weer 'n Jan Janse van Rensburg, kleinkind van die Kommandant.

Dié terugtrekkery was 'n heeltemal impulsiewe ding, meen Riek. Dit het te make gehad met wortels en Afrikanerdom wat aangeblaas is deur "die dominees" oor Republiekwording; en deur Kenia se onafhanklikwording, wat in 1963 plaasgevind het. Die nuwe president was Yomo Kenyatta, 'n lid van die Kikuyu-stam en leier van die Mau Mau, en daar was 'n vrees vir die "terroriste" wat aan bewind gaan kom. Dan was daar ook die belewenis van die misrabele vlug van duisende Belge deur hulle dorp met stories van gruweldade.

In 1971 het Riek in die Kaap gaan studeer vir argivaris, en beland as bewaarder van antieke dokumente in Transvaal by die Hervormde Kerk, wat oor een van die beste private argiewe in die land beskik. Maar die ambivalensie oor sy Afrikanerskap het gebly.

Soos dit 'n argivaris betaam, is hy die geheue van geslagte van ongebonde, treklustige Afrikaners wat moes leer dat ware vryheid uiteindelik net in die gees kan leef.

**VERLEDE JAAR IN** Oktober het hy Kenia weer vir die eerste keer besoek. By die Hervormde Kerk op sy tuisdorp, wat nou gebruik word deur die Presbiteriane, was die hoeksteen met dié inskripsie: "Nederduitsch Herv. Kerk 1935" nog net so onaangeraak daar. Die preekstoel, kandelare, tant Maggie se roostuin en die sipresbome in die kerkhof.

In die konsistorie is 'n vergadering onderbreek om met hom te gesels. Die dominee vertel toe vir die Kerkraad in Swahili waarom hy die kerkgebou besoek. En skielik was dit of sy tong loskom en soos die dag toe hy vir die Engelse juffrou in Swahili moes tolk, kon hy regop kom en vir homself sê: "Ik ben een Afrikander."

# die SARK se dilemma:

## BEMIDDEL OF PROFETEER

**Die bemiddelaars en die profete was haaks tydens die pas afgelope vyfdaagse nasionale konferensie van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), skryf HENNIE SERFONTEIN**



Frank Chikane... "...as jy te krities jeens 'n besondere politieke party is, kan jy hom verloor."

MOET die kerke 'n bemiddelingsrol speel en probeer om die politieke partye weer by die onderhandelingstafel te kry, of moet hulle volgens 'n profetiese teologie optree en hulle by "die onderdruktes en armes" in die samelewing skaar?

Dít was die vraag wat telkens opgeduik het tydens die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) se pas afgelope vyfdaagse konferensie.

Dié debat is verder bemoeilik deur die feit dat die SARK reeds etlike jare gelede die regering as "onlegitiem" verklaar het. Noop dié besluit nie die kerke om niks met onderhandelinge te doen te hê nie? Moet die kerke nie selfs weier om in die strukture van die Nasionale Vredesverdrag of enige ander liggaam waar verteenwoordigers van die regering is, te dien nie?

Dié vrae is wel geopper, maar daar is nooit finale uitsluitsel gegee nie.

Van die afgevaardigdes en buitelandse waarnemers is egter ontevrede omdat dit voorgekom het of die SARK van dié sake wou vermy.

Só is verskeie besluite wat oor die onderhandelinge en die vredesproses handel na die Uitvoerende Bestuur verwys, wat finaal sal besluit oor hóé dit geïmplementeer moet word - dié liggaam sal dus finaal besluit of die SARK 'n bemiddelaarsrol saam met die kerk sal speel al dan nie.

Jimmy Palos, Metodiste-predikant en veteraan SARK-lid, en verskeie ander afgevaardigdes het beswaar gemaak dat die Nasionale Konferensie nie self die beleidsbesluite neem nie en omdat kontensieuse sake na die Raad verwys is.

**DIE DEBAT OOR DIE** bemiddelingsteologie teenoor die profetiese teologie is ontketen deur die verslag van Frank Chikane, algemene sekretaris van die SARK, waarin die eise van die kerke aan die regering asook die stappe wat kerke beoog indien daar nie teen 15 Julie aan voldoen is nie, uiteengesit is.

Aartsbiskop Wilfred Napier van die Rooms-Katolieke Kerk het die konflik tussen die twee teologiese benaderings na vore gebring.

Napier het gewaarsku dat indien die SARK 'n "te konfronterende" benadering volg, dit die bemiddelingsrol van die kerke sal ondermyn. "Die kerk moet bemiddel, maar ook die waarheid praat," het hy gesê.

Chikane het erken dat dit 'n dilemma vir die kerk is. "As 'n mens as bemiddelaar en fasiliteerder optree kan jy nie te krities wil wees nie. Want as jy te krities jeens 'n besondere politieke party is, kan jy hom verloor.

"Daar moet 'n balans wees in hoe 'n mens die twee verskillende rolle van die kerk met mekaar versoen," het hy gesê.

Maar Z Nevathula, predikant van die Evangeliese Lutherse Kerk van Venda, het dié standpunt van Chikane bevraagteken. "Is daar iets soos 'n bemiddelaarsteologie? Wie sê die kerk moet bemiddel? 'n Mens kan dit nie sonder meer aanvaar nie. Ons moet vra wat God wil hê."

**TYDENS DIE LATERE BESPREKING** oor beskrywingspunte was dit veral Smangaliso Mkhwatshwa van die Instituut vir Kontekstuele Teologie (IKT) en sekere jonger afgevaardigdes wat die nut van 'n bemiddelaarsrol en selfs deelname aan die vredestrukture bevraagteken het.

Hulle wou byvoorbeeld die uitvoerende bestuur verplig om ook, saam met burgerlike ongehoorsaamheid aan onbillike wette asook hongerstakings, die opskorting van enige gesprekke met "die regime" - as deel van 'n plan van optrede saam met ander organisasies - te aanvaar.

Na 'n persoonlike pleidooi deur Chikane is dié voorstel teësinnig laat vaar.

Die Uitvoerende Bestuur het volle magtiging ontvang om te besluit hoe die SARK sal optree na aanleiding van die regering se reaksie op die SARK se eise.

Later was dit weer Mkhwatshwa wat die konferensie beïnvloed het om 'n beskrywingspunt te verander wat die regering versoek het om die struktuur van die Goldstone-kommissie te verander en te versterk.

Daar was skerp kritiek op 'n voorstel van Stanley Mogoba, biskop en algemene sekretaris van die Metodiste Kerk en ondervoorsitter van die Nasionale Vredesverdrag, wat gevra het dat 'n neutrale vredesmag, bestaande uit MK, die polisie, weermag en tuislandvredesmagte, saamgestel moet word. Dié beginsel is wel later aanvaar, maar ook na die Raad verwys.

Verskeie ouer swart afgevaardigdes het sterk beswaar gemaak teen die onbuigsame benadering dat kontak met die regering en staatstrukture vermy moet word. "In ons gebiede is daar duisende slagoffers van hongersnood. Moet ons nie met die welsynsdienste saamwerk om lewens te red nie," wou hulle weet.

Maar die debat tussen die bemiddelaars en die profete duur voort, en hopelik sal daar eendag 'n finale antwoord hierop gegee word.

## GEBREK AAN RIGTING, SÊ NAUDÉ



Beyers Naudé... "...nog baie onsekerheid..."

DIE Nasionale Konferensie van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) kon nie tydens sy byeenkoms verlede week daarin slaag om duidelik rigting te gee in die debat rondom die vraag of die SARK en sy lidkerke 'n meer bemiddelende of meer profetiese rol in die huidige krisistyd in Suid-Afrika moet speel nie.

Dit is die mening van dr Beyers Naudé, die vorige algemene sekretaris en lewenslange ere-president van die SARK. Hy sê: "Daar is heel duidelik nog baie onsekerheid by die afgevaardigdes oor die rigting van die SARK. Die bespreking rondom die vraag is dus nog nie afgehandel nie, en sal beslis nog verder deurgrond moet word."

Naudé sê dit is duidelik dat die amptelike leierskap van die SARK die bemiddelende rol as baie belangrik beskou, maar dat baie van die jonger afgevaardigdes die profetiese rol as 'n prioriteit beskou.


Hy sien ook onbeantwoorde vrae en onsekerhede rondom die ultimatum wat die SARK aan die regering gestel het en wat op 15 Julie verval het. Naudé vra: "Watter spesifieke instansie of persone gaan namens die kerke besluit of FW de Klerk en die regering genoegsaam aan die eise voldoen het of nie?

"Dan het Aartsbiskop Desmond Tutu verlede week na 'n ontmoeting met FW de Klerk die indruk geskep dat die regering volgens hom feitelik reeds daaraan voldoen het. Dié persoonlike optrede van Tutu skep ook verdere vrae in dié verband."

Naudé vra daarom dat die Uitvoerende Raad van die SARK dringend daaraan aandag gee om toe te sien dat by 'n volgende konferensie sake van dringende ekumeniese en politieke belang prioriteit in die bespreking kry. So ook sake wat die beleidsbeginsels van die SARK raak.

"Die besware van sekere afgevaardigdes dat belangrike sake na die uitvoerende raad verwys is, het nie oor minder belangrike detail gehandel nie. Hulle was kwaad oor die gebrek aan tyd vir bespreking oor grondbeginsels en fundamentele teologiese sienings."

Naudé sê uit die bespreking was dit duidelik dat De Klerk en die huidige regering nie meer as verteenwoordigend en legitiem beskou word nie. "Hulle wil almal sien dat die regering so gou as moontlik verdwyn. Die vraag is net wat kan gedoen word om dit moontlik te maak." - HENNIE SERFONTEIN



Tony Yengeni... eers aktivis, dan openbare figuur (Foto: Rashid Lombard)

# herverdeling die enigste uitweg

**Tony Yengeni was in die laat tagtigerjare 'n huishoudelike naam weens die omstrede Yengeni-saak wat in Kaapstad aangehoor is. Na sy vrylating het hy sy gewig agter die ANC en SAKP ingegooi en die leierskapsleer vinnig bestyg. CHRISTELLE TERREBLANCHE gesels met die sekretaris van die ANC in Wes-Kaapland**

**MISKIEN** is dit 'n oorblyfsel van die tien jaar of wat ondergronds, die tyd in eensame aanhouding, of bloot deel van sy persoonlikheid, maar Tony Yengeni laat glip nie 'n duit meer as wat absoluut nodig is om 'n vraag te beantwoord nie.

Dit is maklik om te sien hy is eerstens 'n werker en aktivis, en dan eers 'n openbare persoonlikheid.

Na 'n ontploffing by 'n hostel-kompleks in die laat tagtigerjare, is hy in hegtenis geneem as leier van 'n sel van Umkontho we Sizwe (MK) en drie jaar aangehou saam met verskeie ander mense, onder andere sy vrou, Lumka, en SAKP-lid Jenny Schreiner. Die hofsaak wat gevolg het, was uitgerek weens die verhoor-binne-'n-verhoor aard wat dit aangeneem het, onder meer om vas te stel of sekere bekentenisse onder marteling plaasgevind het al dan nie.

In dié tydperk, 1988, het Yengeni en sy vrou in die gevangenis getrou, nadat hulle in 1982 in Lesotho die verbintenis sonder wettige seremonie moes aangaan. Die aangeklaagdes is eindelik vrywaring toegestaan en vrygelaat - ná drie jaar. Yengeni praat glad nie oor die drie jaar nie. "Ja, dit was baie swaar," is al wat hy wil sê.

Hy is in Port-Elizabeth as Xhosa-sprekende Suid-Afrikaner gebore, en was net twee maande oud toe sy ma na Kaapstad verhuis het om met sy pa te trou. Dit was die vyftigerjare en die gesin het in Claremont gewoon. Met die instelling van die Groepsgebiedewet, is hulle na Nyanga, 'n township by Kaapstad, verskuif. Later het die gesin in Guguletu gaan woon.

**SY OUERS WAS WERKERS,** vertel hy. "My ma was wat jy 'n tea-girl genoem het", maar het later as verpleeg-assistent gewerk. Sy pa werk na jare nog as klerikale assistent by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK).

"Hulle was glad nie polities ingestel nie," sê Yengeni. Toe hy later na die Oos-Kaapse Hillton Hoërskool gestuur is om sy skoolopleiding te voltooi, het hy by 'n vakbond aangesluit en sy politieke bewussyn het vlamgevat. Hy is geskors gedurende 'n staking oor die wit personeel se behandeling van leerlinge, maar het teruggekeer om sy matriek te voltooi.

Yengeni, nou amper 38 en steeds 'n getroue lid van sowel die SAKP en die ANC, verwys na Chris Hani as sy mentor en groot vriend. Nog 'n mentor was Gini Gugushe, wat in 1982 in 'n Suid-Afrikaanse veiligheismag-strooptog in Lesotho dood is.

Na skool het Yengeni vir die Kaapse stadsraad as klerk gewerk. Nadat hy saam met honderde ander afgedank is, het hy by 'n spesery-agentskap gewerk totdat hy afgedank is weens die verspreiding van 'n politieke pamflet op die werkperseel. Kort na die Soweto-opstande van 1976, het hy die land onwettig verlaat. Ná 'n tydperk in Lesotho, waar hy Hani leer ken het, is hy via Botswana, Zambië en Angola na die destydse Sowjet-Unie, waar hy in Moskou in die sosiale wetenskappe studeer het.

Yengeni het sy aandag toegespits op die filosofie, politieke ekonomie en sosialistiese teorie en daarna, in 1982, na Lesotho teruggekeer. Daar het hy sy vrou Lumka ontmoet.

**"EK IS ONTPLOOI AS** streek-sekretaris van Sactu (South African Congress of Trade Unions) en was terselfdertyd betrokke by die bevelstrukture van MK en die ANC, wat in daardie tyd in verbinding was met die ondergrondse strukture in Suid-Afrika.

"Ná die staatsgreep in 1985 op Lehaboa Jonathan se bewind, is ek ingestuur as streeksbevelvoerder van MK in die Wes-Kaap. Ek was ook betrokke by die ondergrondse strukture van die Party en die ANC," sê hy. Na bykans twee jaar is hy in hegtenis geneem weens vermeende medepligtigheid aan die ontploffing.

"Nou is ek so besig, daar is amper geen tyd vir ontspanning nie," sê hy. Hy is 'n lid van die SAKP se Sentrale Komitee, streeksekretaris van die ANC en was ook lid van die alliansie se strategie-komitee vir Kodesa. Wanneer hy wel 'n tydjie kan afknyp, gaan fliek hy. "Dit laat jou ontvlug en 'n mens kan regtig lag," sê hy. Meer dikwels beteken ontspanning vir hom die tyd agter die stuur as hy na die Kaapse plattelandse gebiede ry om met strukture daar te gesels.

**HY VERTEL DAT** hy nie drink nie, omdat dit hom siek laat voel. Net toe daag koffie op, en hy dring aan op sy Rooibostee. "Ja, ek probeer gesond lewe," maar hy gee toe dat sy gunstelingkos vleis is - veral "cottage pie".

"Vir partytjies is daar geen tyd nie en baie min vir lees," sê hy.

Yengeni beskou Wes-Kaapland as 'n uitdaging vir sy organisasie. "Dit is nie net belangrik omdat dit die mees suidelike punt van Afrika is nie, maar ook omdat die parlement hier is en waarskynlik hier sal bly. Dan is dit ook die enigste streek waar 'n meerderheid van die bevolking bruin is en nie swart nie. Boonop is hier 'n ryke geskiedenis van liberalisme en pro-demokratiese beweging.

"Dit is natuurlik 'n ingewikkelde gebied, en geen maklike taak nie, maar belangrik vir demokrasie in Suid-Afrika."


Selfs nou sien hy sosialisme as die enigste oplossing vir die land se probleme en beklemtoon dat die land sedert 1652 deur kapitalisme verdruk is.

"Kapitalisme kan daarom nie die antwoord op ons probleme wees nie. Wat ons nodig het, is 'n herverdeling van kapitale rykdom," sê Yengeni.

Hy is ook 'n groot ondersteuner van die gedagte dat die SAKP so onafhanklik as moontlik van die ANC moet bly. "Die SAKP-profiel moet duidelik gemaak word, selfs in massa-aksie. Ons moet seker maak dat die party se posisie so duidelik moontlik uitgedruk word, en nie net die geallieerde standpunt stel nie."

CASPER DE VRIES
LAAT JOU LAG
✦ Casper gesels met Anna-Mart van der Merwe.
✦ Casper lees jou Tarot kaarte.
✦ Casper leer jou hoe om in Afrikaans te vloek.
SKAKEL 0872 0872 55
OPROEPE KOS R2.52 PER MINUUT
VALUTEL (011)402 0735 206





The Great Buddha of Kamakura

# the buddha smiles

**If you imagine that the Great Buddha of Kamakura looks stern, look again - that's only the face he puts on for visitors, writes LOURENS ACKERMAN from Tokyo**

THE Japanese, it would seem, have few qualms in blurring the lines between religions. They will have a Shinto shrine in the house, a marriage sealed in a Christian church, and a will that insists on their having a Buddhist funeral.

When asked about this they will simply shrug as if to say "why not?" and then laugh at their own irreverence. While Shinto is properly Japanese, Buddhism came to Japan via the mainland hundreds of years ago. They have never clashed, co-existing peacefully for well over a thousand years.

Japan has three religious cities: Kyoto, Narra and Kamakura. I decide to spend a Sunday on a religious outing to Kamakura, just outside of Tokyo, to visit the Giant Buddha, made of bronze and one of the sights of Japan.

Just over thirteen metres tall, he has sat as he now is for over 700 years, silently. Only once did he tremble - when the great Kanto earthquake of 1923 rocked him on his pedestal. But it couldn't topple his 210 000 pounds.

He used to be housed in a temple but it was destroyed by a tidal wave in 1495 - leaving him exposed to the seasons, as he has been ever since.

**THE ROUTE BY RAIL** to Kamakura is scenic: it meanders along the coast, through green maple and cedar trees, the tracks sometimes leaving the sea to curve into a little town before returning to the coastline.

The sea this morning is warm and blue. There are yachts out, their white sails bright and clean, and two surfers are bobbing up and down in the small swell. They can't be surfing because there aren't any waves. But they are out there, togged up in expensive looking lime green and pink dayglow wet suits drifting off-shore on fast-looking surfboards. They seem very confident, as if they could paddle to Russia should the need arise.

But what if a wave should come along? An Australian tells me he once saw between fifty and sixty of these neoprened paddlers looking alert and purposeful but not actually doing anything except lying on their boards like painted sea-otters. He watched for an hour without seeing one of them catch a wave. The only rideable wave, he says, was conveniently ignored - as if it had caught them all unawares.

**THE TRAIN ARRIVES** at Kamakura with the sun still shining. On my way to the Giant Buddha I am drawn, beckoned one might say, by a little side road that runs a straight hundred metres before stopping at the foot of a hillock, part of a larger clump of hills running alongside the main road. Among the green foliage is hidden one of the many temples sprinkled about the Kamakura area. This one belongs to the Hasedera, Goddess of Mercy.

The temple grounds are tiered, with the temple on the third and top level. It is, like so many of its kind, a small, simple, graceful wood structure with upward curving lines, a wide, open, entrance, and a cool interior, shaded and peaceful. At the door stands an incense bath, a miniature pagoda, from which wispy trails of grey incense escape.

Before entering the temple people gather around the pagoda and clean themselves by sweeping the smoke over their bodies with flailing arms.

To one side is a look-out post with a view of square little houses and the beach below. On rough brown benches made from logs families and couples are sitting eating, drinking, talking, laughing, shouting, with perhaps an occasional visit to the temple or a stroll about the lush gardens before returning for another bite to eat. This could be the tenor of the day.

The first and second tiers have a series of connecting ponds rimmed with grass and moss-covered rocks and supplied with water by intricate arrangements of bamboo pipes. These bubbling little pools are filled with the drifting shapes of Japanese carp in a variety of colours: red, yellow, white and orange. They seem tame and grumpy, moving close to the surface gulping at invisible particles of food or snapping at the reflection of passing ankles.

**BEYOND THE POOLS** is a cave that turns out to be a series of linked chambers, low roofed and dark, dripping water and candle-wax. Inscriptions have been made on the walls and religious objects have been placed on shelves that line the rock sides.

It is dark and unpleasant inside and when I return to the sunlight I see an old man come out of the door of a flat building next to the path which leads to the cave. He is dressed in a black summer kimono. His head is shaven and very pointed and it makes him look a bit like a raven. He leans heavily upon a shiny polished wooden walking stick. About his neck hangs an embroidered gold cloth, square and tassled. It seems heavy with symbolism and religious tradition, so that he bows forward when he walks.

His progress is implacable, step by step he moves along the stone path towards the cave. He looks neither left nor right, moving with a slow forward-rolling motion; people ahead part to let him through; straight as an arrow he goes, black and gold and silent, leaning all the time a little to the right.

I stop to watch him. He is still in the sunlight and as if there was no space or movement between this and the darkness of the cave beyond, he disappears into it. Its round mouth closes upon him as if it knows him well...

**CLOUDS ARE BEGINNING** to gather overhead so I move on. The Giant Buddha sits large and quiet as a giant buddha should, contemplating the world. The waters that have run down his front in the rainy seasons have left green streaks on his brass chest. His hands are properly fixed in his lap, in response, and his daily batch of visitors offer coins at his feet.

His expression is one of solemn serenity, he looks only slightly pained. In his back are two flaps that have been left open - but they would have been better shut, because I have now looked inside and seen that he is hollow. Never mind. His head is covered in small bumpy whorls and he is sitting ever so slightly forward so that the single cloak which the unkown artist draped about his shoulders falls open at the waist to expose a rounded chest and a belly almost ready to turn plump.

His eyes are closed or alternatively carefully slitted, which makes him either unaware or very conscious of the people who come to visit. They are generally a jolly lot, cavorting at his feet, pausing long enough to clap their hands together twice and bow their heads for a few seconds before returning to admire him with oohs and aahs.

He was made 730 years ago from the funds collected by the priest Johko in accordance with the wish of Yoritomo, the first Shogun, and the Emperor Shijo. A notice has been placed at the entrance of the grounds that reads:

**His expression is one of solemn serenity, he looks only slightly pained. In his back are two flaps that have been left open - but they would have been better shut, because I have now looked inside and seen that he is hollow.**

*Strangers, whosoever thou art and whatsoever thy creed, when thou enterest this sanctuary remember thou treadest upon ground hallowed by the worship of ages. This is the Temple of Buddha and the gate of the Eternal, and should therefore be entered with reverence. By order of the Prior.*

It's the closest I come to religious pomp the whole day.

**IT STARTS RAINING.** We all hurry away laughing at being caught in the rain and leave him behind to himself.

His lips, like his eyes, are ambiguous. I noticed a pout on them when I arrived along with all the other sightseers. Now, leaving, I stop and look back. He sits curiously alone and content. I am farther back so it may be the angle, but his stern demeanour, his face for his visitors, has vanished. There is now the faintest trace of a smile around his mouth.

I leave with the feeling that had I stayed longer I would have seen him burst out laughing, the laughter rumbling forth from his deep hollow stomach.

I want to go back and visit him again another day.

# arabiese vroue mik na politiek

## Die bevryding van vroue in die Persiese Golf vorder aansienlik, skryf NADIN KAWASH

**ABU DHABI** - Arabiese vroue van die Persiese Golf, aangemoedig deur toegewings wat ná die Golf-oorlog aan hulle gemaak is deur hul konserwatiewe samelewings, begin nou daaraan dink om die politiek te betree.

"Maatskaplike houdings in die Golf was reeds aan 't verander - maar die oorlog het die bevryding van vroue versnel," sê Hussa Khalidi van die Verenigde Arabiese Emirate (VAE). "Vroue is nou opgevoed en word nie langer bloot as huisvroue beskou nie."

Die Golf-oorlog, wat gevolg het op Irak se inval van Koeweit in 1990, het Arabiese vroue aansienlike toegewings deur hul regerings besorg.

In Saoedi-Arabië, die mees konserwatiewe Golfstaat, is vroue toegelaat om hulle by die mediese en humanitêre afdelings van die weermag aan te sluit, terwyl hulle in die VAE diens kan doen in die leër.

In Koeweit dring vroue nou aan op stemreg en in Qatar en Oman kan hulle hulle by die polisie aansluit.

Maar dis veral na die politiek dat die vroue nou begin mik namate hul peil van opvoeding styg. Tot dusver was politiek uitsluitend die mans se domein in dié olieryk, maar stamgebonde Moslem-streek.

"Vroue in die VAE het merkwaardig gevorder op die gebied van kultuur en opvoeding - en vaar in sommige gevalle beter as mans," sê Rafia Gobash, 'n professor aan die Universiteit van die Emirate.

"Ongelukkig is hulle egter nog nie die kans gegun om aan die politiek deel te neem nie - en het hulle nog nie eens die reg daartoe verkry nie. Dit is die gevolg van die maatskaplike stelsel, wat behep is met die idee dat die man die gesaghebber moet wees," sê sy. "Dié houding heers in die ganse Golf-gebied."

**HOEWEL VROUE** hulle al by politieke instellings aangesluit het in sommige state van die Raad op Samewerking in die Golf, is hul werk hoofsaaklik beperk tot administratiewe en junior poste wat hulle nie toegang tot besluitneming gee nie.

Dié stand van sake het 'n tekort aan plaaslike arbeid veroorsaak, sodat die Golf-gebied sedert die ontdekking van olie swaar moes steun op buitelandse werkers.

"Vroue het die reg op werk in sommige gebiede - maar ek dink die beste werk vir 'n vrou is om na haar tuiste en haar kinders om te sien," het die VAE-president Zayed Ibn Sultan Al-Nahayan nog onlangs gesê.

Voor die ontdekking van olie hét vroue uitsluitlik huiswerk gedoen. Dat hulle sedertdien aansienlik gevorder het, word bewys deur berigte dat enkele vroue verlede jaar benoem is as kandidate vir die VAE se parlement, die Federale Nasionale Raad. Hul benoemings is egter later laat vaar omdat amptenare nie die ander Golfstate aanstoot wou gee nie, sê Gobash.

"Ons hoop dis nie 'n onoorkomelike struikelblok vir vroue in die VAE nie, anders gaan die ander Golfstate ons verbysteek," sê sy. - AFP

## HINDOES EN MOSLEMS HAAKS

AYODYA, Indië - Fundamentalistiese Hindoes doen vrywillige konstruksiewerk aan die Rama-tempel met die 400-jarige Moslemse Babri-moskee in die agtergrond. Hindoe-fundamentaliste wil dié moskee vernietig want, sê hulle, dit is gebou op die plek waar hul heer Rama gebore is. - AFP



# eksodus van boere uit zimbabwe

## Zimbabwe se nuwe Wet op Grondaankope kan die kommersiële landbou in dié land 'n groot knou toedien, skryf SUSAN NJANJI

**HARARE** - Talle wit kommersiële boere, wat heftig gekant was teen regeringsplanne om die helfte van hul grond te nasionaliseer, het na berig word besluit om na die buurstaat Zambië te trek namate die Wet op Grondaankope toegepas word.

Meer as 300 boere beplan tans om in Zambië te gaan boer en daar word verwag dat die uittog ernstige gevolge gaan inhou vir die landbou, die ruggraat van Zimbabwe se ekonomie.

Die uittog na Zambië word boonop aangemoedig deur die nuwe grondhervormigs van pres Frederick Chiluba van Zambië. Die nuwe Zambiese leier vry na sowel binnelandse as buitelandse beleggings deur die benutting van groot stukke grond langs die korridor in besit van die Tanzania-Zambië Spoorwegowerheid (Tazara).

Volgens die president van Zambië se Kommersiële Boere-unie (OFU), wat 4 000 lede het, kom die besluit om na Zambië te trek in reaksie op Zimbabwe se besluit om dele van hul grond te herverdeel vir nedersettings.

Ingevolge die Wet op Grondaankope wat vroeër vanjaar bekragtig is, sal die regering sowat 6 miljoen hektaar vrugbare landbougrond nasionaliseer. Honderde duisende grondlose swartmense wat tydens die guerrilla-oorlog grond beloof is, sal hulle op dié grond vestig.

Wit boere is ontevrede omdat hulle meen hulle word nie genoegsaam vergoed vir dié grond nie. Die eerste grond is die naweek vir herverdeling uitgewys - 13 eiendomme wat sowat 6 800 hektaar beslaan.

Die Zimbabwiese landbou lewer tans bemarkbare produkte ter waarde van sowat 500 miljoen dollar per jaar, wat sowat 42 persent van die land se inkomste aan buitelandse valuta uitmaak.

Sowat 59 persent van Zimbabwe se nywerheidgrondstowwe kom van die landbou en die landbou verbruik 66 persent van die land se nywerheidsprodukte.

Die kommersiële plase verskaf werk aan sowat 300 000 mense - dis die land se grootste enkele werkgewer - en sowat 2 miljoen mense is van die kommersiële landbou afhanklik. - AFP



Pic: Sarah Prall

# down at the dumps

**Dumping sites are the graveyards of the consumer society. But it provides a living for the garbage site workers. LUCKY KHUZWAYO pays them a visit**

"NONE of us really want to work in garbage," says Maria Chauke. "Garbage workers have a hopeless future. But what else can we do? We don't find jobs. Life is a struggle. It seems we will suffer forever."

Chauke supervises a group of women who sift through the garbage at a dumping site in Pretoria, looking for recyclable waste.

The place is rather noisy. Trucks and bakkies drive in and out.

"Papers and cardboard boxes are taken back to Nampak for renewal," says Chauke. "Nampak makes toilet papers with these papers and new cardboard boxes."

Plastics are taken to Rosslyn where they are recycled into plastic pipes, she says. Cans and bottles are also collected for recycling.

Chauke, a divorcee, is the mother of four children. Three of them are at school. She comes from Klipgat near Mabopane and commutes to Pretoria by train. Her monthly ticket costs R43.

"I am not sure when this site was opened, but I have been working here for eight years," she says. "I have never been employed elsewhere - I started working on this dumping site."

**THE WOMEN** work for an employer who has a contract to collect waste for recycling. They also find things which are useful to them personally.

"Old clothes, shoes and some books," says Chauke. "We have been warned not to take edible things - there might be poison in them."

Despite a regulation against taking things home, workers who live nearby are able to take some building material for shacks. They are not searched at the gate.

Entry to the site is restricted. Non-employees are not allowed inside without a permit and the site is guarded day and night. It's not easy for outsiders to come and scavenge.

"To come and pick up things is not a problem, but people come here and burn everything, that's why they are barred from this site," says Chauke.

"Our salaries fluctuate. For those who collect paper, it depends on the number of bags one has managed to fill up and the weight.

"People are not the same," says Chauke. "Some are lazy, others are willing to work. There are 39 bags here," she says pointing at the bags among which we are standing. "I get R215 per fortnight," says Chauke.

The waste collectors place the bags in the waste container. Trucks will collect the bags to be weighed.

**AT A DUMPING** site near Tembisa I meet Mthuthuzeli Hamilton Ndaba, who has been working there for about five years.

"It's difficult to find a job these days, especially if one is unskilled like myself," says Ndaba. He has been working on dumping sites since 1971.

Even though non-employees are not allowed on the dumping sites, many destitute people are driven inside to scavenge, he says.


"Yes, they are many. They come almost every day to pick whatever is useful to them," says Ndaba.

"Mostly they are shack dwellers who come to look for material to build shacks. They are not allowed, because they disturb us while we are working. The patrols chase away whoever they see here. But the patrols are not here on a full-time basis. After 4.30pm, when we knock off to go home, then the people take chances. "That's where they come in," says Ndaba, pointing to a small opening in the fence.

The garbage workers work in "specialist" groups. "Some pick up papers and plastics," says Ndaba. "Our group specialises in plastic spoons, teaspoons, sauce containers, cups and foil papers - all these are from the airport."

Some items are still useful. There lies a bag of cement, and next to it a steel coffee-table. And I think: Someone is fortunate.

And then it strikes me: there are few societies where one would think of someone as "fortunate" who scavenges on other people's garbage...



Pic: Sylvia Moresche



Pic: Sarah Prall



Pic: Sylvia Moresche



Pic: Sylvia Moresche



Pic: Sylvia Moresche



# alle paaie lei na maclear en elandshoogte

**Verder en verder van die teerpaaie, dorpe en mislukte Kodesas af, het PEARLIE JOUBERT in die Drakensberge beland en 'n dag of wat in die son gesit**

EK het nie beplan om soontoe te gaan nie. Almal het gesê dis te koud. Maar toe jack-knife 'n lorrie in 'n donga 'n ent buitekant Umtata. En die kinders op die heuwels langs die hoofpad kyk in afgryse na die stukke van die bestuurder teen die gekraakte ruite... Toe vat ek sommer die eerste afdraai weg van die lorries en dorpe. En alle paaie lei mos na Maclear en Elandshoogte. Die R369 loop deur Tsolo - 'n gehuggie met 'n ry winkels en taxi's en Transkeise blou en wit materiaal teen die draad langs die Cuba-winkel, oor 'n vertakking van die Umzimvubu wat kilometers verder by Port St Johns uitmond, en deur Ntywenka - met 'n kruiewinkel wat nie vóór of ná middagete oopmaak nie en waarin jy, as jy mooi deur die vuil vensters kyk, tafels en rakkies vol dooie blare en goeters sien.

Erens tussen Ntywenka en Maclear ontmoet jy vir Peter Phillips langs die pad. Jy kan hom nie mis nie. Hy ry baie stadig op 'n pad vol slaggate en kyk na elke mens wat verbykom. Dan knik hy sy kop en hou die stuurwiel en 'n Chesterfield met een hand vas.

Peter ry vir 'n lewe. En dit lyk of hy net met die een pad heen en weer ry - vier dae later oppad terug waarheen ook al, kry ek hom weer. Dié keer by Sidwadweni se garage waar hy 'n uiltjie in sy bakkie knip. Wéér met die een hand op die wiel en 'n sigaretstompie tussen sy vingers. Hy sê hy's 'n vorige lewe gelede al deur die Suid-Afrikaanse en later die Transkeise regering in diens geneem om paaie te inspekteer. Peter hou ook nie van die teerpaaie nie. Hy verkies die grondpaaie "wat ry tot waar die pad ophou - daar waar alles eindig in 'n uitsig oor die hele wêreld". En 'n son wat besig is om te sak, kan mens jou verbeel.

Ntywenka is die laaste Transkei-dorp voordat jy weer in daardie snaakse stukkie uitsteek-Suid-Afrika tussen die Transkei en Lesotho is. As jy reguit aanry, ry jy eers wéér deur 'n stuk Transkei voordat jy in Lesotho aankom.

As jy die grens-kennisgewings mis wat sê waar jy is, kan jy altyd van die grootte van die slaggate en die bokke in die pad aflei wáár jy is. In daardie stuk Noordoos-Kaap is die slaggate so groot soos king size pizzas en daar is nie juis bokke in die pad nie - meestal skape. In Transkei is daar meer bokke en die slaggate is so groot soos Checkers se groot verjaardagkoeke.

**AS DAAR NIE 'N HEK** en 'n paar roosbome was nie het Maclear se hoofstraat reg deur die NG-kerk geloop. Daar's twee hotelle. In die hotel in die hoofstraat se kroeg sit 'n paar ouerige swartmans en Lions drink. Van die hotel-bestuurder of ontvangspersoon is geen teken nie. In die ander vertrekke - selfs die kombuis - is geen lewe nie. Die mans in die kroeg praat nie Engels of Afrikaans nie en beduie dat hulle nie weet waar enigiemand is nie. Selfs die kroegman is weg. Die tweede hotel, om die draai van die kerk, se kroeg is vol rondreisende verkoopsmanne, twee jong polisiemanne, boere van die omgewing en ander locals wat saans voor die vuur kom sit of pool speel. Peter is ook daar. Hy "woon" in die Maclear-hotel. En sy vriend Ernest Oelofse is ook daar met sy siek hond buite in sy bakkie.


Ernest bly nie lank nie. Ek sou ook nie - in die Maclear-omgewing vries bier en lemoene in die motor nadat dit 'n nag buite gestaan het. Mens kan net dink wat dit aan 'n siek, beseerde Jack Russel kan doen.

**Die houtstoof brand heeldag. Op 'n houtrakkie bo die tafel lê 'n rewolwer tussen twee bottels whiskey en emalje-koffiebekers.**


"Kom kuier. I'll tell you something that will make you wonder: Am I big enough for this?"

Niemand moet ooit dít sê nie. Met so 'n uitdaging ry ek met sonsopkoms die byna onbegaanbare pad Elandshoogte uit op soek na die Shephard's Hope-afdraaibordjie. Dis nege-uur die oggend. Op advies van Maclear se garage-eienaar drink ek Wild Turkey om die koue uit my bene te verdryf, ry verby die Mcambala-afdraai en vyftien kilometer verder verby 'n polisiekantoor wat meer verlate as die Bagdad Cafe lyk.

# "Ek het opgehou om mense te moer. Dit help tog nie. Dit verander nie iets nie. Maar ek dink steeds dat sekere geweld suiwerend is. Dit laat 'n mens weer suiwer voel. Ek wil compassion met mense hê en daarom probeer ek soms in ander mense se boots klim."



Ernest Oelofse... "Kom kuier. I'll tell you something that will make you wonder: Am I big enough for this?"



**OP SHEPHERD'S HOPE** se doodgerypte ougeel-werf lê ses honde in die son teen die klipmuur van die plaashuis. Die plaashuis lê aan die einde van die grondpad aan die einde van nog 'n dag in 'n dippie tussen die yskoue voete van die Drakensberge. Honderde henne en een haan pik-pik in die vaal gras rond en in die kombuis voor die houtstoof speel Earnest vir sy drie maande oue-babaseuntjie bekfluitjie.

Die houtstoof brand heeldag. Op 'n houtrakkie bo die tafel lê 'n rewolwer tussen twee bottels whiskey en emalje-koffiebekers. Daar is nie elektristeit of 'n TV nie. Ek sien of hoor ook nie 'n radio nie en die koerante wat rondlê is 'n paar weke oud. Intussen is Boipatong se inwoners vermoor, FW de Klerk was in én uit die township en Kodesa sien sy gat... En ek dog die wêreld staan stil in 'n ysige Juliemaand in die Drakensberge.

**ERNEST IS 'N LANG** man. Baie lank. Oorspronklik 'n Florida-boytjie wat nie 'n dusty miner boy soos sy pa wou word nie. 'n Leeftyd gelede was hy 'n joernalis by die *Rand Daily Mail*.

Ek hou die haan vas terwyl hy dié se kam knip. Kort voor sonsondergang. Hy vertel hoe hy eens op 'n tyd ryk mense "van hul rykdom verlig het" en hoe hy potjiekos gemaak het voordat dit mode geword het. Hy vertel ook dat hy pittbulls aangehou het en dat twee van hulle lank terug iemand doodgebyt het. Daarna het hy wat Ernest is "uitgefok" omdat daar so min mense met "compassion" in die wêreld oor is.

Hy dra boots en levi's en speel Backgammon vir geld. Janice, sy vrou, noem hy "Winny" omdat sy 'n wenner is. Wanneer hy vergeet om melk in haar tee te gooi, noem sy hom 'n "ignorant fool". Sy neus was al nege keer gebreek maar hy't nog nooit eerste geslaan nie.

"Ek het opgehou om mense te moer. Dit help tog nie. Dit verander nie iets nie. Maar ek dink steeds dat sekere geweld suiwerend is. Dit laat 'n mens weer suiwer voel. Ek wil compassion met mense hê en daarom probeer ek soms in ander mense se boots klim."

Janice glimlag. Sy kyk af na haar swart tekkies.

Voordat sy opgepak het om saam met Ernest te loop, was sy 'n bioloog wat "radio-aktiewe stowwe in proefbuise gegooi het".

"Nou doen ek die baba ... met my dae, werk in die tuin, is besig met die kalfies en varke - speen hulle, gee kos en later slag ek hulle."

**ERNEST HET DIE** halwe waarhede van die joernalistiek, drank en dagga, Johannesburgse kroeë, garage-bands en blues vir 'n lewe verruil wat min of meer só verloop het: Hy't vir Janice in Pietermaritzburg ontmoet, vir haar, 'n paar meubels, 'n krat of twee hoenders, honde en 'n motorfiets op sy bakkie gelaai en Oos-Kaap toe gery.

Twee plase later, waarop hy en Janice "bywoners" was, het hulle Shephard's Hope gekoop - met die plaasnaam op 'n bord vol groen poelpetaters (Wellingtons vir tarentaal). En sedertdien (die afgelope ses jaar) staan Ernest en Janice soggens op, speel met die baba, maak koffie en tee, eet dalk 'n lemoen, rook 'n Camel-plain en kyk oor die stil verlate stuk land uit.

Dalk sal hulle vandag die ham ophang of miskien eers môre, of miskien vir een van die honde 'n frizbee gooi, of miskien gou na die kalfies gaan omsien, miskien pasta vir aandete maak of dalk eerder skaaptjops en avokadopeer-toebroodjies. En later die aand word klein Joseph op die kombuistafel gebad en onthou Ernest hoe home-sick hy was terwyl hy in Nieu-Seeland vir 'n jaar lank getroud was. "Sy't nie van Backgammon gehou nie - die verhouding sou nooit hou nie."

Die lewe het op 'n tyd vir Ernest 'n "kak hand gedeel". Daar was die storie van sy pitbulls wat die huiswerker doodgebyt het... Ernest het na werk terug Roodepoort toe duimgegooi toe 'n joernalis-vriend hom oppik en sê hy is op pad na 'n huis waar iemand deur twee pitbulls doodgebyt is. Dit was sy huis én sy honde.

"Ek weet tot vandag toe nie wat om te sê nie. 'n Mens gaan maar net aan nadat jy alles gedoen het om jou gewete te sus. Ek was te laat... in more ways than one."

Ernest en Janice sê hulle kan maar doodgaan daar tussen die berge. Hulle mis nie die stad en hoofpaaie nie, "net die flieks", sê Janice. "En ek mis 'n goeie Backgammon-partner," sê Ernest waarna Janice skeef na hom klap.

**JOHN DEWES, 'N VRIEND, WOON OOK** op die werf. Hy staan soms in die skuur langs die agterdeur en verf stil-stil vir 'n hele dag lank. Soggens staan hy eerste op en maak koffie vir die huismense. Saans stook hy vuur en, nadat Janice gaan inkruip het, speel hy en Ernest 'n potjie skaak. Soms rol hy 'n zol en raas met die twee Jack Russels wat steeds saans in die kombuis piepie.

John het die tuin teen die ryp en ys wat vanaf Naudesnek aangewaai kom probeer beskerm deur boombas oor die grasperk en wit magrietjies te pak. Drie dae gelede se stormsterkte wind het alles egter afgewaai en nou hardloop die honde daarmee rond.

**EEN OGGEND IS** daar ys in die glas langs my bed. Ernest verduidelik dat die pad na Lesotho oor Naudesnek - die hoogste bergpas in Suid-Afrika - loop, deur Rhodes met sy pophuisies, Moshesh's Ford en regs uit na Lundean's Nek oor Tele Bridge. Daartussen is die Tsitsa-watervalle, boesman- tekeninge, versteende Dinosourus-voetspore en die beeldskone Joelshoek-vallei waar God seker eendag sy aftree-huis gaan bou.

Kort duskant Lundean's Nek wil die gehuurde Toyota nie meer nie. 'n Boer en sy werker op 'n vierwielaangedrewe bakkie kom uit die bloute daar aan en lag lekker toe ek sê ek's op pad Lesotho toe. "In dié karretjie? Met daai ou truitjie aan?" vra die boer en haal sy pyp uit sy baadjiesak.

Ek lag toe maar ook en sê nee wat, ek speel maar net. Ek het maar net so 'n entjie gaan ry en draai sommer nou-nou terug...

# plutonium om die kaap: hier is die feite

## Daar is wye vrese dat die plutonium wat moontlik per skip om die Kaapse seeroete geneem gaan word, 'n gevaar vir Suid-Afrika inhou as die skip iets sou oorkom. PEARLIE JOUBERT het die gevaar probeer peil

**SUID-AFRIKA** kan niks doen om te keer dat Japanse skepe mét vragte plutonium langs die Kaapse seeroete vaar nie.

Die regering het toestemming geweier dat die eerste van dié skepe, die Pacific Crain, binnekort met 'n ton plutonium aan boord Suid-Afrika se ekonomiese waters, 360 km van die kuslyn, binnevaar. Maar buite dié gebied het Suid-Afrika geen jurisdiksie nie.

Die verskepings vanaf Cherbourg in Frankryk na Tokio is deel van 'n kernkrag-program waarvoor sowat 100 ton plutonium oor 'n tydperk van agt jaar geberg gaan word. Die plan is dat een ton plutonium een maal elke twee maande vir die volgende agt jaar Frankryk sal verlaat na Tokio.

Maar dit is nog nie heeltemal seker of die Kaapse seeroete gebruik gaan word nie. 'n Woordvoerder van die Raad vir Kernveiligheid sê die Britse kernkragliggaam, wat verantwoordelik sal wees vir die verskeping van die plutonium, het aangedui dat die Panama-kanaal gebruik gaan word. As toestemming hiervoor geweier word, sal die Kaapse roete gebruik móét word.

GAY ASTRO MATCH

VIND JOU LIEFLING STER

Maak seker van onseker afsprake! Met Gay-Astro-Match, is jou sielsgenoot dalk net 'n oproep ver. Ervaar die vertroue en veiligheid van volmaakte karakteraanpasbaarheid. Die tydbeproefde kunde van die Astrologie (nie net jou sontekens nie) is die beste manier om aanpasbaarheid te verseker. Gay-Astro-Match bied jou 'n lys van gepaste nuwe maats asook 'n gratis 40-50 bladsy gedrukte studie van jou persoonlike geboortekaart wat al jou astrologiese data bevat.

MANS Skakel 087-30-00-810
DAMES Skakel 087-30-00-811

BEHOU DIE SPRANKEL IN JOU VERHOUDING

Al is julle verhouding langdurig of pas aangeknoop, sal ons spesiale Astrologiese Aanpasbaarheidlyn julle 'n diepgaande 20-bladsy gedrukte analise van die verhouding gee, wat kosbare insig bied in die geheimenisse van liefde en vriendskap.

MINNAARS Skakel 087-30-00-809
VRIENDE EN KOLLEGA'S Skakel 087-30-00-815

ONTDEK JOU EIE MENSWEES

Verseker dat jy altyd op die regte oomblik op die regte plek is. Met behulp van die omvattende 40-50 bladsy uitleg wat jy gaan kry, sal jy buitengewone insig kry in dit wat jy ervaar en wat die toekoms vir jou injou in die maande wat voorlê. Skakel nou en kry beheer oor jou lewe!

087-30-00-814

PHONE MEDIA 402-1580

Column G3 15 0010

Suid-Afrika is, volgens Greenpeace Internasionaal, Japan se laaste opsie betreffende die vervoer van die plutonium. Aanvanklik sou die plutonium oor Kanada na Japan gevlieg word, maar die Kanadese regering het geweier, waarna die VSA-regering óók geweier het dat enige Japans-bestuurde voertuig met radio-aktiewe stowwe VSA se gebiedswaters mag binnekom.

Die Amerikaanse senaat het met 'n groot meerderheid die vervoer in Amerikaanse gebiedswaters verban omdat die houers waarin die plutonium vervoer gaan word glo nie aan die nodige standaarde vir veiligheid voldoen nie.

Indien net een ton van die plutonium in Suid-Afrikaanse waters sink en die plutonium vrygestel word, kan kusgebiede vir sowat vyftigduisend jaar onbewoonbaar wees, sê 'n woordvoerder van Earthlife Africa, Chris Albertyn. Net een vrag plutonium is genoeg om 500 Hiroshima-atoombomme te maak.

Die spesifieke soort plutonium wat dalk rondom die Kaap verskeep gaan word, plutonium-oksied, is volgens Greenpeace lewensgevaarlik omdat dit so maklik ingeasem kan word en deur die voedselketting opgeneem kan word.

**WANNEER DIT EERS** in die omgewing vrygestel is, is dit - weens die radioaktiwiteit daarvan - dodelik vir tienduisende jare. Volgens Earthlife Africa is een ton plutonium genoeg om alle mense op aarde een duisend maal kanker te gee.

Indien die plutonium-houers sink, kan dit 'n maksimum tyd van 200 jaar lank hou voordat dit begin lek.

Plutonium, as dit in water beland, vergader in skulp-visse. Deur middel van die voedselketting beland dié radio-aktiewe stowwe in die menslike liggaam.

Maar die raad vir Kernveiligheid beskou die risiko as heelwat kleiner. Daar is 'n "een uit vyfmiljoen kans" dat Suid-Afrikaners nadelig geraak kan word deur die plutonium sou die skip iets oorkom, sê die raad. "Dié besigheid is nie sonder risiko's nie en ons moet filosofies wees wanneer ons die redelik haalbare veiligheid bepaal van so 'n verskeping om ons kuslyn. Ons syfers vergelyk met die kanse van iemand om dood te gaan tydens 'n aardbewing of iemand wat deur 'n slang gebyt word," sê die Raad se woordvoerder, J Metcalfe.

Plutonium mag, volgens die Wet op Suid-Afrikaanse Kernkrag (1982), nie in Suid-Afrikaanse gebiedwaters vervoer word nie en geen vaartuig met plutonium aan boord mag by 'n Suid-Afrikaanse hawe aandoen tensy die Raad vir Kernveiligheid toestemming daartoe verleen nie.

Die Kernraad het gesê 'n lisensie vir die vervoer van radioaktiewe stowwe, soos plutonium, word net uitgereik indien die raad volle besonderhede het oor die tipe stof wat vervoer word, hoe dit verpak is en die noodplanne in geval van 'n ongeluk.

Volgens die raad word veiligheidmaatreëls vasgestel om menselewens te beskerm teen moontlike blootstelling. Tot dusver is nog geen voorlegging gedoen om Suid-Afrikaanse gebiedwaters te gebruik vir die vervoer van plutonium nie.

**EEN VAN DIE EERSTE DINGE** wat radioaktiewe strale aan menselike selle doen, is om die genetiese samestelling van die selle te affekteer. Veral jong kinders en ongebore babas, wie se selle nog ontwikkel, word die meeste geraak. Sperm- en eierselle word geraak en indien dié selle aan radioaktiwiteit blootgestel word, word die kinders gebreklik gebore en is die kanse dat hulle kanker en leukemia het, goed.

Wat dié gevolge van bestraling so lewensgevaarlik maak, is dat dit jare (van 10 tot 15 jaar) kan neem voordat die simptome sigbaar word en siektes gediagnoseer word.

Plutonium word die maklikste deur die longe ingeneem. Een miljoenste van 'n gram plutonium kan kanker veroorsaak en dit kan so lank as twintig jaar neem voordat dit ontwikkel tot kanker. Wetenskaplikes het vasgestel dat net vyf kilogram plutonium genoeg is om die hele wêreldbevolking dood te maak.

# take a walk on the LITE side

Kry die lewe hier aan die suide van Afrika jou onder? Met 'n klein bietjie vasberadenheid kan elkeen van ons vir onsself 'n "ligter" bestaan skep, skryf TIENIE DU PLESSIS. Volg net dié maklike instruksies

**'N GERUIME TYD** al is die advertensie-buzzwoord "LITE" die bemarkbare kenmerk van 'n menigte verbruikersprodukte. Indien die kopieskrywer dit kan regkry (by hook AND by crook) beskryf hy/sy enige produk as LITE.

Sigarette is LITE omdat die nadeel van die verbruik van dié spykers verkieslik nie te duidelik aan die roker uitgespel moet word nie. Dus rook jy 'n LITE (die gru-boodskap van longkanker word ver-LITE) en ná sononder drink jy 'n LITE bier of wyntjie. Omdat jy maer wil wees, eet jy 'n LITE margarine op jou LITE bruinerige brood (reeds gesny) en hou jy in die supermark jou oë oop vir 'n LITE kasie wat jy op die LITE crackers kan sit wat jy elke oggend saam met jou rooibostee nuttig (koffie is uit).

Soos 'n kundige ekonoom dit gestel het: "If you think advertising is expensive, you should try ignorance."

**REKLAME HELP** om te keer dat gedagtes verdiep en daarna word 'n LITE lewe outomaties die norm. Gesprekke word LITE, die probleme van die daaglikse bestaan word gemeet aan 'n LITE verbruikerspatroon en verkieslik "verlig". Enigiets wat 'n ligter lewe kan bewerkstellig, word aangemoedig. Alles word ingekort - in rugby is daar nou (danksy die nuwe reëls) minder skoppe en meer aksie (vir onmiddellike bevrediging) en tenniswedstryde word vinniger afgehandel met die een kishou ná die ander.

Siedaar, die bestaan hier op aarde is nie so erg en barbaars as wat sommige wysneuse en die media dit wil hê nie. Indien jy oor ander inligting beskik, moet dit getemper en daarna so kort en kompak moontlik weergegee word. Gedetailleerde en slegte nuus is net nie met 'n LITE lewe versoenbaar nie. (Vermy dus liefs foto's van hoe 'n skare "demokrate" 'n man met pangas doodkap.)

Hier is 'n aantal voorbeelde van hoe groen aankondigings verkort, maar nietemin verbruikersvriendelik aangebied kan word:

## BEVOLKINGSGROEI IN DIE WÊRELD

**EINDE APRIL** - net voor die Aardeberaad - het prins Charles (oudste van vier kinders) die Bruntland-kommissie in Londen toegespreek. Sy gesprek het gehandel oor die ontstellende bevolkingstoename in die wêreld. Hy is ondersteun deur Gro Harlem Bruntland, eerste minister van Noorweë (moeder van vier), Susanna Agnelli, Italiaanse senator (moeder van ses), sir Shridath Ramphal, voormalige sekretaris-generaal van die Gemenebes van Nasies (vader van vier) en William Puckleshaus, die voormalige hoof van die VSA se Environmental Protection Agency (vader van vyf). Buite die skitterende hofsaal het die amptelike limousines saggies gespin terwyl prins Charles gesê het: "... we will not slow the birth rate unless we address poverty."

## DIE KWEEKHUIS I

**IN AUSTRALIË** waarsku landwye reklame geruime tyd reeds die mense teen die gevare van velkanker - "Slip, Slop, Slap: slip on a T-shirt, slop on some oil and slap on a hat..." Al die Aussies is bewus van die osoonlose osoonlaag en dat CFC's uit aerosol-kannetjies hiertoe bydra.

Die nasionale lugdiens Quantas ontsmet nogtans elkeen van hul uitgaande vliegtuie met etlike kannetjies insekgif - in Australië vervaardig deur Profill met (volgens die etiket) CFC's as dryfmiddel.

## DIE KWEEKHUIS II

**LANK VOOR DIE** Aardeberaad in Rio het president George Bush se wetenskaplike raadgewers gesê hulle deel nie ander kundiges se teneerdrukkende siening van globale verhitting nie.

Gevolglik is die VSA die enigste geïndustrialiseerde land wat steeds weier om aandag te gee aan 'n besluit om die vrystelling van CO2 teen die jaar 2000 te beperk tot 1990-vlakke van besoedeling.

Greenpeace het intussen die verslag gepubliseer waarin die wêreld se voorste atmosferiese navorsers ('n getal van 400 wetenskaplikes) gevra is hoeveel van hulle so saamstem met die "worst case analysis" ten opsigte van die verwarming van die planeet. Altesame 45 persent van hulle was van mening dat indien die vrystelling van skadelike gasse nie gestaak word nie, 'n katastrofale gevolg 'n besliste moontlikheid is. 'n Verdere 10 persent het saamgestem dat die scenario van ondergang soos geskets deur Greenpeace waarskynlik kan volg (ter wille van 'n "LITE"-berig word detail van dié scenario nie hier verstrek nie, maar dis op aanvraag beskikbaar). Meer as 60 persent van die wetenskaplikes het met mekaar ooreengekom dat daar 'n onvermoë onder navorsers bestaan om deur te dring tot politici en besluitnemers met die resultate van hul bevindings.

Bush het ten tyde van die Aardeberaad gesê hy sal geen resolusie steun wat inbreuk maak op die lewenswyse van Amerikaners nie.

## DIE HEMEL HELP ONS

**DAVID HINDLEY**, ornitoloog en komponis uit Engeland, het daarin geslaag om die roep van die Huia, 'n voël wat in 1907 in Nieu-Seeland uitgesterf het, te herskep. Liefhebbers van vergange klanke uit die verlede kan daarna luister op CD (*Lifesong, Amazing Sounds of Threatened Birds*. Bestel van ManKind Music, Aldridge Road Villas, London W 11 1BW. Ongeveer R85).

In dié rekonstruksie het Hindley gebruik gemaak van 'n aantal beskrywings van die roep van die Huia *(Heterolocha acutirostris)* en twee (1954) opnames van 'n nabootsing deur 'n bejaarde Maori-spoorsnyer, Hamana Henare. Die spoorsnyer kon die geluid uit sy kinderjare onthou. Hindley het ses maande aan die projek bestee en het geheel op rekenaartegnologie gesteun (handelsnaam van die sagteware wat Hindley gebruik het: Finale).

Die klanke kon nie deur konvensionele musiekinstrumente herskep word nie. "...no instruments have the pitch and no human would be able to play it at the required speed".

Ander klanke op die CD kom van voëls wat tans ernstig bedreig word, soos die Magpie Robin van die Seychelle-eilande (net 24 individuele voëls oor). 'n Aantal van die voëls wat gebruik is, het sedert die CD se verskyning vir ewig van die planeet af verdwyn.

Geniet 'n "ligter" naweek. Onthou, lees selektief aan berigte in die naweekpers, trek 'n streep deur die woord democracy op jou armband, los die woord peace soos dit is, gaan kyk rugby op Loftus en braai 'n lean varkvleisie Sondagmiddag vroeg. Groete.

New Scientist; no 1818. 25 April 1992
New Scientist; no 1819. 2 Mei 1992

WEN MET
DIE ANC

ANC

Bel die "Wen met die ANC" kompetisie en jy kan 'n fantastiese prys wen. Boonop sal die opbrengs van jou oproep meehelp in die stryd om demokrasie.

Een gelukkige persoon wen

R1 000 KONTANT,

wat tydens 'n spesiale middagete deur STEVE TSHWETE oorhandig sal word.

Wen een van

150 T-HEMDE,
PERSOONLIK GETEKEN DEUR DIE ANC LEIERSKAP.

'n Verdere 850 ANC T-HEMDE moet ook gewen word! Om te kwalifiseer as 'n wenner, bel net die nommer hieronder, en los jou naam en adres en jou eie boodskap van solidariteit. Alle wenners se name sal in die ANC se maandelikse tydskrif, MAYIBUYE, gepubliseer word.

Bel

087 20 12391

Oproepe kos R2,52 per minuut.
Gemiddelde duur van oproep is 2,5 minute.

PHONE MEDIA 402-1580

COLUMN AN150079

# Jung:

## DIE VERKENNING VAN DIE BEWUSSYN

**RYK HATTINGH** BESPREEK 'N PAAR NUWE JUNGIAANSE TEKSTE

Inner City Books, 'n uitgewer in Kanada met Marie-Louise von Franz as ere beskermpersoon, is in 1980 gestig met die uitsluitlike oogmerk om 'n belangstelling in, en die praktiese toepassing van die werk van Carl Gustav Jung (1875 - 1961) te bevorder. En gemeet aan die verskeidenheid van Jungiaanse onderwerpe en temas wat reeds by dié uitgewer verskyn het, is daar genoeg mense wat wil verseker dat die Jung-vlammetjie aan die brand gehou word.

Die doel van die lewe, het Jung gesê, is om meer bewus te word. "Die rede waarom die bewuste bestaan en waarom daar 'n drang is om dit te verbreed en verdiep, is eenvoudig: sonder bewussyn gaan dinge minder goed."

Hy het verder gesê die onondersoekte lewe - die insiglose lewe - is nie werd om gelewe te word nie.

Maar hóé verkry 'n mens bewussyn; hoe word jy bewus?

Volgens Jung se model van die psige is bewussyn die bowerk wat op die onbewuste gegrond is en daaruit voortvloei. Bewussyn hang af van die verhouding tussen 'n sterk dog buigbare ego en die Self, die regulerende middelpunt van die psige.

Bewuswording behels, onder meer, dat ons wakker word en begryp hoekom ons doen wat ons doen deur bewus te word van die talle maniere hoe onbewuste aspekte van onsself ons beïnvloed.

**JUNG WAS 'N BESIGE** mens en het ons met 'n korpus van kennis en werktuie gelaat om die gaping tussen ego en die onbewuste te vernou en, hopelik eendag, te oorbrug: daar is sy vroeë sielkundige werk met skisofrene; sy belangrike werk oor tipologie (introvert en ekstrovert) en unieke simboliese vertolking van drome en die alchemie; sy teorie van die argetipes en die konsep kollektiewe onderbewussyn. Dan was daar ook natuurlik Jung die sogenaamde mistikus, die pionier wat die psigologiese vertolking van die arkaanse alchemiese tekste begin het; wat gewys het op die geheimsinnige verband tussen wete en materie; wat geskryf het oor sinchronisiteit (toeval), UFO's, die Tibetaanse Boek van die Dood, die I Tsjing, Die geheim van die goue blom... Want daar was ook Jung die geestelike, die Gnostikus, wat aan einde van sy lewe, toe iemand hom vra of hy aan God glo, gesê het: "Ek glo nie, ek weet."

---

**THE CREATION OF CONSCIOUSNESS**
Jung's Myth for Modern Man
Deur Edward F Edinger
Inner City Books, (R52,58)

Dit is geen geheim dat die Westerse wêreld sy sentrale, lewende mite verloor het nie. Die bruid is van al haar klere gestroop, betekenis is daarmee heen en twintig eeue se klipharde slaap het in 'n nagmerrie ontwaak. Dis duidelik dat ons wêreldbeskouing nie meer water hou nie, dat dié vol krake en gate is en dat iets daadwerkliks daaraan gedoen moet word.

In dié werk stel Edward F Edinger, 'n praktiserende analis, 'n nuwe wêreldbeeld voor. Maar 'n nuwe wêreldbeeld kan onmoontlik nie posvat as daar nie 'n onderliggende lewende mite is waarop dit berus nie. Dié van die ekstatiese verbruikergesinnetjie wat vlek- en kiemloos voor die TV op die wederkoms wag, bevorder ongelukkig nie bewussyn nie, en daarom stel Edinger voor dat die "nuwe mite", soos dit uit Jung se werk voortvloei, meer aandag verdien.

Jung se mite vir die moderne mense, volgens Edinger, is nié 'n geloof nie, maar 'n hipotese. Volgens dié mite is elke individuele ego 'n smeltkroes vir die skepping van bewussyn en 'n kruik wat as houer vir daardie bewussyn dien - dit is 'n kruik vir die inkarnasie van die Heilige Gees.

Die individuele psige is die Heilige Graal, wat heilig gemaak word deur dit wat daarin is. Bewussyn is 'n psigiese substansie wat tot stand kom deur die ervaring van die teenoorgesteldes. Dié ervaring is die *coniunctio*, die *mysterium coniunctiones* wat die steen van die wyses - die simbool van bewussyn - tot stand bring.

Elke individu, in mindere of meerdere mate, neem deel aan die kosmiese skepping. Elke menslike ervaring, in die mate wat dit bewus ervaar word, verstel aan die somtotaal van bewussyn in die heelal. Sodoende is daar betekenis aan enige ervaring en bied dit aan elke individu 'n rol in die voortgaande wêreldrama van skepping.

Volgens dié mite word al die funksionerende godsdienste in die wêreld beskou as lewende uitdrukkings van die mens se individuasieproses - met ander woorde die proses van bewussynskepping, menswording as jy wil - en lê dus die grondslag vir 'n ware ekumeniese houding. Die mite wil nie nóg 'n godsdienstige mite word wat met ander gaan meeding om siele en tiendes nie, dit wil eerder uitbrei op elke bestaande godsdiens deur meer bewuste en omvattende uitdrukking aan die betekenis van die betrokke godsdiens te gee.

Almal, diegene wat hulself aan die boesem van een van die groot wêreldgodsdienste bevind asook dié wat boesemloos aan geen betrokke gemeenskap behoort nie, kan dié mite begryp. Dit is dus 'n waarlik katolieke mite wat as grondslag vir die godsdienstige eenwording van die wêreld kan dien, sê Edinger.

Volgens Jung hang God se morele kwaliteit van individue af. Dit behels, op sielkundige vlak ten minste, dat die mens (die individu) meer bewus van sowel sy/haar eie donker, vernietigende aard as sy/haar skeppende potensiaal moet word. Die mens moet sy/haar volle register van menswees bewus ervaar. Repressie is uit.

In dié post-Boipatong dae is daar miskien nie veel wat 'n mens aan die land kan doen nie, maar die wete dat die individu se in-sig, bewussyn en erkenning van sy/haar eie donker kant bydra tot die Groot Bewussyn, bied darem troos.

---

**THE ILLNESS THAT WE ARE**
A Jungian Critique of Christianity
Deur John P Dourly
Inner City Books (R52,58)


Hoewel Jung nie die Christendom sonder meer verdoem het nie, was hy hoogs krities van dié mite. Volgens hom het die Christendom, in die aktiewe verswyging van die Gnostici en die agtelosige ignorering van die alchemiste, groot skade gely. Want waar dié godsdiens vandag 'n geïntegreerde androgene Godsbeeld sou kon voorhou, sit dit met 'n ekstroverte, afgewaterde, en oppervlakkige weergawe van iets wat eens heel was, of dan die potensiaal had om heel te word.

"Nothing in our religion encourages the idea of the self-liberating power of the mind," het hy gesê.


Die Jesus-verhaal, volgens Jung, stem regstreeks ooreen met die Osiris-mite; met die Seun van die Mens in die Boek van Enoch; met die Boeddha self; met Hindoe-filosofie, Taoïsme en die mistieke kant van die Islamitiese tradisie; met die Antropos-mite.


Maar die wêreld het die probleem dat die drie groot heersende monoteïstiese godsdienste, die Christendom, Judaïsme en Islam, elk met sy eie transendentale god sit met drie verskillende mites - elk met absolute aansprake op 'n "universele waarheid". Nou loer die aangevuurde volgelinge van dié betrokke godsdienste oor geweerlope na mekaar, word deur hul gode daarin gesteun, en die planeet gaan onder omdat "die ander" se god hom snaaks hou.


Dié probleem is groot, maar nie onoorbrugbaar nie. Volgens Jung het die Christendom, met die sentrale temas van dood en opstanding, die grootste kans om dié probleem die hoof te bied - dit behels egter dat dié godsdiens soos ons dit ken, eers moet doodgaan, om dan weer in een of ander nuwe vorm op te staan met 'n meer inklusiewe bewussyn. Dit kom daarop neer dat Jung bepleit dat 'n mindere geloof verloor moet word om plek te maak vir 'n groter, omvattender






een. In *The Illness That We Are* wys Dourly, 'n Rooms-Katolieke priester en Jungiaanse analis, eers op die leegheid van die Christendom tans, die geestelike bankrotskap en wanhopige pogings om die onvolledige mite op die been te hou, en dan probeer hy - met Jung se hulp - om te wys hoe dié onvolledigheid weer heel, volledig mens, gemaak kan word.

**THE MOTHER:**
Archetypal Image in Faery Tales
Deur Sibylle Birkhäuser-Oeri
(Met 'n voorwoord deur Marie-Louise von Franz)
Inner City Books (R60,21)

In *The Mother* beskou Birkhäuser-Oeri die invloed van die moederkompleks aan die hand van positiewe en negatiewe moederfigure in bekende sprokies: Sneeuwitjie, Die slapende skoonheid, Hansie en Grietjie...

Sprokies het te make met 'n innerlike sielkundige werklikheid eerder as 'n eksterne een. Dit geld ook die talle uitbeeldings van die moederfiguur in sprokies. Daar word nie noodwendig na moeders in die besonder verwys nie, maar na die verskillende gedaantes wat die argetipiese moeder in die menslike psige aanneem.

Die moeder-argetipe het in besonder te make met dié deel van die psige wat geheel Natuur is (Moeder Natuur). Die teenoorgestelde pool sal Vader Gees wees. Dié twee argetipes verteenwoordig die twee hoofbeginsels van alle bestaan. Ons kan ook daarna verwys as eros en logos, jang en jin. Dié twee kan óf 'n harmonieuse eenheid vorm, óf in opposisie met mekaar leef.

En ál die manifestasies van Ma kom aan die beurt: die verskriklike ma, die jaloerse stiefma, die verterende vuurma, die onbetrokke ma, die lewegewende ma, die helende ma, die (nou nog verskuilde) Groot Moeder van ons tyd.

Dit is juis in dié tyd waarin die natuur met manlike oorgawe en gelatenheid vernietig geword, dat 'n boek soos dié ons weer met die onbewuste, die sielese aard van tyd, die instinkte - kortom, die versorgende, liefdevolle moeder binne ons - in aanraking kan bring.

**THE SCAPEGOAT COMPLEX**
Toward a Mythology of Shadow and Guilt
Deur Sylvia Brinton Perera
Inner City Books (R52,58)

Ons is almal op soek na die sondebokke wat vir al die geweld en menslike lyding verantwoordelik is. Kry ons dié booswigte in die hande, projekteer ons al ons eie boosheid op hulle en werp hulle, saam met ons eie skuldgevoelens, in die diepste duisternis. Dan sit ons sondebok- en skuldloos en wag totdat ons weer skuldig begin voel en 'n sondebok nodig het om dit te dra.

In Jungiaanse terme beteken dit dat ons ons eie donker kant (én die van God) ontken en tot die kerkers van die onbewuste verban. Wat nie as geskik vir die ideale van die ego beskou word nie, of dit wat nie in ooreenstemming is met die volmaakte goedheid van God nie, word nie toegelaat om die bewuste te betree nie. Solank God as die alleenbesitter van alle goed beskou word, sal die duiwel 'n ongewilde kêrel bly.

Maar die middeleeuse en moderne perversie van die argetipe van die sondebok het 'n patologie tot gevolg gehad. Daar is genoeg sondebokke tussen ons, individue wat hulle met dié argetipe identifiseer en vasgevang is in die doolhof waarin dié bok hom bevind.

In die Westerse wêreld was dit veral die Jode en ander minderheidsgroepe wat die sondebokke geword het. Vroue en vroulike kinders loop in besonder ook deur onder die ontkenning of verdraaide weergawe van die sondebok-argetipe.

Die sondebok-verskynsel is - saam met Kaïn, Ismael, Satan, heksejagtery, minderheidsvervolging en oorlog - 'n besondere uitdrukking van die algemene probleem van skaduwee-projeksie. Dit is 'n universele menslike verskynsel.

Wanneer die moderne mens met dié argetipe identifiseer, ly hulle aan die volgende simptome: negatiewe inflasie en 'n sterk gevoel van verwerping en versplintering. Hulle is vervreem en sukkel om betekenisryke verhoudings met die wêreld én met hul eie innerlike aan te gaan. Dié individue word opgesaal met 'n nood om hul eie onbewuste te betree, hul eie wonde oop te krap, dié argetipe te ondersoek en bewuste betekenis daaraan te gee. Dit behels 'n bewuste verhouding met jou eie wonde, 'n afsweer van die negatiewe inflasie en om jou eie weerloosheid as 'n diens aan die mensdom te beskou.

Dié herstelde gevoel van heelheid (nie volmaaktheid nie) bevry die individu van die tirannie van die kollektiewe en laat hom/haar toe om bewus én met 'n gesonde gewete, die wêreld te betree.

**JUNGIAN DREAM INTERPRETATION**
A Handbook of Theory and Practice
Deur James A Hall
Inner City Books (R52,65)

Dit maak nie saak of jy drome as die vergete taal van God of boodskappe van die duiwel beskou nie, alle mense droom. Jung het duidelik aangetoon dat die onbewuste deur middel van drome na vore kom, en hy het drome as diagnostiese werktuie gebruik om die psigiese inhoud van sy pasiënte se onbewuste (én sy eie) na die oppervlak te bring en bewus te maak.

Dié droomhandboek bied 'n uitgebreide en praktiese gids om jou drome te verstaan aan die hand van Jung se basiese analitiese sielkundige beginsels. Hall skenk veral aandag aan die volgende droommotiewe: drome waarin die dromer val of agtervolg word, drome van huise en motors, drome van die einde van die wêreld, die dood, die huwelik, seksuele beelde...

In die hoofstuk "Dreams and Individuation" beskryf Hall die aard van neurose. Neurose is die gevolg van die menslike psige wat teen homself werk - soos 'n land wat in 'n burgeroorlog verkeer. Hy sê ons is almal in 'n sin neuroties omdat ons nie altyd een met onsself is nie. Die blote bestaan van psigiese dele - soos die ego en die skaduwee - impliseer dat hulle nie noodwendig moet saamwerk nie. Maar buitensporige konflik tussen 'n dominante ego-beeld en ander aktiewe dele van die psige is kenmerkend van chroniese neurose, een van die moeilikste menslike toestande om te heel.

Drome kan die neurotiese dromer help om herhaalde foute uit te wys en die psigiese konflik na vore bring. Drome staan in diens van die psige as geheel, en as die wakker ego wakker genoeg is, kan dit sy/haar eie posisie in die psige bepaal en in ooreenstemming daarmee optree.

Die boek kan 'n mens help om jouself gesond te droom.

**THE PREGNANT VIRGIN**
A Process of Psychological Transformation
Deur Marion Woodman
Inner City Books (R67,83)

Vir mense, vroue veral, wat in die patriargale stelsel grootword, is verwerping deur die vader dikwels die enigste inisiasie tot volwasse vrouwees. Psigiese intimiteit en fisieke intimiteit gaan natuurlik hand-aan-hand, maar waar dié twee op pre-verbale vlak geskei is, word die vroulike instink geïsoleer. Die emosionele voeding wat by die fisieke ingesluit behoort te wees is afwesig, en in die latere lewe word haar emosionele intimiteit ondergrawe.

Dié distorsie in die verhouding tussen liggaam en psige word verduidelik aan die hand van die simbiotiese verhouding tussen vader en dogter. Daar bestaan 'n primale verwarring tussen die geestelike en instinktiewe diepte omdat die liefde wat sy by haar pa ontvang het dié energie is wat haar aan die gang hou. As gevolg van die verwarring tussen gees en materie ervaar die vrou haar liggaam as 'n tronk wat saamgesleep moet word terwyl haar gees êrens bo haar kop sweef.

Uiterlik van haar omgewing vervreem, innerlik losgesny van haar positiewe manlike gids, identifiseer die vrou nou met die donker kant van die vader-argetipe - die demoniese minnaar. Daar is niemand om tussen die geterroriseerde ego en chaos te medieer nie. Die afgrond is bodemloos.

Selfmoord word die laaste wraak teen die verwoestende god wat die vrou verwerp het. Paradoksaal is dit egter juis 'n erkenning van wat die god aan haar ego gedoen het: God het haar uit die lewe gehaal, en deur haarself dood te maak erken sy Hom. Selfmoord word 'n *Liebestod*, 'n nadoodse huwelik waarin sy die donker kant van God omhels - 'n negatiewe mistieke huwelik. Die huwelik met die demoniese minnaar word voltrek.

Selfmoord bied nie die oplossing nie. In dié boek van Marion Woodman, die skrywer van *The Owl Was a Baker's Daughter: Obesity, Anorexia Nervosa and the Repressed Feminine* (Inner City), sê sy bewuswording is die enigste uitweg om die vader te transendeer. Om met dieselfde aandag na die stiltes van binne en die geraas daar buite te luister, om jou hart te volg en by die "ek is" uit te kom, die "ek is" van 'n ego wat weet hoe om te speel en nie omgee om te wen of verloor nie.

Inner City publiseer 'n kwartaallikse blad, JUNG AT HEART, waarin nuwe boeke en alles rondom Jung bespreek word. Belangstellendes kan skryf aan: The Editor, Jung at Heart, Box 1271, Station Q, Toronto, Canada M4T 2P4. Bogenoemde boeke, en nog talle ander in dieselfde Jungiaanse trant, is by SHELDONS beskikbaar.

SHELDONS

DIE BOEKWINKEL MET DIE KOFFIEWINKEL

Eastgate, Ingang 5



Piling Wreckage Upon Wreckage by Penelope Siopis

# die kunste: tussen staat en struggle val die skaduwee

## Wat is die stand van die kunste in die land? ANDREA VINASSA, naarstig op soek na antwoorde op dié vraag, het eers die kommissars van die tagtigerjare in die hande probeer kry, maar toe sy hoor hulle is almal oorsee, het sy by die Oktober Revolusie gaan kers opsteek

DIE kunste in Suid-Afrika was die afgelope paar dekades tussen twee vure: aan die een kant die staatsgesubsidieerde vlam van die sub-intelligente sensors van Afrikaner-nasionalisme, en aan die ander kant die beklemmende ideologiese voorskrifte van die bevrydingsbewegings.

Nou, einde ten laaste, is daar 'n moontlikheid om van sommige van die jukke en slogans van die verlede af te skud en ontslae te raak, en wil dit amper begin lyk of ons kan begin om die post-apartheid kultuur waaroor almal so lank al praat en droom, te verwesenlik.

Het iemand 'n groot plan, het ek gewonder en die aktiviste gebel. Die kommissars, die thought police wat in die tagtigerjare die morele septer geswaai het, om uit te vind hóé dié post-apartheid kultuur daar gaan/moet uitsien. Want, het ek gedink, as daar iemand is wat behoort te weet, is dit dié mense, hulle wat eerste na kunstenaars as "kulturele werkers" verwys het en die gróót kulturele debatte - onthou julle nog: die elitiste versus die massa? - gelei het.

Die meeste van hulle was nie in die dorp nie. Hulle was oorsee, besig om hul twyfelagtige kulturele snuisterye aan die liggelowige Duitsers en Swede en Amerikaners te verkoop, besig om 'n laaste druppel uit die opgedroogde struggle-koei te probeer wring.

Nog 'n paar vrae het ontstaan. As die swakhoofdige SAUK, die verderflike kunsterade, die monolitiese politieke bestel van die verlede skielik tot niet gaan, sal ons onsself in die pekel of op 'n wolk bevind? Wat sal ons doen? Sal ons in 'n orgie van vryheid verdrink, die matte van die Staatsteater opruk, 'n vergadering belê (die here behoed!), ons tot geweld wend? Watter vorm, kleur, klank sal die Azaniese Lente hê?

Mannie Manim, veteraan vervaardiger, sê dis nog te vroeg om te sê. Die kuns van die toekoms is soos 'n "oes wat pas geplant is. Die saad is in die grond en iets is besig om te gebeur, maar ons kan dit nie sien nie. Daar is nog niks bo die grond nie.

"Kuns is nie soos massa-optrede nie. Dit is moeilik vir die kunstenaar. Hulle moet alles wat gebeur inneem, omrol, kou, verteer en verwerk. Daarom glo ek nie daarin om opdragte aan dramaturge te gee nie. Om R5 000 te ontvang is nie rede genoeg om 'n toneelstuk te skryf nie," sê Manim.

**"NIEMAND HET 'N HEL** omgegee oor koue of honger nie. Die lewe het wonderlik interessant gelyk, en daar was geen twyfel dat dié oomblik 'n nuwe era aangekondig het, die era van die kunste.

"Dié kuns moes so baldadig soos workers power self wees, so meedoënloos jeens die verlede soos die Revolusie."

Nie die woorde van 'n Grahamstadse hekelaar nie, maar van Grigori Kosintsev, die Sowjet-filmmaker, wat praat oor die ongelooflike opbloei in die kunste die eerste paar jaar na die Oktober Revolusie.

As die geskiedenis van die volgende paar jaar neergeskryf word, sal ons ook kan sê wat die filmmaker Vsevolod Pudovkin oor daardie gelukkige dae in die Sowjet-Unie geskryf het? "Die ou en bekende metodes het verkrummel en inmekaar gestort. Wat die nuwe maniere betref, hulle is meestal in die vure van polemiek aangekondig... Daardie kunstenaars wat nie daarin kon slaag om die innerlike krag en moed te vind om die gewig van die alledaagse en die ou gewoontes af te skud nie, het in obskuriteit weggekwyn. Glorie en eer aan dié kunstenaar wat die vermoë had, al was dit net deels, om die denke en alledaagse houdings van al sy mense in sy gewete te absorbeer. Só 'n skepper kan tereg trots wees op 'n ware artistieke sukses."

**DIT IS MISKIEN ONREGVERDIG** om die spook van die Oktober Revolusie op te roep, ek weet, maar ons het al die retoriek van daardie tyd ons eie gemaak en ons worstel met vele van die dieselfde uitdagings wat hulle met soveel heroïese oorgawe aangepak gegaan het.

Ek sou graag wou kon verklaar dat Mzwakhe Mbuli die Mayakofski van Afrika is, maar ons weet almal dit sal verspot wees. Mayakofski, soos Mbuli, het ook deklamatoriese poësie vir "die massas" geskryf. Maar hy was ook, saam met Meyerhold, een van die sleutelinvloede vir die jong kunstenaars van die Oktober Revolusie - iets waarop Mbuli nie juis aanspraak kan maak nie.

Dit is ook twyfelagtig of Mbuli se poësie enige bestaansreg na die struggle het.

Maar natuurlik was die "enchanted generation" van die twintigerjare gelukkiger as

ons - hulle het 'n dapper nuwe wêreld betree om nuwe, revolusionêre, sosialistiese kuns in 'n ideale nuwe samelewing tot stand te bring. Ons, daarenteen, is aan die einde van 'n eeu ingeprop met 'n multi-kulturele, gevorderde kapitalistiese cum-nasionaal-sosialistiese post(?)-koloniale hoekie van die postmoderne amper-tegnokratiese samelewing - met niks oor om te ontdek nie.

Die nuwe kuns van daardie tyd het eintlik net energie en geesdrif geverg en is gekenmerk deur uitspattigheid en eksentrisiteit.

**HIER, VANDAG, IS ALMAL** behep daarmee om die wit, middelklas Calviniste uit hul gemakstoele te lig en toegang verkry tot hul faksen koffiemasjiene op die negende verdieping van die Staatsteater. Nie juis die ideaal van "skeppende vryheid vir almal" wat in die geestesoog opgeroep word nie.

Die kunstenaars van die twintigerjare was gelukkig. Hulle klein grys mannetjies het gevlug of is dood in die oorloë wat gelei het tot die oprigting van hulle ideale samelewing. En die taak om ou monoliete in nuwe, glansende mediums vir vrye uitdrukking om te skep, is dalk moeiliker as om van nuuts af te begin.

In die ongenaakbare, siniese lig van die laat-twintigste eeu is daar nie veel wat ons kan doen - buiten miskien om soos estetici van die verval die verval te besing nie.

Die nuwe Sowjet-kuns (ons is nou weer in die trying twenties) is gemaak deur 'n spul tieners met min of geen opleiding - miskien 'n graad in chemie of ingenieurswese en 'n tydjie in die loopgrawe. Hulle het hul eie teaters gekry om mee en in te speel, en Moskou, ondanks die ekonomiese tekortkominge, het meer teaters as ooit gehad. Uit dié eksperimente het die Sowjet-film gegroei, die beginsels wat vandag nog in enige rolprentkursus aan enige universiteit in die Weste gedoseer word.

En hulle hét beperkings gehad. "Die Party en die regering het alles aan die Sowjet-skrywer gegee. Hulle het net een reg hom ontneem: om sleg te skryf," verklaar 'n amptenaar op 'n Kongresvergadering.

**MAAR DIE KAMERADE** van die revolusionêre Brat Pack het geen diskrepansie gesien tussen hulle "naïewe, bisarre, onsinnige, astrante, selfs heeltemal onverstaanbare" eksperimente, en hul begeerte om "kuns vir die massas" te skep nie. Volgens alle aanduidings was hulle baie suksesvol. Die Sowjet-staat het sy kunstenaars aanvanklik beter as enige ander revolusionêre staat behandel, maar hulle welslae in die skeppende arena was kortstondig: binne 'n dekade of twee het Mayakofski selfmoord gepleeg, Meyerhold is tereggestel en sy vrou vermoor.

Die draaiboekskrywer Yevgeni Gabrilovitch sê egter dat daardie glorieryke dae dalk nie so glorieryk was nie, en dat die sosiale manipulasie van die politicos dikwels tot "koue kuns" gelei het.


"Dit is vir baie jare aanvaar dat vir kuns om 'aktueel' te wees, dit nie die wese van die lewe van die mense moet uitbeeld, óf die waarheid van die morele en sosiale onstuimigheid wat die reusagtige en oordonderende industrialisasie van die land tot gevolg gehad het nie, dit moes eerder die administratiewe bedrywighede van die tyd uitbeeld.

"Verteenwoordigers van die verskillende teaters het fragmente van hul produksies aangebied waarop direkteure met polemiese besprekings gereageer het. Eisenstein het Proletkult aangebied. Hy het dinge gesê wat op die tyd voor die hand liggend gelyk het: die ou teater is dood; Oom Vanya en Tannie Mania het nie meer 'n plek nie; die massas en die Revolusie wil nie meer hul klaagliedere hoor nie, hul sugte, krawatte en pince-nez. Wat wil die massas van die teater hê?

"Alleenlik dit (het Eisenstein geantwoord) wat teruggaan na die oorsprong van die tradisionele vorme van populêre spektakel: narre, mallemeule. Die nuwe teater moet 'n 'montage van attraksies' wees, dit wil sê skokelemente wat tref en verblind...

"... Dit was alles mooi, maar op 'n manier koud - te veel sout, peper, asyn en mosterd het die oë gebrand en die ore deurmekaar gemaak. Skerp en innovatief, maar op die einde nie baie vrolik of lewenslustig nie."

**'N MENS KAN MISKIEN** nie veel by die ou Sowjet-Unie leer nie, maar ons kan deur hulle vroeë kunstenaars begeester word en dié se voorbeelde volg óf verwerp. Een ding staan egter soos 'n paal bo die troebel waters van vandag uit: manipulasie, voorskrifte, sensors, staatsinmenging, kommissars, cultural desks en wie ook al iets op die kunste en die kunstenaars wil afdwing, moet weggaan en miskien self gaan probeer kuns pleeg.



Antoinette Kellerman does the histrionics in Dieter Reible's "elitist avant-garde theatre"

# let's indulge in culture

## As South Africa enters a protracted period of non-negotiation, violence, drought, recession, unemployment and crime, KATHY BERMAN asks the question: Can we afford to indulge in art and culture? The answer is YES

**PERFORMANCE FUNDI** and art boff, Professor Richard Schechner, of New York University's Tisch School of the Arts raised a storm of indignation during the Grahamstown Festival when he declared that he saw no need to take his production of *Ma Rainey's Black Bottom* to heightened experimental levels because South African audiences were perhaps "not yet ready" for such work.

Well that's ripe. Just one quick squizz through the latest Grammy, Emmy, Oscar and Nobel Prize lists over the past decade or so could perhaps prove that if South Africa has not been at the forefront of the artistic avant garde for a number of years, her artists sure as hell know how to do it.

And it makes sense. For while our overstressed nation was trying to deal with its social pain and devastation wrought by decades of apartheid, it's artists were exorcising the angst - and producing works received with international acclaim. But that was during the so-called "protest years". What about now?

Well, then things changed. Mandela was released; parties were unbanned; reform was implemented and Codesa began. And the artists were sidelined.

Suddenly those people who had been at the vanguard of the revolution - the voices of the voiceless; the bodies of the oppressed; the media of the banned - were divested of their roles. They had no social statements to produce and no rhetoric to unfurl. Just art. And they were struck dumb.

And no wonder. I mean which reasonable cultural practitioner could ever hope to compete with the spectacle of a Nelson Mandela emerging from Pollsmoor - or a Jesse Jackson scrambling ungainly across Church Square in search of the ultimate sound bite? Perhaps such exhibitionists as the artist Christo would have had the balls to cover the square with pink tarpaulins, who knows? But they weren't around then.

**AND THEN THE** New South Africa took hold...

While the country began to adjust to the new social order; while the townships were being torn apart by cultural violence; while the suburbs stewed in criminal fear; the cultural workers were huddling in rehearsal rooms desperately searching for the ultimate gum-boot bop and the total tikkie-draai.

For a while they battled. But not for long. With the return of the exiles, with the unleashing of social flood-gates, the transformation of the social and political order, culture began to take on new dimensions. And flourish.

Suddenly Johannes Kerkorrel was doing boerepop satire to the sounds of the new national anthem, while Jennifer Ferguson's Boksburg bay-window now took in a view of Boipatong as well. And it didn't end there. The airports were soon buzzing - with the likes of a Hugh Masekela, a Miriam Makeba, a Jonas Gwangwa, an Idris Hotep Galeta. Home after all these years. It takes one pretty jaded joller to stand indifferent to all that.

Not that the secret cultural elixir lay with the exile imports alone. But a heady fusion of local homebrews; outydse nywerhede and international spice - all thrown together in a fulsome mix of indigenous sounds, sights and happenings. And they were moving.

One has just to cast an eye down to South Africa's annual cultural Olympics, the Grahamstown Festival, to get a sense of where things are all going.

Matsemela Manaka's *Ekhaya* is a sophisticated mix of the most polished international musical talent (Sakhile and Mara Louw) with the traditional rhythms of Africa; while Isabel Doll's extravaganza training now harnessed to the traditional dances of the rural areas provides a choreographic sophisitication and veneer that is quite breath-taking in Street Beat Dance But it is not all song and dance.


**PAUL SLABOLEPSZY'S** pitch black slice-of-life satires are set in the hurly burly of the streets. Jim comes to Jo'burg - but this time he is white and unsophisticated. His street-wise boss is the super-slick black Sticks - all Florsheims and jive. Conventions turned on their head.

So much for those detractors of our artistic product who think we are still out in an aesthetic wilderness in search of form. Yo dudes, we're right in there at the forefront - and cooking. And not with old dried up pieces of protest theatre either.


So much for the form, what about the structures? More pertinently, so much for cultural celebration, whose funding the party?

While the nouveau-bureaucrats in the development funds and foundations were turning their attentions in the last couple of years to the grossly underdeveloped arenas of housing, education, healthcare and so on, cultural workers quickly realised that that they were not first in line for the meagre left-over crusts of the funding pie.

Funding of the arts has always been a big issue in this country - and highly contentious. Contrary to popular Cinderella perceptions, culture was not always relegated to the outhouses. No Kuns & Kultuur in this country held pride of place in the Republiek. It was just that it was of a specific nature. Perceived as the elite preserve of the white minority, kultuur was swathed in the straitjacket and swaddling clothes of apartheid rhetoric and the Christian National order.



From Woyzeck on the Highveld...



...To Sarafina's extravaganza of protest.

**BIG BUSINESS** wasn't much help either. Subject to the whims of political and social processes, business has over the years proved an unwilling and fickle benefactor. This year saw the exit of the funder of the Cape Town Triennial. Rembrandt, it seemed could handle the political heat no longer.

Big business is essentially conservative when it comes to putting their money where other people's mouths (and body-parts) are.

Dr Ivan May of Nedbank (a major and highly visible force on the cultural funding landscape, right now) admits that their market is largely a conservative one and therefore any marketing ventures undertaken by the bank, must, of necessity not be perceived to be too controversial. So much for the cultural cutting edge. Grahamstown Festival sponsors, Standard Bank's John Gaunt is quick to point out the lack of returns to a company that pours over R317 million into the tax man's bowl could hardly perceive the tax rebates arising from Section 18B of the Income Tax act as providing a major financial coup. Funding for the arts clearly is percieved by business as nothing more than a vapid PR exercise - a feel-good social massage session.

Over the past decade, cultural workers with a message got wise. During the darkest days of the oppression and State of Emergency measures, a mass of protest work enjoyed the benificence of a number of overseas non-governmental organisations and foreign funding bodies. But this was not to last long. With the recent seeming "reforms", foreign funders got bored, and unfortunately for culture, interest in South Africa waned as eyes turned to Eastern Europe - and the more pressing issues of primary health care, education, shelter and drought relief in this region.

**EVEN THE ANC** whose Department of Arts and Culture is probably the most actively developed and organised cultural organisation of any politcal institution and definitely a strong political lobby group, does not perceive the needs of culture as being of high precedence.

The current head of the funding and aid department believes that "cultural workers should get their acts together," before his department can turn their eyes from more pressing issues of education, housing etc.

The "lived fabric of society" - as contemporary theorists would define culture is obviously not important enough to enjoy financial underpinning as well.

That aside, the call for cultural workers to get their acts together has been an ongoing one. And strangely dissonant. For artists in and of themselves are essentially individualistic in their creative pursuits. To create, one has to be distanced from society and convention. So a call for cultural alignment and mainstream activism is at once anathema to the nature of the arts.

Nonetheless, culture has been highly organised for many years now. A laundry list of acronyms - from FAWO to PAWE to COSAW to SAMA spill off the rolodex. Such cultural groupings - generally organised along disciplinary lines - have existed here since the mid-eighties. And with a fair degree of success. Today FAWO runs a full-time film school; COSAW is a major resource and educational centre, and so on.

**THIS IS NOT** to say that all has gone without hitches or conflict. One has only to look at the faltering ministration of the notorious culture desk during the mid-80s as it held up the ego-centric ballast of praise poet and activist Mzwakhe Mbuli to see the problems of authroritarianism and appartchickism.

And let's not get into that old strategy of yore - the cultural boycott, with its blustering and blunders - the notorious Johnny Clegg incident standing out as a blinding beacon. That said, one cannot deny the effectivity of the boycott and its isolationist strategy. Whether it will be deemed to have enriched or denuded us over the years can only be evaluated over time.

No wonder then that artists militate against the perceived strictures imposed by a political infrastructure. While Sowetan artist and cultural worker, Matsemela Manaka will wax poetic against the evils of ministers of culture, the necessity of a bureacratic structure to administer funds and implement national cultural programmes is perceived by many to be essential.

But who's gonna do it? A recent platform convened by COSAW which brought in a group of political spokes-people from the major parties proved dismally depressing to the cultural workers gathered there. The traditional notion of art as a diversion for the depressed dilettante (and not a vital element in a vibrant society) seemed to prevail. It was all opera houses and refined reading for this lot. No messy social stuff.

**DEALING WITH THE** messy social stuff is the work of Christopher Till, the current Director of Culture for Johannesburg, who finds himself in constant negotiation with cultural workers, community leaders, social workers, activists, bureaucrats and practitioners of all persuasions.



Masekela plays Sun City, while Mzwakhe returns to poetry

Under the umbrella of his departmet fall such institutions as the Civic Theatre, the Africana Museum, community and recreation halls. While Till talks of transforming existing edifices, community and recreation halls into cultural centres, to suit the needs of the people, many of the current museums and educational institutions have already implemented so-called outreach programmes - extending beyond the greater Soweto-Johannesburg metroplex.

But this clearly is not enough. What we need is a committed state programme. A programme for upliftment that takes into account the needs of the entire multi-cultural nation. And the campaign cannot be sporadic and whimsical. It must have definite goals, parameters and structures.

It is not sufficient for Spoornet to donate a truck to PACT that travels to the townships - albeit that it is visited by over 30 000 persons per Saturday - or for Nedbank to bus schoolkids to the State Theatre - there to watch Shakespeare.

As one cultural activist states it: "All this bussing. Again we are underdeveloping the townships. Taking the children out of Soweto to Pretoria, Windybrow. It's time we brought Windybrow to Diepkloof."

The development/underdevelopment debate is a key one for the new South Africa. As clichéd as the term "New South Africa" has become, so the Underdevelopment Issue has become a catchphrase. The rural areas have long been denuded by migratory labour policies, the land acts, etc. It is time now to redevelop these areas, revitalise and subsidise them.

**AND THIS IS WHERE** cultural enrichment progammes play an integral part.

The rural areas are rich resources of local craft and industry. Flourishing informal sector trading takes the form of curio and craft production for the passing tourist trade. And this is not such a bad model for development after all.

The ANC Depratment of Arts and Culture have recognised this, and are actively involved in development and art administration programmes directly dealing with the needs of community art centres as far-flung as Pietersburg and Grahamstown.

Department head, Mongane Wally Serote, talks of regional development as an ongoing vital programme, highlighted by regional festivals and celebrations, where art, craft and performance are displayed. The high point will be an annual festival or cultural celebration where all the regional branches will converge on one place - probably Grahamstown. Until then, the regions limp along harnessing the minimal dried weeds, wood-blocks, chisels and resources at their disposal.

Serote's dream is not unreasonable though. The times when distinctions between art and craft, entertainment and education, prevailed, have been eroded over the years as South Africa has integrated the high and low into one vast (multi-) cultural cornucopia.

Long a highly successful formula for local music, this model took hold in the visual arts, with the Tributaries exhibition of 1983 which saw a seminal erosion of the rural-urban, art-craft dichotimies. Today such terms as transitional which emerged in attempts to describe such synthesising cultural activities have hopefully been eradicated from our aesthetic lexicons - as much as the traditional black/white, Western/African, and Euro-/Afro-centric diads have as well.

**BUT THIS IS ALL** just a beginnning. The road to transformation and development is a long one.

And we've still got to get over the hard-core political hurdles. Last week, head of the DAC, Serote, declared that the informal Cultural Codesa had also now reached a stalemate. And the only action available to cultural activists was Mass Action. Negotiation was dead.

The discussions dealing with transformations of state structures such as the performing arts councils had reached a dead end according to Serote owing to a "Baasskap mentality" on the part of the heads of such structures - who were still caught up in the rhetoric of old-style apartheid.

While Serote had not envisaged what form mass action would take, he felt that it would in essence mirror the actions of the political realm.

Serote's position is suddenly unexpectedly tough. In a time of negotiation and relaxation, the artists have taken it upon themselves to individually inhabit and transform formerly taboo venues and structures. The old call of "I'm not gonna play Sun City" was broken by the grand master of exile music, Hugh Masekela.

How the cultural landscape changes! But then cultural workers of this country are finally getting wise. No longer constrained by the immense burdens placed on them by the dominant restrictive social conditions of the day, they have now been able to look beyond pure agit-prop and poetic didacticism to formal freedom and licence - which is not to dismiss the current social concerns, which clearly are no less burdensome.

**BUT FINALLY ART** and culture, buoyed by the influence of the exiles and the new international spirit, are taking a more pragmatic and business-like approach to their work. The flourishing music industry that for so long carried the impassioned message of the people to the outside world, now stands as a viable model for economic upliftment and cultural development.

So, while Fitzroy Ngakana of the PAC perceives the role of culture as providing a positive sense of self, he also sees it as a viable export commodity. Christopher Till looks to developing Johannesburg as the major cultural capital of the continent, with culture providing a major tourist draw. Wally Serote talks of culture as a major social force, healing the division, violence and pain wrought by centuries of social devastation. He also talks of creating job opportunities and a thriving informal sector economy.

Art and culture finally, it seems are not just elitist, sectarian activities any more, relegated to a fanatical fringe, but a vital and integral part of our social and econmic landscape.

While culture continues to flourish, uplift, educate, encourage and enlighten, the time has come for the infrastructures, and the administrative resources to be developed.

WHAT'S THERE TO SAY ABOUT THE
KIKOY cafe
?
12 am till very late
OPPOSITE WESTDENE DAM
CNR. LEWES RD. & MOTOR ST.
TEL. 482-4328 / 482-3410

THE WEEKLY MAIL WINTER JAZZ SEASON
at The Yard of Ale
SUNDAY AUGUST 2
SISONGILE KHUMALO & JENNIFER FERGUSON
Sharing the stage and song
FOR THE FIRST TIME
20h30 - 1 set only
Limited seating. Booking essential - phone 836-6611
Sponsorship performance
Presented in collaboration with the German Embassy.

# plant 'n boom



Uit: Keith Coates Palgrave se *Trees of Southern Africa* (Struik)

**'N BOOM** wat nog nie klaarheid oor sy/haar sekslewe het nie, is die bloupendoring *(Maytenus senegalensis).*

Dié struik of kleinerige doringboompie van drie tot vyf meter hoog, gedy in 'n verskeidenheid van habitats - veral in die oop bosveld, langs riviere en vleie, en dan, natuurlik, in voorstedelike en ander tuine

Die bas is liggrys en glad, die jong lote rooi en die takke deeglik oortrek met reguit, harde dorings van tot 4 cm lank.

Die bloupendoring (Eng: confetti tree) het romerige wit of groenerige wit lekkerruikblomme wat oordadig in digte trosse van ongeveer vier sentimeter in deursnee gedra word (Mei tot Junie, maar soms van Maart tot Desember).

Die geslagte is geskei en kom gewoonlik aan verskillende bome voor, maar - en dit is 'n buitengewone verskynsel vir dié genus - soms aan dieselfde boom.

Miskien is dit dié besluitloosheid wat veroorsaak dat die bloupendoring se blomme net so lank soos die gemiddelde huwelik hou. Die oorvloed van wit blomme hou net 'n rukkie en val nog heel vars en welriekend van die boom af. Dit kan maklik bymekaar gemaak word om 'n volgende bruid se dag te maak.

Die hout is geel-wit, hard, het 'n reguit grein en is duursaam. Die stukke is egter selde groot genoeg om prakties te gebruik. Palgrave sê sommige mense gebruik die harde dorings van dié bome om hul tromvelle oor 'n uitgeholde boomstomp mee te span. As die styfgespande tromvelle en die ritmes wat daaruit voortpols nie wil werk nie, kerf hulle van die bloupendoring se wortel in hul bier om 'n slapende eros so 'n bietjie te laat opstaan.

Maar bloupendoringwortel word nie net gebruik om die slapendes wakker te maak nie. In die Transvaal word die wortel gekook en as pap aangewend om borspyne te verlig. Terselfdertyd word die vloeistof by mieliemeel gegooi om 'n pap vir siek mense te maak. Dit bied ook 'n kuur vir pasiënte wat bloed hoes én as middel teen slangbyt.

Vir slangbyt word die wortel saam met die slang se kop verbrand, olie by die as gegooi om 'n pasta te vorm en dan op die bytplek asook op die pasiënt se tong gesmeer. In sommige gevalle word 'n treksel van die blare ook teen slangbyt gedrink.

Die bloupendoring kan maklik met die gewone pendoring *(Maytenus heterophylla,* subspesie *glauca)* verwar word. Laasgenoemde het egter helderheid wat betref sy/haar seksualiteit: hulle blomme is biseksueel, maar ruik ongelukkig nie so lekker soos dié van die bloupendoring nie. - RYK HATTINGH

Lees: Keith Coates Palgrave se *Trees of Southern Africa* (Struik)

harridans restaurant
at the market, bree street, newtown
SAFE PARKING AVAILABLE

# FYNPROE
## NETTIE PIKEUR

# DIE KUNS OM TE EET
## MET DIEPE WAARDERING AAN MFK FISHER

**GOEIE** kosskrywers is reeds aan die skaars kant, en nou word hul geledere al hoe dunner. In Meimaand verloor ons die geniale Elizabeth David in Engeland. Sy by wie ons almal leer kook het, plus hoe om 'n resep duidelik uiteen te lê, en verlede week hoor ek die hartseer nuus dat MFK Fisher, die Amerikaanse gastronome en skrywer, op 75 jaar in Kalifornië oorlede is.

Mary Fisher se boeke is groot pret. Sy was 'n verhalende kosskrywer, haar essays sterk outobiografies, met resepte hier en daar en baie, baie menings oor hoe dinge behoort te wees en nie is nie. Opinionated was sy. Sy had 'n oog vir kleur en styl, met die vermoë om die geur, tekstuur en smaak van 'n oorryp tamatie te beskryf - hierdie Pikeur sal baie vir so 'n talent betaal, maar dis 'n godsgawe.

MFK is nie by ons goed bekend nie. Amerikaans gebore, 'n nooi Kennedy, woon sy baie van haar jongjare in Frankryk, veral in Provence en in Arles. Sy was verskeie kere getroud, en anders as Elizabeth David, het sy haar daarin verlustig om verhoudings met familie, kinders, mans, minnaars en vyande te beskryf.

Kos en resepte vleg deur haar werk, maar sy was eerstens 'n uitstekende essayis. Haar boeke sluit in *The Art of Eating,* wat uit vyf titels bestaan (een is *How to Cook a Wolf!), With Bold Knife and Fork, As They Were* - 'n boek oor eetplekke en kos-ervarings wat jy snags lees as die see lawaai, talle tydskrif-stukke vir die gedugte *New Yorker,* en ook redigeer sy Brillat-Savarin se *Physiologie du Goût.* A strong sense of time and place had sy.

**SY WAS ALTYD LIEF** vir Kalifornië, en het in haar laaste jare in 'n wonderlike huis gewoon as 'n soort bywoner op haar argitekvriend se werf. Hy het spesiaal vir haar 'n huis op haar voorskrif gebou: twee kamers met boë, 'n gemaklike kombuis en enorme badkamer met Pompei-rooi mure, 'n leunstoel, matte, 'n stort en reusagtige bad, skilderye en Japanse teëls. Klink dit nie wonderlik nie?

Toe Mary Fisher en haar suster klein was, ses en vier, het hulle vir die eerste keer in 'n restaurant geëet. (Dit was 1914, onthou.)

"We behaved nicely, we spoke neither too high nor too low, we sat up straight, we spilled almost non at all, and at the end of the meal my sister said to the waiter: Oh I am sorry to leave all these dishes for you to wash, and a nearly clean napkin too!"

Die kelner het dewy-eyed van bewondering geword...

Dis sulke beskrywings, 'n fenomenale geheue plus weet van skryf, wat haar werk so besonders maak. Sy het ook 'n alfabet van essays geskryf oor kos: A is for dining Alone, B is for Bachelors, G is for Gluttony, en so aan. Vol stoutgeit.

En kon sy 'n storie vertel. In Parys, net na die Russiese Revolusie (sy was oud, man!) het Mary gereeld na die diens in die Russiese kerk op 'n Sondagoggend 'n snapsie wodka en 'n happie kaviaar gaan eet, in die klein restaurantjie agter die kerk waar vlugtelinge saamgekom het.

Die kaviaar was die geperste soort, wat jy soos 'n sny brood eet, swart as jy ryk was, rooi vir die armes. Eendag staan 'n man langs haar by die toonbank, sny kaviaar in die een hand, waterglas wodka in die ander, en sy herken hom: Feodor Chaliapin, wat die oggend in die kerkkoor gesing het. Santé! sê hy, en tot haar oudag onthou Mary hoe die wêreldberoemde basso met haar glasies geklink het en toe verder met die kroegman in Russies gesels het.

Ek moet darem een resep van Mary Fisher gee:

## NIERTJIES ALI-BAB

**SNY 4 SKOONGEMAAKTE** niertjies in skyfies en maak bruin in skuimende botter. Sodra hulle bruin is, vlam met 'n halfglasie brandewyn, en gooi dan net soveel droë sjerrie oor. Voeg by 1 koppie gekapte sampioene, sout en peper, en prut 10 minute.

Voeg dan by 1 koppie suurroom en 1 teelepel peperwortelsous as jy wil. Skep die niertjies oor toast of rys op.

Skink daarby nog 'n glasie sjerrie - op jou Mary, dankie vir al die boeke.

# 'N WINTERREIS DEUR DIE ELLENDE
# GESELSRUBRIEK DEUR FANIE OLIVIER



**NOG** nooit tevore het 'n winterreis deur Suid-Afrika vir my so in the teken gestaan van soveel Ou Testamentiese ellende nie: dis orals droogte (buiten die Kaap die Goeie Hoop om) en hongersnood en pestilensies en oorlog en gerugte van oorlog.

Elke Jan Rap en sy maat saal by wyse van spreke sy perd op en gryp sy geweer, en dié wat nie gewere het nie, gaan steel een oor die naweek of op 'n keer as die burgers van die buurt gaan fliek of sokker kyk. Orals flikker dinge op in mense se oë en oor hulle tonge waar jy dit nooit verwag het nie.

En soos die resessie dieper byt, kom lê die vooroordeel, die wantroue en, uiteindelik, die haat, al hoe nader aan die oppervlak. Word ontvlugting van watter aard ook al, al hoe belangriker.

Ek vind dat mense al hoe minder bereid is om gedagtes rondom die toekoms te wissel en dat idealisme amper nie eens meer bestaan nie. Of dit nou 'n drywer uit Alexandra of 'n dokter aan die Natalse Noordkus is, bly die storie dieselfde. Orals word gesê dat "hulle" verantwoordelik is vir die gemors en dat werklike versoening eintlik nie eens moontlik is nie.

Die spotprente in feitlik al die koerante vertel 'n soortgelyke verhaal: wat gebeur met die gewone man se gemoed en sy lewe terwyl die leiers mekaar met woorde in die rug steek, die buurte brand en baie mense werklik met vrees en bewing gaan slaap en opstaan.

Vir wit Suid-Afrikaners, veral, word die prys van aanpassing blykbaar steeds groter. Goeie vriendskappe en stewige verhoudings wat oor jare met verontregte medeburgers opgebou is, word met een of twee retoriese wendings vernietig. Mense wat 'n paar jaar gelede met oorgawe gepraat het van die nuwe Suid-Afrika en gereed gestaan het om dinge prys te gee, is huiwerig om nou tekens van toewyding te toon.

**DIE MURE OM DIE** huise word hoër, die sekuriteitsuitgawes al hoe meer. 'n Toevallige gesprek met 'n man uit GaRankuwa laat blyk dat mense dáár ook nie sommer na donker die straat op nie.

Teen 'n agtergrond van wantroue, vooroordele en werklike ontnugtering kan 'n mens nouliks verwag dat die implementering van die nuwe onderwysmodel groot aftrek gaan kry. Reeds mompel mense dat dit net 'n kwessie van maande is voordat die wit skole gedwing gaan word om eenvoudig hulle deure oop te gooi.

Eie bestuur en eie karakter, sal met so 'n stap eintlik verdwyn. A school for one is a school for all.

In die spreekkamer van 'n Noord-Natalse dokter raak ons aan die gesels oor die laerskooltjie op die dorp. Hy is een van die min verligtes wat nog oorgebly het in die distrik, verseker hy my.

Hulle parallelmedium-skool staar die krisis vol in die gesig, want die druk raak al hoe groter dat hulle in die toekoms nie toelating van swart skoliere kan beperk nie. Interessant, merk hy op, dat soorgelyke eise nie gestel word aan die Indiërskooltjie nie, hoewel daar net soveel onbesette plekke op die banke is.

Strategies word die situasie vir volgende jaar bekyk. Persoonlik het hy nie soveel probleme met die toelating van 'n klompie swart skoliere nie, maar hy voel jammer vir hulle.

Jammer? wou ek weet. Ja, jong, want hulle word mos nie deur hulle medeskoliere aanvaar nie. Dan leef hulle maar eenkant, en so word vooroordele immers weer bestendig.

Toevallig, want dis vakansieseisoen aan die Noordkus, is daar 'n tiener wat op Rhenish-meisieskool op Stellenbosch is. Dis sommer nonsens, meen sy, want by hulle is daar 'n stewige klompie swart kinders wat deur klasmaats as prefekte en klaskapteins verkies is.

En ironies genoeg is een van hierdie meisie se beste maats 'n Xhosa-spreker, met die naam Zinzi, en dié het amper nog saamgekom op die vakansie ook.

**EK IS GEÏNTERESSEERD** in die Afrikaanse meisie in Rhenish, terwyl daar immers die ewe legendariese Bloemhof op Stellenbosch is.

Nee wat, verseker sy ons, daar is hope Afrikaanssprekers op Rhenish, want hulle verkies die losser styl van die Engelse skool. Blykbaar was daar so 'n groot aantal Afrikaanse standerd sesse vanjaar dat die skoolhoof van Bloemhof probeer verhinder het dat daardie kinders Rhenish toe gaan. (Dis seker 'n storie wat 'n opvolg werd is vir 'n wakker joernalis...)

Een van die redes vir dié "taalbesorgdheid" mag egter suiwer rassisties wees, begin ek verbaas tussen die reëls lees. Want skynbaar is daar soveel "bruin" Stellenbossers wat hulle kinders Bloemhof toe wil stuur, dat daar groot kommer heers dat die skool binne 'n jaar of vier, vyf sy "wit karakter" heeltemal gaan verloor.

En as Bloemhof nie meer blank is nie, bly daar geen heilige koeie meer oor in die Kaap nie. Dan word die Kaap weer Hollands soos Van der Stel dit self gestalte gegee het.

Hiep-hiep-hoera, Suid-Afrika!

# CURRIEBEKER IS 'N MIDDEL TOT 'N DOEL
# SÊ TIM SANDHAM IN DIÉ WEEK SE SPORTRUBRIEK



**NATAL** en Transvaal se gelykop-uitslag in verlede week se Curriebekerstryd is werklik iets besonders. Behalwe dat dit beide spanne se plek in die eindstryd verseker het, het dit ook twyfel uit die weg geruim dat die uitslag met opset gemanipuleer is. Gelykop-uitslae is 'n ongewone ding in rugby. Die skeidsregter, Albert Adams, met sy smorende hantering van die fluitjie het so amper gesorg dat die eindtelling nul-nul was.

Môre speel dieselfde twee spanne weer teen mekaar. Behalwe dié eer, sielkundige voordeel en die spelers se onkoste-tjeks, is daar niks op die spel nie. Dit vestig net weer die aandag op die Curriebeker-formaat - 'n kombinasie van liga- en uitklopkompetisie.

Naas Botha het die afgelope naweek voorgestel dat die Curriebekerreeks voorlopige uitgestel word sodat die Springbokspan 'n paar wedstryde teen provinsiale spanne kan speel. Dis 'n goeie idee. Soos reëlings nou staan, gaan die Bokke die All Blacks en die Wallabies binne 'n week aandurf met niks meer as 'n paar oefen- en drinksessies om spangees te bou nie. Dis 'n slegte idee.

Dit is wel so dat wanneer spelers die Groen en Goud aantrek hul spel 'n rat opskuif. Dit is ook so dat die Springbokspan sonder voorbereidende wedstryde goed afgereken het met die Kavaliers in 1986, maar voorsorg kan nie kwaad doen nie.

Nou is miskien ook 'n goeie tyd om weer eens voor te stel dat die formaat van die Curriebeker na 'n doodgewone liga-kompetisie verander moet word. So sou beide Natal en Transvaal se laaste twee wedstryde sinryk gewees het.

Slegs die spanne wat reeds uit die reeks geskakel is, het hulle spelers laat deelneem aan die toernooi om die studente-wêreldbeker. Dié "tweede" span het glad nie goed gevaar nie. Die afleiding wat gemaak kan word is dat provinsiale rugby voorrang bo internasionale deelname geniet. Sou dit gebeur het dat die toer van die Fira-span uitgebrei was om Suid-Afrika in te sluit, en wedstryde sou bots met die top-spanne se Curriebeker-planne, sou spelers waarskynlik ook verhoed gewees het om nasionale spanne te verteenwoordig.

Dié dae moet vaarwel toegeroep word. Die Curriebeker is slegs 'n middel tot 'n doel wanneer toetsrugby ter sprake is.

**'N GROOT DEEL** van die kritiek wat in dié rubriek teenoor Suid-Afrikaanse sokker uitgespreek is, is verlede week verkeerd bewys. Ons vertoning teen die span van Kameroen was verdienstelik. Die wedstryde moet egter in perspektief gesien word.

Soveel jaar van afsondering op alle vlakke en inteling in die vorm van herhaalde bepalings tussen dieselfde spanne in verskillende kompetisies, is deur die nasionale sokkerspan te bowe gekom.

Die wyse waarop hulle dit gedoen het, het vriend en vyand verras.

Kameroen se spel in Durban het halfhartig voorgekom. Die Suid-Afrikaanse neerlaag in Kaapstad teen nege man is ook rede om versigtig te wees wanneer uitsprake gemaak word oor die vooruitsigte vir SA sokker.

Kameroen is ook lank nie meer die span van Italia '90 nie. In die afgelope jaar en 'n half is hulle 'n 6-1 drag slae deur Noorweë gegee. Selfs Botswana het 'n gelykop uitslag teen hulle behaal.

Daarom is dit ook jammer dat die vriendskaplike wedstryd teen Swaziland van die baan is. Dit sou verder gehelp het om ons relatiewe krag te bepaal.

Augustine Makalakalane het finaal vir die res van Suid-Afrika gewys hoekom hy 'n gereelde plek in FC Zürich volstaan. Dié naweek kry Kaizer Chiefs en Orlando Pirates die geleentheid om te wys hoe voorste Suid-Afrikaanse klubspanne vergelyk teen dié van Brittanje wanneer hulle teen Crystal Palace te staan kom.

Die ontmoetings word beskou as 'n kragmeting tussen ons individuele flair en hulle gedissiplineerde spanwerk. Laat ons hoop dat individuele flair nie as 'n eufemisme vir ongedissiplineerde en selfsugtige spel gebruik word nie.

**DIE SUUR SMAAK** wat die euforie getemper het, is die onvermoë van alle betrokke partye om 'n ooreenkoms te bereik aangaande televisiedekking van die sokkerwedstryde. Selfs dit is 'n ooreenkoms: dat daar GEEN televisiedekking sal wees nie. Die poging om 'n nuus-kameraman by die wedstryd in Kaapstad in te smokkel het die saak nog suurder gemaak. Dis bloot oneties en help om aantygings te bevestig dat die SAUK onbuigsaam was tydens die uitsaai-onderhandelinge.

Die seergemaakte toon waarmee daar aangekondig is dat die kameraman verhoed is om beeldmateriaal te versamel, is 'n laagtepunt in verdraaide waardes. Nadat die SAUK vir M-Net 'n rat voor die oë (of is dit 'n arm agter die rug?) gedraai het met die kaping van die Wêreldbeker-krieketreeks, verkeer hulle onder die indruk dat hulle 'n goddelike reg het om te doen wat hulle wil.

# ELMARI RAUTENBACH SKRYF OOR DIE WEEK SE TV

## SELFS SPELE KRY NOU 'N RASSEKLEUR

**KYK** 'n mens na wat deesdae van die politieke toestand van die land en menseverhoudinge in die algemeen op TV weerspieël word, kom jy tot die slotsom dat dit 'n toestand van totale chaos en verwarring is. Niemand weet wat die ander man se standpunt is nie. Sinryke gesprekvoering is iets van die verlede, so kom dit voor, en eensydigheid weer die norm. (Jy in jou klein hoekie en ek in myn... ) En TV is nie al wat dit beklemtoon nie.

'n Mens kan net die hande saamslaan oor die absolute onnoselheid van 'n verklaring soos Dinsdagaand gemaak deur Piet Theron, algemene bestuurder van sport by die SAUK, dat die Olimpiese Spele nie deur net 'n oorwegend wit gehoor op TV gesien gaan word nie, omdat die SAUK 50 persent van die satellietvoer op TV1 gaan uitsaai en 50 persent op CCV... So of TV1 net vir witmense en CCV net vir swartmense is.

CCV het ook alle rede om kapsie te maak teen dié opmerking. Sedert die omswaai na sy nuwe formaat het die kanaal alles in sy vermoë gedoen om weg te breek van sy beeld as 'n "apartheidskanaal" net vir swart kykers en 'n beeld op te bou van 'n vermaakkanaal vir alle Suid-Afrikaanse smake.

Maar rassisme is die speletjie wat nou in alle kampe gespeel word. Theron het juis geantwoord op Cunningham Ngcukana, sekretaris-generaal van Nactu, se verklaring dat dié vakbond en Mwasa met buitelandse media-vakbonde wil onderhandel om die seine van Barcelona na Suid-Afrika te vermeng sodat die "oorwegend wit TV-gehoor in Suid-Afrika" nie die Spele kan sien nie.

Hierdeur probeer Ngcukana die staking deur Mwasa om hoër lone te beding 'n rassekleur gee, wat nie die punt van die staking is nie. Dis 'n knee jerk-reaksie om nou die witmense te probeer straf.

**DIE ONGEMAKLIKE GEVOEL** dat 'n vertrouenskrisis een van die grootste bydraende faktore is tot die toestand van chaos in die land is deur twee aktualiteits-programme die afgelope twee weke beklemtoon - hoewel nie albei ewe suksesvol nie.

In Maandagaand se *Agenda* is 'n uiters onstellende onderwerp gepak: die toenemende moorde op polisiemanne en die intimidasie van verslaggewers in die townships. Albei is tekens van 'n land wat in anargie verval.

Onrusbarend om die minste te sê, was die ANC-jeugleier Peter Mokaba, ook lid van die ANC se hoofbestuur, se dreigement dat daar teen polisiemanne in die townships opgeruk gaan word, en die PAC-slagkreet "Kill a cop a day" wat onlangs in dié woongebiede begin opklink het. Die oggend vóór die betrokke *Agenda*-program is verslaggewers van die SAUK verwilder toe hulle 'n protesoptog in die middestad van Johannesburg en later by die SAUK se hoofgebou in Aucklandpark wou verfilm. 'n Verslaggewer wat die sokkerwedstryd tussen die Suid-Afrikaners en Kameroen wou uitsaai, is Saterdag met die dood gedreig deur lede van Mwasa as hy met die uitsending sou voortgaan.

Dit is 'n onderwerp waarby enige regdenkende lid van die samelewing 'n belang het, en een wat uitroep om verheldering. Maar wat doen *Agenda*? Hy stuur Eben Engelbrecht uit na 'n paar townships (as dit meer as twee is) om groepe mense met gebalde vuiste af te neem, om in 'n polisiewa te ry en met twee polisiemanne te praat. Daarna word 'n lang en duidelik vooraf beplande onderhoud met die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, genl Johan van der Merwe, gevoer.

Nêrens is ons die geleentheid gegun om te hoor wat die ANC en PAC se verduideliking is vir hulle optrede nie. Nêrens is iemand die geleentheid gegee om die twee organisasies aan te vat oor hulle uitsprake die afgelope tyd oor spesifiek die moorde op polisiemanne nie. Die polisie, wat darem die kans gegun is om te praat, is nie eens uitgevra oor beskuldigings dat hulle lede doodgemaak word omdat hulle "hulle eie mense tydens onluste vermoor het" - aldus Mokaba.

Die hele ou aangeleentheid het op die ou end net een lang, vervelige PR job vir die polisie geword. En wat 'n mens so kwaad maak, is dat jy gedink het uiteindelik het die tyd gekom waarin ons minstens net geregtig is op sulke volledig moontlike inligting - veral waar dit 'n onderwerp raak wat só nou verband hou met die harmonie in 'n gemeenskap.

**OOK THE JOHN BERKS SHOW** verlede Donderdagaand het klem gelê op die verwarring onder Suid-Afrikaners noudat dit lyk of onderhandelinge tot 'n tydelike stilstand gedwing is. Hier was daar minstens 'n paar swart deelnemers in die gehoor om die "ander" standpunt te stel, maar die blote feit dat hulle so min was - en een man het daarop gewys - is bewys genoeg van hoe diep die onvermoë is om mekaar te vertrou of met mekaar te praat. En tog was dit 'n tema dié aand. Soos Rian Malan (*My Traitor's Heart*) gesê het: solank as wat wittes hulle skuld en swartes hulle bloedige revolusie-psigose vertroetel kan ons vergeet om tot 'n vergelyk te kom oor die land se toekoms.

**MAAR PRAAT ALLEEN** gaan niemand iets in die sak bring nie en dit is nie nodig om net op die donker kant van die toekoms te fokus nie. Dit was die boodskap by twee nuuskonferensies in die week, een deur TSS en die ander by M-Net se tulp-omringde kantore in Randburg. (Watter geurige, kleurryke kontras met die bar, grys en blou staalkonstruksie van die SAUK-geboue.)

M-Net het geskiedenis gemaak met die bekendstelling van sy nuwe Delta 9000 Plus-dekodeerder, 'n swart nommer wat 'n koel R795 kos plus die maandelikse intekenfooi van R59,50. Nie net is dié dekodeerder in staat tot stereo-klank deur dit aan jou stereo-klankstel te koppel nie (M-Net wil binnekort van dié eienskap begin gebruik maak met die uitsending van regstreekse musiekkonserte). Die Delta 9000 Plus kan ook satellietvoer ontvang deur aan die ontvanger van só 'n skottel gekoppel te word, en bo alles verbruikersinligting ontvang en oordra na die M-Net-intekenaar se persoonlike rekenaar. State of the art!

TSS het op sy beurt 'n nuwe leuse en effens veranderde formaat bekend gemaak. Met die leuse "Vir die ekstra in die lewe" wil die kanaal 'n diens bied op 'n nie-kommersiële grondslag aan minderheidsgehore. Daarom gaan die kanaal konsentreer op 'n verskeidenheid van programme met die klem op opvoeding en inligting. Gewilde dokumentêre en kinderprogramme wat reeds op TV1 en CCV gesien is, sal op TSS herhaal word. Sport sal die vorm aanneem van sportrubrieke en sport vir die kleiner gehore; kuns en kultuurprogramme sal uit herhalings bestaan of van CNN aangekoop word. Die doelwit is om weg te beweeg van die sogenaamde Euro-sentriese kunste en te begin konsentreer op alle Suid-Afrikaanse kulture. Worldnet en CNN-nuusprogramme sal meer aandag kry. Geborgde programme, soos Clem Sunter se *New Century: Quest for the High Road,* sal aangevra word. (Die besondere program word Dinsdagaand om 9nm uitgesaai.)

Die moontlikheid bestaan dat TSS aan die einde van September 'n klein programbegroting sal kan kry wat hom in staat sal stel om op 'n beperkte grondslag self programme aan te vra en aan te koop van vervaardigers. Die kanaal is nie 'n sportkanaal gemaak nie omdat die SAUK ná 'n ondersoek bevind het 'n volledige, uitgebreide sportkanaal is nie finansieel lewensvatbaar nie.


TSS sal sy inkomste genereer uit borgskappe en lisensiegeld, wat beteken programme word nie deur advertensies onderbreek nie.

Twee hoogtepunte op dié kanaal deesdae is die dokumentêre reeks *Origins* om 7:30nm op 'n Dinsdag. Dié week word gekyk na die teorie dat die mens sy oorsprong gehad het in die suide van Afrika. In *SA Collections* Vrydagaande om 9:30nm word gekyk na beroemde, geskiedkundige huise in Suid-Afrika en hulle versameling kunsskatte en antieke meubels.

## BASIC INSTINCT SONDER KLERE

- DIE fliek Basic Instinct word môreaand by wyse van spreke van sy tooisels gestroop wanneer *The Making of Basic Instinct* om 8:30nm. op M-Net vertoon word.
- The Secret Leopard, 'n bekroonde dokument^ere program oor 'n luiperdwyfie en haar kroos, word Sondagaand om 8nm. op CCV uitgesaai. Die program is in die beroemde Massai Mara-wildreservaat in Kenia deur Richard Matthews geskiet. Peter Egan is die verteller.
- Ook op CCV begin *Elvis and me* Maandagaand om 9nm. met Susan Walters en Dale Midkiff in die rolle van Elvis en Priscilla. Die reeks is gegrond op die ware verhaal van haar lewe saam met Elvis deur Priscilla Beaulieu Presley.


HIER'S VIR JOU 'N T-HEMP




TEEN SLEGS R25 (BTW EN POSGELD INGESLUIT) KAN JY OOK 'N VWB T-HEMP BESIT!

(Laat asseblief drie weke toe vir aflewering)

Stuur vir my ☐ T-hemde @ R25 elk
Grootte ☐ Groot
☐ Ekstra groot

NAAM ..........................................................

ADRES ..........................................................

.......................................................... POSKODE ..............

Stuur aan: VWB T-hemp aanbod: Posbus 177 NEWTOWN 2113



Rosel Zech en k.d. lang in *Salmonberries*

# passie in die koue alaska

**Ná die mislukte *Rosalie Goes Shopping*, het die Duitse regisseur Percy Adlon met 'n magiese nuwe prent vorendag gekom. Hy het *Salmonberries* geskryf toe die Kanadese country-sangeres k.d. lang hom opdrag gegee het om vir haar 'n musiek-video te skiet. Hy het, soos ANDREA VINASSA, verlief geraak op dié vreemdsoortige kunstenaar en 'n draaiboek spesiaal vir haar geskryf**

**PERCY ADLON** se *Salmonberries* is die meesbetowerende prent wat ek vanjaar gesien het. Geen vervelige formules, ou movie-clichés of jaagtogte in Porsche's vir Percy Adlon nie. Want dis geskiet in 'n dorpie in Alaska waar niemand in motors rondry nie.

Ja, *Salmonberries* is 'n ouderwetse prent. Adlon het nie om 'n tafel in 'n Hollywood-ateljee gesit en 'n verhaal met behulp van die statistieke geskryf nie. Hy het die dorpie Kotzebue midde-in die sneeubedekte toendra van Alaska besoek, die Inupiat Eskimo's ontmoet en sy verbeelding vrye teuels gegee.

*Salmonberries* is in elke opsig die teenoorgestelde van 'n prent soos *Basic Instinct*, wat teen Dinsdagoggend reeds meer as R1 miljoen by die loket ingepalm het. *Salmonberries* bou uit op een van die taboe-tema's wat in *Basic Instinct* bloot kielie-waarde het: 'n liefdesverhouding tussen twee vroue. En dit is ook waar die ooreenkomste eindig.

*Salmonberries* is so diepsinnig soos *Basic Instinct* oppervlakkig is. In Adlon se verbeelding word 'n lesbiese verhouding nie bloot aangewend om manlike wellus te prikkel nie, maar om iets oor die liefde te sê.

Die verhaal is 'n eenvoudige, universele een wat handel oor eensaamheid, die moontlikheid van transformasie deur vriendskap, die mens se behoefte om sy oorspronge te verken, geestelike en fisieke uitgewekenheid en die soeke na genesing van die pyn van die verlede. Kotzebue - die heldin het dieselfde naam as die dorpie - is 'n optelkind wat in 'n skoendoos gevind is, en Roswitha is die Duitse bibliotekaresse. Elkeen dra swaar aan 'n geheim wat hulle al twintig jaar lank teister. Hulle is albei vondelinge en hul redding lê opgesluit in hul bereidwilligheid om saam emosionele risiko's te loop.

Naas die persoonlike is daar is 'n subtiele politieke dimensie: Adlon pak die kwessie van etnisiteit ook en sê dat 'n mens se etniese groep nie noodwendig waar jy tuishoort nie, dat geestelike tuistes op vergeleë plekke kan ontstaan.

**SALMONBERRIES IS** 'n unieke, beeldskone prent, maar dit is die teenwoordigheid van die adrogene k.d. lang en die klank van haar buitengewone stem wat dit heeltemal onvergeetlik maak. k.d. lang is op die Kanadese platteland gebore waar sy as 10-jarige kind haar eerste kitaar gekry het en haar eerste lirieke begin skryf het. Haar eerste langspeelplaat, *A Truly Western Experience*, het aanleiding gegee tot haar eie orkes en in 1990 het sy 'n Grammy vir haar liedjie *Down to My Last Cigarette*, en die duet saam met Roy Orbison, *Crying*, gewen. Sy is ook aangewys as die Kanadese Kunstenaar van die Dekade. Haar ander plate is *Shadowland* en *Absolute Torch & Twang*. Sy het *Salmonberries* se tema-liedjie gekomponeer en dit is haar stem op die klankbaan.

Die ontwikkeling van karakter wat Adlon deur die loop van die prent te weeg bring, hou 'n mens in jou stoel vasgenael. Die karakter Kotz is aanvanklik aggressief, stug, geslote, maar namate die verhaal ontvou, blom sy. Dit klink miskien corny om van die transformerende krag van die liefde te praat, maar dis presies wat met Kotz gebeur.

Dié soeke na die vreemdsoortige en die aangrypende, is 'n kenmerk van Adlon se werk. Hy het byvoorbeeld vir Marianne Sägebrecht ontdek en haar deur middel van drie rolprente - *Sugarbaby, Bagdad Café* en *Rosalie Goes Shopping* - in 'n rolprentster van formaat laat ontwikkel.

Teenoor k.d. lang speel 'n veteraan van Fassbinder se prente. Die blonde Roswitha word skitterend vertolk deur Rosel Zech van *Veronika Voss*-faam.

Adlon se styl is juis gegrond op die kontrastering van onversoenbere onderdele. Die manipulering van die film met kleur en besonderse redigeringstegnieke verleen 'n kunsmatigheid daaraan, maar in dié geval werk dit visueel en op 'n diepsinnige vlak omdat hy 'n integrasie tussen vorm en inhoud bewerkstellig het. Terwyl die truuks verlore gegaan het in 'n prent soos *Rosalie Goes Shopping*, werk die vervreemdingstegnieke in *Salmonberries*, juis omdat dit die tema onderskraag.

Soos die karakters met moeite uit hul vervreemding gedwing word, en soos hulle versoen raak met hul verlede, verander die yskoue bloue en groene na warm pienk en geel.

(Salmonberries is oranje piekbessies wat net in die Noordpool aangetref word. Hulle bevat twee keer soveel vitamien C as lemoene en wanneer hulle gepreserveer word, ondergaan die suiker 'n gissingsproses. Daarom word hulle ook "Passiebessies" genoem.)

# wie's nou lus vir só 'n lucia?

Truk se aanbieding van *Lucia di Lammermoor* laat HENNING VILJOEN verlang



Alexandrina Pendachantska as Lucia

**TRUK** se aanbieding van *Lucia di Lammermoor* het nie die dramatiese eienskappe van dié opera in die regie en musiek ontgin nie. Andrew Botha se Wieland Wagneriaanse ontwerpe, Neels Hansen se gestileerde hantering van die koor asof dit eerder Parsifal moet wees, en die gebrek aan sinvolle persoonsregie het nie meegehelp om die dramatiese gebeure sinryk te laat ontvou nie.

Die Amerikaanse resensent Schonberg het op 'n keer gesê Donizetti se operas moet nie met grootse konsepte benader word nie, want daar is 'n natuurlikheid in dié werke so onopgesmuk soos 'n bord spaghetti. Dié natuurlikheid het in die groot dimensies van die dekor en die gestileerde hantering van die koor heeltemal verlore gegaan.

Musikaal het Carlo Franci ook nie gehelp om die opera se dramatiese vlam te laat ontbrand nie. Sy oordrewe vinnig tempo sou meer gepas wees vir *Don Pasquale* as vir *Lucia*. Dit is net op die ou agt-en-sewentigplate met Gigli en de Luca dat ek die sekstet al só vinnig gehoor het ... en toe het ek gemeen dit was om die hele sekstet op één kant van 'n plaat te kry.

Die opera *Lucia* staan en val in groot mate by die vertolking van die titelrol. Alexandrina Pendachantska het as Lucia nie aan die verwagtings voldoen ná haar verbysterende vertolking van die waansinsaria toe sy die Unisa Internasionale Sangkompetisie in 1990 gewen het nie. Met haar oordrewe selfkoesterende sang en ingetoë spel was sy 'n ietwat bloedlose karakter. Het sy maar net 'n kwart van die bloed op haar rok in haar vertolking gehad, dan was dit 'n vertolking van 'n ander kleur.

Die Debuutoptrede van Hanli Stapela as Lucia was daarenteen baie meer oortuigend binne die beperkings van Hansen se regie. Sy het ten minste 'n karakter geskep waarin 'n mens kon glo en vokaal die rol dramaties ingeklee. Wat 'n wonderlike sanger in eie midde!

Die sang en spel van Vicente Ombuena as Edgardo was 'n glanspunt. Met 'n sterk geprojekteerde liriese stem en natuurlike spel het hy soos 'n vitamine-inspuiting gewerk in dié andersins futlose aanbieding. Hoekom die uitgesingde Luigi de Corato vir die rol van Enrico ingevoer moes word, terwyl die dienste van Evgeni Demerdjiev beskikbaar was (ongelukkig net vir een aand) sal net Truk weet. Jannie Moolman - 'n Edgardo in wording - het uitstekend gesing as Arturo en Hanre Lass was haar betroubare musikale self as Alisa.

Wat het van Truk se koorklank geword? Die hele tyd wou ek net die stereo-knoppie druk om die eendimensionale monoklank te vervang deur 'n helder goed geprojekteerde klank. Vir so baie mense op die verhoog was die klank maar baie yl en dun.

Nee wat, dié nuwe produksie het my baie laat verlang na die opwinding van die vorige produksie met Nellie du Toit, Ge Korsten en Lawrence Folley. Kan 'n mens ooit die opvoering vergeet toe die sekstet herhaal moes word ná die frenetiese applous op die openingsaand in Johannesburg? Opwinding is wat die nuwe produksie gekort het.

# net 'n stewige stok dissiplineer NO

Por die regte dirigent nie die NO se orkeslede aan nie, skryf HENNING VILJOEN, sink hulle maklik weg in die musikale modder

**'N OPVALLENDE** kenmerk van die eerste twee simfonieseisoene van die "nuwe" Nasionale Orkes is die uiters vindingryke programsamestellings van die onderskeie konserte. Buiten dat op die simfoniese werke van bepaalde komponiste soos Mendelssohn en Dvorak gekonsentreer is, was daar ook konserte wat spesifiek om Franse of Russiese komponiste gewentel het.

Daar was ook 'n gawe mengsel van bekende lokettreffers, sowel as fassinerende minder bekende werke soos die Nigeriese komponis Samuel Akpabot se "Drie Nigeriese Danse", die Amerikaanse Neger William Grant Still se "Afro-Amerikaanse Simfonie", asook Anatol Liadov se "Agt Russiese Volksliedjies" en Darius Milhaud se "La Creation du Monde". Is daar nie Suid-Afrikaanse werke wat uitvoering regverdig nie?

Die tweede seisoen het die indrukke van die eerste seisoen bevestig: dat die Nasionale Simfonie Orkes taamlik temperamenteel is en dat hulle spel baie afhang van die musikale dissipline wat die dirigent oor hulle uitoefen. In die twee konserte gedirigeer deur Gabor Ötvös het die orkes in dieselfde musikale modderpoele rondgeplas as wat hulle met David Tidboald in die eerste seisoen gedoen het. Die uitvoering van Haydn se Simfonie No 92 en Mendelssohn se wonderlike Vierde Simfonie is gekenmerk deur totaal futlose spel sonder enige musikale sprankel.

Dvorak se Sesde Simfonie het ontaard in 'n musikale poespas, waarin niks van die pragtige volksaard van die werk tereg gekom het nie. Ek sal g'n traan stort nie by die afskeid van die dirigent wie se musikale ego te dikwels tussen hom en 'n werk inskuif om die werk te vernietig.

Soos Wolfgang Scheidt in die eerste seisoen, het Louis Lane die orkeslede uit hul middelmatigheid geruk in die tweede. Dvorak se Agste Simfonie en Franck se Simfonie in D mineur het onder Lane se hande heerlike musikale belewenisse geword, afgesien van al die kleiner lekkernye wat hy opgedis het met die werke van Gershwin, Akpobat, Still, Berlioz en Milhaud. Dit was 'n welkome terugkeer van die voormalige hoofdirigent van die eertydse SAUK Simfonie-orkes.

**IN DIE VIER** konserte wat Lane gedirigeer het, was daar ook twee uitsonderlike soliste. Die Hungaarse pianis Jenö Jando het met sy uitstekende tegniese finesse en musikale aanvoeling nuwe lewe geblaas in Dvorak se andersins bloedlose Klavierkonsert. Wolgang Laufer het 'n elegante en afgeronde vertolking gelewer van Saint-Saens se Eerste Tjellokonsert. Ek is minder beïndruk deur Boris Berman se eendimensionale en geroetineerde weergawe van Brahms se Tweede Klavierkonsert.

Die Hongaarse dirigent Peter Erös het die orkes miskien nie tot dieselfde musikale hoogtes gelei as Lane nie, maar Dvorak se Negende Simfonie en Sjostakowitsj se Tiende Simfonie het verdienstelike vertolkings onder sy stok beleef. Die hoogtepunte in sy drie konserte was egter die nuwe hoofhoringspeler, Shamil Loutfrakmanov, se pragtige liries deurdrenkte vertolking van Richard Strauss se Eerste Horingkonsert. Die Italiaan Fransesco Cipoletta, wat derde gekom het in Unisa se Internasionale Klavierwedstryd in 1988, het 'n baie opwindende en idiomatiese vertolking van Chopin se Tweede Klavierkonsert gelewer. Ek was minder gelukkig met Surendran Reddy se bias vertolking van Prokofief se grootse Derde Klavierkonsert - sy oorwegend liriese benadering was tandeloos en het die dramatiese byt van die werk totaal verlore laat gaan.

Waar Richard Cock en die SAUK-koor in die verlede altyd gesorg het vir die musikale hoogtepunt van 'n seisoen, is dit seker deur my eie musikale vooroordeel dat ek nie die uitvoering van Elgar se selfkoesterende en uiters vervelige "The Dream of Gerontius" geniet het nie. Regdeur die "lááánngg" aand het ek aan 'n tiental ander werke gedink wat al dié musikale inspanning meer sou regverdig - byvoorbeeld Berlioz se "Verdoeming van Faust", Mendelssohn se "Paulus" of selfs Brahms se "Duitse Requiem" wat ons jare laas gehoor het. Te oordeel na die lam applous van die gehoor was daar meer mense wat soos ek gevoel het.


# MARKET THEATRE

**MARKET THEATRE**
832 1641

JOHN KANI, SEAN TAYLOR IN ATHOL FUGARD'S
Athol Fugard's PLAYLAND
Mon - Fri 8.00pm
Sat 6.00pm & 9.00pm

**LAAGER THEATRE**
832 1641

ALL THE RAGE
By Janine Denison
Directed by Sandra Prinsloo
*A Play about the "Survival of the thinnest"*
Starring André Odendaal, Janine Denison, Val Donald-Bell, Irene Stephanou, Marius Meyer
17 July - 29 August
Mon - Fri 8.15 pm
Sat 6.15 pm & 9.15 pm

**UPSTAIRS THEATRE**
832 1641

DEATH AND THE MAIDEN
Directed by Barney Simon
Starring Terry Norton, Ramolao Makhene, Robert Whitehead
*"VENGEANCE ...RECONCILIATION ...FORGIVENESS ...A GREAT POLITICAL THRILLER"*
Mon - Fri 8.15pm
Sat 6.15pm & 9.15pm

**KIPPIES**
7 July - 26 July
BABES MBAU
(WEEKDAYS R10)
DOROTHY MASUKA
(WEEKENDS R12)

**FLEAMARKET**
Spend your Saturdays at the original Johannesburg Flea Market where you can enjoy live entertainment while you browse bargain hunt in our unusual selection of stores.

